

DIE RAPPORTERING EN SANKSIONERING VAN POLISIE
BRUTALITEIT IN SUID-AFRIKA

DEUR

RENALDI INGRAM

28286228

INGEDIEN TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD MAGISTER LEGUM

REGSFAKULTEIT
DEPARTEMENT: PROSESREG
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIE LEIER: PROF A. VAN DER MERWE

2013

DECLARATION OF ORIGINALITY
UNIVERSITY OF PRETORIA

The Department of LAW places great emphasis upon integrity and ethical conduct in the preparation of all written work submitted for academic evaluation.

While academic staff teach you about referencing techniques and how to avoid plagiarism, you too have a responsibility in this regard. If you are at any stage uncertain as to what is required, you should speak to your lecturer before any written work is submitted.

You are guilty of plagiarism if you copy something from another author's work (eg a book, an article or a website) without acknowledging the source and pass it off as your own. In effect you are stealing something that belongs to someone else. This is not only the case when you copy work word-for-word (verbatim), but also when you submit someone else's work in a slightly altered form (paraphrase) or use a line of argument without acknowledging it. You are not allowed to use work previously produced by another student. You are also not allowed to let anybody copy your work with the intention of passing it off as his/her work.

Students who commit plagiarism will not be given any credit for plagiarised work. The matter may also be referred to the Disciplinary Committee (Students) for a ruling. Plagiarism is regarded as a serious contravention of the University's rules and can lead to expulsion from the University.

The declaration which follows must accompany all written work submitted while you are a student of the Department of LAW No written work will be accepted unless the declaration has been completed and attached.

Full names of student: RENALDI INGRAM

Student number: 28286228

Topic of work: DIE RAPPORTERING EN SANKSIONERING VAN POLISIE BRUTALITEIT IN SUID-AFRIKA

Declaration

1. I understand what plagiarism is and am aware of the University's policy in this regard.
2. I declare that this DISSERTATION (eg essay, report, project, assignment, dissertation, thesis, etc) is my own original work. Where other people's work has been used (either from a printed source, Internet or any other source), this has been properly acknowledged and referenced in accordance with departmental requirements.
3. I have not used work previously produced by another student or any other person to hand in as my own.
4. I have not allowed, and will not allow, anyone to copy my work with the intention of passing it off as his or her own work.

SIGNATURE

VOORWOORD

Hierdie studie is geïnspireer deur die onkunde van die publiek van Suid-Afrika oor die aard en erns van polisie brutaliteit, asook die gebrek aan kennis van slagoffers oor gepaste remedies tot hul beskikking. Vir baie jare is polisie brutaliteit onder die mat ingevee, maar deesdae word polisie brutaliteit, danksy tegnologie en media, onder die aandag van die publiek gebring. Hierdie studie gaan 'n stap verder en stel die rapportering en sanksionerings prosesse van polisie brutaliteit aan die publiek bekend.

Die skrywer wil van die geleentheid gebruik maak om sommige mense te bedank vir hulle ondersteuning, bemoediging en bystand gedurende hierdie studie. Aan my Hemelse Vader, dankie vir die talent en vermoë om te kan studeer, dankie vir U genade en krag wat inwerking getree het toe ek swak was. Aan my gesin, dankie dat julle tyd saam met my opgeoffer het, dat julle my bemoedig het toe ek moedeloos geraak het en my ondersteun het. Aan Professor Annette van der Merwe, dankie vir Prof se geduld met my, dankie vir Prof se ondersteuning, bemoediging en bystand tydens hierdie studie, dit word opreg waardeer. Laastens, aan Landdros Ilne Stander, dankie vir u ondersteuning en aansporing, dankie dat u tyd afgestaan het om my werk te hersien.

***“NIE DEUR MAG OF KRAG NIE, MAAR DEUR MY GEES, SÊ DIE HERE, DIE
ALMAGTIGE” SAGARIA 4:6***

MARTELING

Die vrees in my wese,
die wilde kyk in u oë,
waar het u geleer om in geweld te glo?

Die elektriese skokke deur my hart,
met elke skok net meer pyn en smart,
die pyn so ondraaglik en seer,
wat kan ek doen of sê om u te keer?

“EK HET DIT NIE GEDOEN NIE”
bewe die woorde oor my lippe,
maar u oë en hart so hard soos klippe.

Met elke draai van die skerpmaker,
net nog ‘n teken van geen genade,
met elke draai van die skerpmaker,
net nog meer fisiese en sielkundige skade.

Die genot in u skaterlag.
die misbruik van u onverdiende mag,
wat het ek gedoen om u haat te verdien,
Meneer, wil u nie maar my onskuld sien?

“EK HET DIT NIE GEDOEN NIE”
poog ek vir die laaste keer,
my naak liggaam op die stoel al so seer.

My hartklop word stiller,
my beweging al minder,
ek veg teen die lig
en verlaat hierdie wêreld met een laaste sug.

DEUR: RENALDI INGRAM

OPSOMMING

Polisie brutaliteit bestaan al vir solank as wat die polisie self bestaan. Insidente van polisie brutaliteit kan gekenmerk word aan geweld, die misbruik van mag en marteling. Hierdie studie het ten doel om die verskeie vorme van polisie brutaliteit te identifiseer en om ondersoek in te stel na die redes vir die gewelddadige optredes van polisielede teenoor die publiek. Verskeie sanksionerings prosedures, te wete: interne dissiplinêre stappe, strafregtelike vervolging van polisielede, asook sivilregtelike verrigtinge ten aansien van skadevergoeding en staatskompensasie aan slagoffers, word ondersoek. Die studie het nie net ten doel om die aard en erns van polisie brutaliteit en sanksionerings prosedures te openbaar nie, maar ook om moontlike oplossings vir die bekamping van polisie brutaliteit te vind.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: KONTEKS VAN POLISIE BRUTALITEIT

1.1. INLEIDING.....	2
1.2. KONTEKS VAN DIE STUDIE.....	2
1.2.1. Historiese opmerkings en redes vir polisie brutaliteit.....	2
1.2.1.1. Polisie brutaliteit voor die Grondwet.....	3
1.2.1.2. Polisie brutaliteit na die Grondwet.....	4
1.2.2. Die erns van polisie brutaliteit.....	5
1.2.2.1. Voorbeelde en vorme van polisie brutaliteit.....	7
1.2.2.1.1. Moord.....	8
1.2.2.1.1.1. Moord gedurende arrestasie.....	9
1.2.2.1.1.2. Moord gedurende ondervraging.....	9
1.2.2.1.1.3. Moord gedurende aanhouding.....	10
1.2.2.1.1.4. Moord tydens openbare optogte.....	11
1.2.2.1.2. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer.....	12
1.2.2.1.2.1. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende arrestasie.....	12
1.2.2.1.2.2. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende ondervraging.....	13
1.2.2.1.2.3. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende aanhouding.....	13
1.2.2.1.3. Verkragting.....	14
1.2.2.1.3.1. Verkragting van verhoorafwagtendes in aanhouding.....	14
1.2.2.1.3.2. Verkragting van die algemene publiek.....	15
1.2.3. Gevolge van polisie brutaliteit.....	15
1.2.3.1. Sielkundige effek.....	16
1.2.3.2. Hofsake.....	16
1.2.3.3. Media aandag.....	16
1.3. DEFINISIE VAN POLISIE BRUTALITEIT.....	17
1.4. DOEL VAN DIE STUDIE.....	18

1.5. METODIEK.....	19
1.5.1. Navorsingsprobleme.....	19
1.5.2. Hipotese.....	19
1.5.3. Metodologie.....	20
1.6. STRUKTUUR.....	21

HOOFSTUK 2: REGSRAAMWERK

2.1. INLEIDING.....	24
2.2. DIE GRONDWET.....	24
2.2.1. Algemeen.....	24
2.2.2. Artikel 35(5) van die Grondwet en die uitsluiting van getuienis.....	27
2.2.2.1. Die Invloed van die Grondwet op die ou Engelse reël: “The fruit of the Poisonous tree” met inagneming van S v <i>Mthembu</i>	29
2.3. DIE GEMENEREG.....	31
2.3.1. Gemeenregtelike misdade waaraan lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens hulself skuldig maak en regverdigingsgronde daarvoor.....	31
2.4. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN BELEIDSDOKUMENTE WAT TEN DOEL HET OM POLISIE BRUTALITEIT AAN TE SPREEK EN TE BEKAMP.....	34
2.4.1. Die Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 32 van 2007.....	34
2.4.2. Die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.....	38
2.4.2.1. Die gebruik van geweld tydens arrestasie.....	39
2.4.2.2. Polisie brutaliteit en die toelaatbaarheid van erkennings en bekentenisse.....	43
2.4.2.2.1. Die toelaatbaarheid van erkennings.....	45
2.4.2.2.2. Die toelaatbaarheid van bekentenisse.....	46
2.4.3. Die Wet op die Reguleering van Byeenkomste, Wet 205 van 1993.....	48
2.4.4. Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens Wet, Wet 68 van 1995.....	49
2.4.5. Beleid op die Voorkoming van Marteling en die Behandeling van Persone in Aanhouding in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.....	50

2.5. INTERNASIONALE INSTRUMENTE.....	51
2.5.1. Algemeen.....	51
2.5.2. Die Menseregte Handves.....	51
2.5.3. Die VN Konvensie.....	53
2.6. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	55

HOOFSTUK 3: DIE RAPPORTERING, ONDERSOEK EN INTERNE

PROSEDURES TEN AANSIEN VAN POLISIE BRUTALITEIT:

'N NASIONALE EN INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

3.1. INLEIDING.....	58
3.2. 'N NASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING.....	59
3.2.1 Organe wat verantwoordelik is vir die ontvangs en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit.....	60
3.2.1.1. Die Onafhanklike Klagte Direktooraat.....	60
3.2.1.2. Die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direktooraat.....	62
3.2.1.3. 'n Vergelyking tussen die Onafhanklike Klagte Direktooraat en die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direktooraat.	64
3.3. DISSIPLINÊRE PROSES EN SANKSIES IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS.....	65
3.3.1. Algemeen.....	65
3.3.2. Stappe in die dissiplinêre verhoor.....	66
3.3.2.1. Die pleging van wangedrag.....	66
3.3.2.2. Onderzoek.....	67
3.3.2.3. Dissiplinêre verhoor.....	67
3.3.3. Dissiplinêre sanksies.....	69
3.3.3.1. Waarskuwings en oorplasing.....	69
3.3.3.2. Afgradering in rang.....	70
3.3.3.3. Skorsing.....	70
3.3.3.4. Ontslag.	71
3.4. 'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING EN INTERNE PROSEDURES.....	71
3.4.1. Algemeen.....	71

3.4.2. Organe en liggame verantwoordelik vir die rapportering en ondersoek na polisie brutaliteit in ander internasionale jurisdiksies.....	72
3.4.2.1. Quebec, Kanada.....	73
3.4.2.2. Queensland, Australië.....	74
3.4.2.3. New York City, New York, Amerika.....	75
3.4.3. Dissiplinêre proses en sanksies in ander internasionale jurisdiksies.....	76
3.4.3.1. Quebec, Kanada.....	76
3.4.3.2. Queensland, Australië.....	77
3.4.3.3. New York City, New York, Amerika.....	78
3.4.4. 'n Vergelyking tussen Suid-Afrika en ander internasionale jurisdiksies.....	78
3.4.4.1. Suid-Afrika en Quebec, Kanada.....	78
3.4.4.2. Suid-Afrika en Queensland, Australië.....	79
3.4.4.3. Suid-Afrika en New York City, New York, Amerika.....	79
3.4.5. Lesse uit ander internasionel jurisdiksies: opsomming en aanbevelings.....	80
3.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	82

HOOFSTUK 4: STRAFREGTELIKE VERVOLGING EN DIE KRIMINALISERING VAN MARTELING

4.1. INLEIDING.....	84
4.2. DIE STRAFREGTELIKE VERVOLGING VAN LEDE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE POLISIE DIENS.....	85
4.2.1. Algemeen.....	85
4.2.2. Die diskresie om te vervolg.....	85
4.2.3. Vonnisopleging.....	88
4.2.3.1. Algemeen.....	88
4.2.3.2. Vonnis ten aansien van aanranding en aanrading met die opset om ernstig te beseer.....	90
4.2.3.3. Vonnis ten aansien van verkragting.....	93
4.2.3.4. Vonnis ten aansien van moord.....	95
4.3. MARTELING AS MISDAAD.....	99
4.3.1. Algemeen.....	99

4.3.2. Verpligtinge wat die VN Konvensie op Suid-Afrika plaas met betrekking tot die kriminaliseering van marteling.....	100
4.3.3. Die Martelingswet.....	101
4.3.3.1. Algemeen.....	101
4.3.3.2. Die doel van die Martelingswet.....	102
4.3.3.3. Komponente van die Martelingswet.....	102
4.3.3.3.1. Marteling as misdaad.....	103
4.3.3.3.2. Misdrywe en straf.	104
4.3.3.3.3. Faktore ten aansien van vonnis.....	107
4.3.3.3.4. Die voordele van die Martelingswet.....	109
4.3.3.3.5. Leemtes en aanbevelings met betrekking tot die Martelingswet.....	109
4.3.4. 'n Vergelyking van marteling met ander regserkende misdrywe.....	112
4.3.4.1. Algemeen.....	112
4.3.4.2. Marteling in vergelyking met aanranding.....	113
4.3.4.3. Die vergelyking van marteling en aanranding met die opset om ernstig te beseer.....	116
4.3.4.4. Marteling in vergelyking met seksuele aanranding.....	118
4.4. DIE VERDUBBELING VAN SKULDIGBEVINDINGS EN SAMEVOEGING VAN MISDADE.....	119
4.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	120

HOOFSTUK 5: SIVIELEREGTELIKE SKADEVERGOEDING EN STAATSKOMPENSASIE

5.1. INLEIDING.....	124
5.2. DIE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE MINISTER EN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS.....	124
5.3. KENNISGEWING VAN VOORNEME OM AKSIE IN TE STEL TEEN SEKERE STAATORGANE.....	126
5.4. SKADE VERHAALBAAR VAN DIE MINISTER.....	127
5.4.1. Algemeen.....	127
5.4.2. Vermoënskade en nie-vermoënskade.....	128
5.4.2.1. Vermoënskade.....	128
5.4.2.2. Nie-vermoënskade.....	130
5.4.3. Quantum ten aansien van vermoënskade en nie-vermoënskade.....	133
5.4.3.1. Algemeen.....	133

5.4.3.2. Quantum in verband met vermoënskade	133
5.4.3.3. Quantum in verband met nie-vermoënskade.....	135
5.4.4. Regspraak ten aansien van vermoënskade en nie-vermoënskade.....	136
5.4.5. Die “Once and for all” reël.	139
5.5. SLAGOFFERBEMAGTIGINGSPROGRAM EN STAATS KOMPENSASIE FONDS.....	140
5.6. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	144

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1. GEVOLGTREKKINGS.....	146
6.1.1. Konteks van polisie brutaliteit.....	146
6.1.2. Regsraamwerk.....	147
6.1.3. Die rapportering, ondersoek en interne prosedure van polisie brutaliteit: ‘n nasionale en internasionale perspektief.....	148
6.1.4. Strafregtelike vervolging en marteling as misdaad.....	149
6.1.5. Sivilregtelike skadevergoeding en staatskompensasie.....	151
6.2. AANBEVELINGS.....	151
6.2.1. Die opleiding van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.....	152
6.2.2. Die rapportering en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit.....	152
6.2.3. Die interne sanksionering van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.....	153
6.2.4. Voorgestelde wysigings aan die Martelingswet.	153
6.2.5. Skadevergoeding en staatskompensasie aan slagoffers van polisie brutaliteit.....	154
6.2.6. Algemene oplossings vir die bekamping van polisie brutaliteit.....	155

BRONNELYS

1. WETGEWING.....	157
1.1. Suid-Afrikaanse Wetgewing.....	157
1.2. Konvensies.....	158
1.3. Wetsontwerp.....	158
1.4. Reëls en Regulasies.	158
1.5. Internasionale Wetgewing.....	158
2. HOFSAKE.....	158
2.1. Suid-Afrikaanse gerapporteerde hofsake.....	158
2.2. Suid-Afrikaanse ongerapporteerde hofsake.....	164
2.3. Internasionale Hofsake.....	165
3. TESISSE.....	165
4. ARTIKELS.....	165
5. BOEKE.....	167
6. INTERNET.....	168
7. ANDER BRONNE.....	175
7.1. Koerantberigte.....	175
7.2. Notas.....	175
7.3. Media.....	175
7.4. Persoonlike Kommunikasie.....	175

AFKORTINGS

CCRB -	Complaint Review Board
CJC -	Criminal Justice Commission
DIE WET -	Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens Wet
DOV -	Direkteur van Openbare Vervolging
GRONDWET -	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
IPID WET -	Independent Police Investigation Directorate Act
KENNISGEWING WET -	Kennisgewing van Voorneme om Aksie in te stel teen sekere Staatsorgane
KOMITEE -	Etiese Komitee
KOMMISSARIS -	Etiese Kommissaris
KOMMISSIE -	Kommissie vir Konstitusionele Ontwikkeling
MENSEREGTE HANDVES -	Afrika Menseregte Handves
MINISTER -	Minister van Veiligheid en Sekuriteit
NYPD -	New York Police Department
OKD -	Onafhanklike Klagte Direkoraat
OPOD -	Onafhanklike Polisie Ondersoek Direkoraat
SAPD -	Suid-Afrikaanse Polisie Diens
VEP -	Victim Empowerment Program

VN KONVENSIE -

United Nations Convention Against
Torture and Other Cruel,
Inhuman or Degrading Treatment or
Punishment

VSA -

Verenigde State van Amerika

WET OP SEKSUELE MISDRYWE -

Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele
Misdrywe en Verwante
Aangeleenthede)

HOOFSTUK 1: KONTEKS VAN POLISIE BRUTALITEIT

1.1. INLEIDING

1.2. KONTEKS VAN DIE STUDIE

1.2.1. Historiese opmerkings en redes vir polisie brutaliteit.

1.2.1.1. Polisie brutaliteit voor die Grondwet.

1.2.1.2. Polisie brutaliteit na die Grondwet.

1.2.2. Die erns van polisie brutaliteit.

1.2.2.1. Voorbeelde en vorme van polisie brutaliteit.

1.2.2.1.1. Moord.

1.2.2.1.1.1. Moord gedurende arrestasie.

1.2.2.1.1.2. Moord gedurende ondervraging.

1.2.2.1.1.3. Moord gedurende aanhouding.

1.2.2.1.1.4. Moord tydens openbare optogte.

1.2.2.1.2. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer.

1.2.2.1.2.1. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende arrestasie.

1.2.2.1.2.2. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende ondervraging.

1.2.2.1.2.3. Aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende aanhouding.

1.2.2.1.3. Verkragting.

1.2.2.1.3.1. Verkragting van verhoorafwagendes in aanhouding.

1.2.2.1.3.2. Verkragting van die algemene publiek.

1.2.3. Gevolge van polisie brutaliteit.

1.2.3.1. Sielkundige effek.

1.2.3.2. Hofsake.

1.2.3.3. Media aandag.

1.3. DEFINISIE VAN POLISIE BRUTALITEIT

1.4. DOEL VAN DIE STUDIE

1.5. METODIEK

1.5.1. Navorsingsprobleme.

1.5.2. Hipotese.

1.5.3. Metodologie.

1.6. STRUKTUUR

1.1. INLEIDING

Polisie brutaliteit is 'n ernstige probleem in Suid-Afrika en bestaan al vir solank as wat die polisie self bestaan.¹ Verskeie faktore speel 'n rol in die probleem wat Suid-Afrika vandag ondervind, onder andere, die apartheidsera wat 'n militaristiese denkwysse by lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (hierna "die SAPD" genoem) geskep het. Verder bestaan daar ondoeltreffende rapporterings- en ondersoekstelsels ten aansien van klagtes van polisie brutaliteit wat meebring dat die skuldiges nie vervolgd word nie en polisie brutaliteit net weer herhaal word. Ander faktore wat bydra to brutaliteit is te vinde in die gebrek aan doeltreffende opleiding ten aansien van die gebruik van geweld asook 'n gebrek aan transformerende opleiding.²

1.2. KONTEKS VAN DIE STUDIE

1.2.1. HISTORIESE OPMERKINGS EN REDES VIR POLISIE BRUTALITEIT

Polisie brutaliteit is nie net 'n nasionale probleem nie, lande regoor die wêreld ervaar dieselfde probleem.³ In Suid-Afrika word die inwerkingtrede van die 1996

¹ A. Boyer 'Examples of police brutality' by http://www.ehow.com/facts_5247459-examples-police-brutality.html (besoek: 19/10/2012).

² Opleiding moet die denkwysse van die SAPD aanspreek en dit transformeer van 'n militaristiese denkwysse na 'n denkwysse van respek vir menseregte.

³ BBC news US & Canada 'Rodney King death ruled accidental drowning' by <http://www.bbc.co.uk/news/world-us-canada-19362561> (besoek: 23/08/2012) Rodney King was in 1991 gearrester, die arresterende polisie het hom so geslaan dat hy breinskade opgedoen het, die insident van polisie brutaliteit het veroorsaak dat onluste uitbreek het, 50 mense is daarin dood.

Grondwet (hierna “die Grondwet” genoem) gesien as ‘n waterskeiding ten aansien van die agtergrond waarteen polisie brutaliteit bestudeer en beskryf kan word. Derhalwe bestaan daar twee tydsraamwerke waarbinne brutaliteit ontleed kan word, naamlik die tydperk voor die Grondwet en daarna. In die tydperk voor die Grondwet kan polisie brutaliteit blameer word op apartheid waar die SAPD brutaal opgetree het teenoor lede van die publiek as gevolg van rassisme en politieke oortuigings. Aan die ander kant kan brutaliteit bestudeer word na die inwerkingtrede van die Grondwet waar die brutale optrede deur die SAPD toegeskryf kan word aan die toename in geweldsmisdaad, gebrek aan tranformerende opleiding en diskriminasie teen sekere sosio-ekonomiese groepe.⁴

1.2.1.1. POLISIE BRUTALITEIT VOOR DIE GRONDWET

Suid-Afrika was in die verlede ‘n land wat gebaseer was op parlementêre sowereiniteit.⁵ Met uniewording⁶ was die land nie gefokus op die ontwerp van ‘n Handves van Regte nie.⁷ Die apartheidsera was gekenmerk aan die skending van menseregte en misbruik van magte deur die SAPD.⁸ Buiten die opleiding van poilsiebeamptes tydens die apartheidsera, wat militaristies van aard was,⁹ het verskeie wetgewing daartoe bygedra dat die SAPD gesien kon word as ‘n onderdrukkende liggaam.¹⁰ Verder het wetgewing die skending van menseregte verskans en die SAPD is gesien as lede wat moord pleeg.¹¹ Die Sharpeville

(besoek: 06/10/2012).

⁴ P. Pigou ‘Monitoring police violence and torture in South Africa’ by www.scvr.org.za/index.php?option=com_content&view=article&id=1438%3Amonitoring-police-violence-and-torture-in-south-africa&Itemid=2 (besoek: 09/08/2012).

⁵ Wikipedia ‘Parliament of South Africa’ by http://en.wikipedia.org/wiki/Parliament_of_South_Africa (besoek: 01/10/2012).

⁶ 1908 en 1909.

⁷ *Turning point in Human Rights*, Book 1 (2009), 25. Soos daarna verwys word in I. Currie en J. De Waal *The Bill of Rights Handbook* (2005), 744.

⁸ Soos (vn 7) hierbo.

⁹ G.P. Joshi ‘Police brutality in South Africa’ by <http://www.humanrightsinitiative.org/pragamme/aj/police/paper/gpj/police-brutality-in-southafrica.pdf> (besoek: 15/03/2012).

¹⁰ Press Law Act, 67 of 1952, Public Safety Act, 3 of 1953, Riotous Assembly Act, 17 of 1956. Hierdie voorafgenome wetgewing het ook aan die SAPD die mag gegee om enige iemand wat teen die apartheidsera is, te onderdruk.

¹¹ Boyer soos (vn 1) hierbo.

moorde¹² en Soweto opkoms¹³ word gesien as die ergste rassistiese geweld aan die hand van die SAPD.¹⁴ 'n Ander insident wat ook groot opskudding in die gemeenskap veroorsaak het, was die dood van Steve Biko wat tydens aanhouding aan die hand die SAPD gesterf het. Vermelde insidente illustreer dat polisie brutaliteit tydens die apartheidsera nie net rassisties van aard was nie, maar ook polities gemotiveerd was.¹⁵ Die gebruik van geweld tydens arrestasie, die polisie se onverwagte aanvalle in swart woonbuurte, aanhouding sonder verhoor en geweldadige ondervraging, met die insluiting van marteling, was aan die orde van die dag.¹⁶

1.2.1.2. POLISIE BRUTALITEIT NA DIE GRONDWET

Met die inwerkingtrede van die Grondwet, het 'n nuwe era van transformasie in die SAPD aangebreek, soos vereis word deur die Grondwet. Die doelwitte verwys daarna om 'n gemeenskap te bou gebaseer op demokrasie, gelykheid en beskerming van alle mense teen enige vorm van die misbruik van magte, insluitende polisie brutaliteit. Ten spyte van die ideaal van transformasie en praktyk verandering in die afgelope 19 jaar sedert apartheid, het polisie brutaliteit en misbruik van magte die hoogte ingeskiet.¹⁷ Soos vroeër uitgewys, kan die rede hiervoor deels gevind word in die gebrek aan tranformerende opleiding met die doel om die apartheids kultuur van die SAPD te verander.¹⁸ Alhoewel die Polisiewet,¹⁹ wat voorsiening maak vir 'n nuwe polisie aanslag, in 1994 inwerking

¹² SAHO 'Sharpeville massacre' by <http://www.sahistory.org.za/topic/sharpevillemassacre-21-march-1960> (besoek: 02/10/2012).

¹³ BBC news 'South African marketing Soweto uprising' 16 June 2006 by <http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/5085450.stm> (besoek: 02/10/2012).

¹⁴ J. Hyslop *Social Conflict over African Education in South Africa from 1940's to 1976*, PHD, thesis, University of Witwatersrand (1990), 424.

¹⁵ Outeur onbekend 'Overcoming apartheid, the death of Stephen Biko' by <http://overcomingapartheid.msu.edu> (besoek: 28/09/2012).

¹⁶ D. Mistry et al 'The use of force by members of the South African Police Service: case studies from seven policing areas in Gauteng' 8 September 2001. Institute for Human Rights & Criminal Justice studies, Technikon SA, Research Report.

¹⁷ S. Bengati 'Fifteen years after apartheid, South Africa is at a Crossroad' 19 April 2009 by <http://www.mcclathy.com/2009/04/19/66232/fifteen-years-after-apartheid.html> (besoek: 09/10/2012).

¹⁸ D. Bruce 'Police brutality in South Africa' 2002, 27 en 30 by <http://www.csvr.za/wits/paper/papbru10.htm> (besoek: 03/07/2012).

¹⁹ 68 van 1995.

getree het en 'n witskrif in 1998 na vore gekom met voorstelle rakende die uitdagings van die SAPD ten aansien van transformasie vanaf 'n apartheids stelsel na 'n stelsel waar die SAPD doeltreffend en effektief kan funksioneer in 'n demokratiese samelewing, is hierdie uitdagings egter nie oorkom nie. Transformasie het nie plaasgevind nie en die SAPD sit steeds met die mentaliteit van die apartheidsera in die uitvoer van hul magte.²⁰ Bo en behalwe hierdie apartheids mentaliteit van die huidige SAPD, bestaan verskeie ander redes vir polisie brutaliteit. Suid-Afrika kan gesien word as 'n multi-kulturele land met verskeie sosio-ekonomiese groepe waar sekere groepe beter behandeling van die SAPD geniet as gevolg van hul status in die gemeenskap, terwyl daar teen ander groepe gediskrimineer word.²¹ Verder word polisie brutaliteit veroorsaak deur die gemeenskap van Suid-Afrika se vrees vir misdaad.²²

1.2.2. DIE ERNS VAN POLISIE BRUTALITEIT

Bo en behalwe die probleme soos aangedui hieronder,²³ bestaan verskeie ander probleme wat 'n effek het op die akkurate bepaling van polisie brutaliteit deur middel van statistiek. Dit sluit die feit in dat polisie brutaliteit gewoonlik plaasvind in situasies waar die enigste getuies die slagoffer en die polisiebeampte is,²⁴ met die gevolg dat indien die slagoffer beweer dat hy brutaal deur die polisie beampte hanteer is, dit sy woord teen die polisie beampte se woord is. Wat bydra tot hierdie probleem is dat slagoffers geneig is om van lae status te wees wat daartoe lei dat daar nie baie waarde aan hulle bewerings geskenk word nie.²⁵ Verder word slagoffers soms gedreig wanneer hulle sake van polisie brutaliteit

²⁰ Soos (vn 7) hierbo.

²¹ K. Mabelebele 'Shoot to kill: Constitutionality of using lethal force as stated by Section 49 of the Criminal Procedure Act, 51 of 1977' by <http://blogs.uct.ac.za/blog/ketumetse-mabelebele/general> (besoek: 04/10/2012).

²² SAHO, soos (vn 12) hierbo. Sommige polisiebeamptes het erken dat die land se vrees vir misdaad polisie brutaliteit aanhits. Die SAPD word onder druk geplaas om misdaad te voorkom en te beheer. Dit is egter 'n probleem, misdaad word by die dag meer en meer gewelddadig. Met die gevolg dat die SAPD brutaal optree.

²³ Soos paragraaf 2.2 in hierdie hoofstuk.

²⁴ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

²⁵ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

wil rapporteer.²⁶ Derhalwe word sake van polisie brutaliteit nie altyd gerapporteer nie en is die jaarlikse Onafhanklike Klage Direkoraat (hierna die OKD), nou bekend as die Onafhanklike Onderzoek Polisie Direkoraat (hierna die OPOD), verslag nie 'n ware weerspieëling van die aard en erns van polisie brutaliteit nie. Dit bly egter die beste bron vir die bepaling van die erns van polisie brutaliteit, al is dit nie een honderd persent akkuraat nie.²⁷ Vervolgens word die 2007/2008, 2008/2009, 2009/2010 en 2011/2012 verslag bespreek. Verder word die 2012/2013 verslag, wat eers onlangs openbaar gemaak is, bestudeer en vergelyk met vorige jare se polisie brutaliteit statistieke. Die doel van die vergelyking is om te bepaal of polisie brutaliteit deur die jare afgeneem of toegeneem het.

Volgens die 2008/2009 verslag is 568 mense doodgeskiet, meer as dubbel die getal drie jaar tevore,²⁸ terwyl aanranding deur die SAPD gestyg het van 1390 in 2007/2008 na 1667 in 2009/2010.²⁹ In die 2009/2010 jaar is 2462 kriminele klagtes teen die lede van die SAPD gemaak, waarvan 920 (40 %) vir aanranding met die opset om ernstig te beseer, 422 (22%) vir algemene aanranding en 325 (17 %) vir poging tot moord was.³⁰ Verder bestaan die sterftes wat deur die SAPD se optrede veroorsaak word uit 22% wat gedurende die pleeg van 'n misdad plaasvind, 4% gedurende ontsnappings, 10% gedurende ondersoeke, 46% gedurende arrestasie en 2% van die persentasie is die dood van onskuldige bystanders.³¹ Die 2012/2013 verslag dui daarop dat 6 728 klagtes by die OPOD, gedurende die 2012/2013 jaar, gerapporteer is, meer as 37% as in die 2011/2012 jaar (4 923).³² Hierdie klagtes bestaan uit 4 131 klagtes vir

²⁶ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

²⁷ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

²⁸ Defenceweb 'Are police becoming too violent when dealing with public protests?' 23 September 2011 by http://www.defenceweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=19381:are-police-becoming-too-violent-when-dealing-with-public-protests&catid=3:Civil%20Security&Itemid=133. (besoek: 16/01/2012).

²⁹ Defenceweb, soos (vn 28) hierbo.

³⁰ G. Hosken 'Why cops are so brutal' by <http://www.csvr.org.za/index.php?option=com-content/view=article&id=2494:why-sa-cops-are-so-brutal&catid=139:media-article%Itemid=37> (besoek: 21/02/2012).

³¹ Hosken, soos (vn 30) hierbo. Let wel dat daar nie melding gemaak word van al die persentasies in die verslae nie, maar slegs van die persentasies wat deurslaggewend is tot hierdie studie.

³² OPOD se 2012/2013 verslag by http://www.ipid.gov.za/documents/report_released/annual_report/2013/IPID%20Annual%20Report&202012-13.pdf (besoek: 09/10/2013).

aanranding³³ (62%), 168 klagtes van verkragting (2%), 50 klagtes van marteling (0.7%), 703 klagtes vir ander misdade (10%), 670 klagtes vir die afvuur van 'n polisievuurwapen (10%) en 431 klagtes in verband met dood veroorsaak deur polisie optrede (7%) waarvan 156 klagtes van dood tydens arrestasie (36%) plaasgevind het.³⁴ Vir doeleindes van hierdie studie, is die aantal klagtes wat verband hou met dood en aanranding deur polisie optrede, verkragting en marteling van belang aangesien brutale optredes van polisielede sentraal staan tot hierdie studie.

Dit is duidelik uit die bovermelde dat aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer die meeste plaasvind (gesamentlik is die twee brutale optredes 62% gedurende die 2009/2010 en 2012/2013 jaar), Verder kan die afleiding gemaak word dat polisie brutaliteit die meeste plaasvind tydens die voorverhoor proses en sluit brutale optrede van lede van die SAPD tydens arrestasie (46% in die 2009/2010 jaar en 36% tydens die 2012/2013 jaar) in.³⁵

1.2.2.1. VOORBEELDE EN VORME VAN POLISIE BRUTALITEIT

Fisiese geweld as 'n vorm van aanranding is nie die enigste vorm van polisie brutaliteit nie.³⁶ Ander vorme van polisie brutaliteit sluit die skok van slagoffers, die brand van slagoffers met sigarette, seksuele aanranding en die boei van slagoffers aan die enkels, gewigte³⁷ en aan polisie voertuie, waartydens die beskuldigde dan agter die voertuig aan gesleep word, in.³⁸ Soos in die statistieke

³³ Bestaan uit gewone aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer.

³⁴ OPOD se 2012/2013 verslag, soos (vn 32) hierbo. Let wel dat daar nie melding gemaak word van al die persentasies in die verslae nie, maar slegs van die persentasies wat deurslaggewend is tot hierdie studie.

³⁵ Geleenthede vir polisie brutaliteit tydens aanmelding, ondersoek en die hantering van gearresterde persone geskep word. Hierdie is 3 van die fasette van die voorverhoor fase. 'n Ander faset van die fase is die voorbereiding van die dossier. C. Joubert (red) *Toepgepaste Reg vir Polisiebeamptes* (2001), 219-221.

³⁶ Buiten vir fisiese geweld is psigologiese geweld ook moontlik deur die brutale optredes van lede van die SAPD wat Post-traumatiese stress sindroom tot gevolg het. T. Ryan 'Police brutality: the impact on the victims' by http://www.ehow.com/about_6647581-police-brutality-impact-victims.html (besoek: 02/10/2012).

³⁷ Boyer, soos (vn 1) hierbo.

³⁸ W. Zwecker, *Beeld*, 1 Maart 2013.

hierbo aangedui³⁹, vind polisie brutaliteit op verskeie maniere en tydens verskeie fases van die strafproses plaas. Dit is ook duidelik dat die mees algemene misdade waaraan lede van die SAPD hulself skuldig maak moord, aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer is.⁴⁰ Derhalwe word voorbeelde van brutale optredes van lede van die SAPD onder verskeie misdade soos moord, aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en verkragting bespreek. Verkragting word saam met die moord, aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer bespreek, aangesien lede van die SAPD hulself dikwels aan die misdaad skuldig maak, soos sal blyk uit die bespreking hieronder.

1.2.2.1.1. MOORD⁴¹

Moord kan onder die volgende kategorieë bespreek word: moord gedurende arrestasie, moord gedurende ondervraging, moord gedurende aanhouding en moord gedurende openbare optogte. Vervolgens word daar onder elk van die kategorieë na sake en voorvalle verwys. Hierdie spesifieke sake en voorvalle is gekies en bestudeer aangesien die handeling van moord in elk van die sake en voorvalle verskil en dit dus 'n goeie aanduiding is van die tipe moorhandelinge waaraan lede van die SAPD hulself skuldig maak. Strafbare mansslag word nie bespreek nie, aangesien dit duidelik uit die statistiek blyk dat die handeling van moord eerder as strafbare manslag deur lede van die SAPD gepleeg word.⁴² Alhoewel poging tot moord 17% van klagtes uitmaak,⁴³ word poging tot moord gevolglik ook nie bespreek nie, aangesien ander vorme van polisie brutaliteit meer voorkom.

³⁹ Soos paragraaf 2.2 van hierdie hoofstuk.

⁴⁰ Hosken, soos (vn 30) hierbo.

⁴¹ Kan omskryf word as die wederegtelike en opsetlike veroorsaaking van dood van 'n ander mens, *Sv Sigwahla* 1967 4 SA 566 (A) 570-571; *S v Nduli* 1975 1 SA 429 (A) 436-437.

⁴² Sien paragraaf 2.3.1 van hierdie Hoofstuk. Vir 'n verdere bespreking oor strafbare mansslag sien C.R. Snyman *Strafreg* (2012), 470-471.

⁴³ Hosken, soos (vn 30) hierbo.

1.2.2.1.1.1. MOORD GEDURENDE ARRESTASIE⁴⁴

In *S v Pakane and others*,⁴⁵ is 'n Sersant in die verhoorhof skuldig bevind aan moord. Die Sersant is saam met twee ander konstabels uitgeroep om 'n voorval, waar daar skote gevuur is, te gaan ondersoek. Die Sersant het 'n figuur in die donker gesien en in plaas daarvan om te poog om die figuur (persoon) te arresteer, skote afgevuur in die rigting van die figuur. 'n Ene "F" is later dood aangetref in naby geleë bosse.⁴⁶

1.2.2.1.1.2. MOORD GEDURENDE ONDERVRAGING

Alhoewel die Grondwet⁴⁷ uitdruklik bepaal dat beskuldigde-, aangehoue- en gearresterde persone die reg het om te swyg⁴⁸ (met die gevolg dat die persone nie verplig is om die vrae van polisiebeamptes te beantwoord nie), maak polisielede egter gereeld inbreuk op hierdie reg en wend hulself soms na drastiese metodes om die "waarheid" uit die persone te verkry. Hierdie metodes lei soms tot die dood van 'n verdagte. Polisie brutaliteit wat tydens die ondervragingfase plaasvind, maak ook die deur vir marteling oop, waar metodes soos skok, versmoring en verdrinking gebruik word.⁴⁹

⁴⁴ Artikel 39 van die Strafproseswet, 51 van 1977, sit die vereistes vir regmatige arrestasie uiteen.

Artikel 49 word onder paragraaf 2.4.2.1 in Hoofstuk 2 van die studie volledig bespreek.

⁴⁵ 2008 (1) SACR 518 (SCA).

⁴⁶ *Pakane*, soos (vn 45) hierbo, 522.

⁴⁷ Artikel 35(1)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

⁴⁸ Joubert, soos (vn 35) hierbo, 257. Sien ook J. Burchell *Principals of Criminal Law* (2007), 113.

⁴⁹ Eerstens gebruik die SAPD 'n skok apparaat. Hierdie skokapparaat word aan die genitalia van die verdagte gekoppel, waarna die apparaat gedraai word en elektrisiteit deur die verdagte se liggaam gaan. Tweedens maak die SAPD gebruik van die "binneband" metode. Gedurende hierdie metode word 'n binneband geneem en oor die verdagte se mond en neus getrek, totdat die verdagte gereed is om te praat. Derdens word daar gebruik gemaak van gewone verdrinkings metodes, tydens hierdie metode word die verdagte se kop verskeie kere onder die water gedruk vir oomblikke, hierdie metode word herhaal totdat die verdagte sy stilswye verbreek. Persoonlike kommunikasie met J.W. Beekman (oud speurder in die SAPD, moord en roof), gesprek gehou te Pretoria op die 12de Oktober 2012.

1.2.2.1.1.3. MOORD GEDURENDE AANHOUDING

Wanneer 'n verdagte tydens aanhouding sterf, word dit dikwels beweer dat die verdagte selfmoord gepleeg het.⁵⁰ In 'n onlangse voorval het 'n verdagte homself oorgegee aan die SAPD nadat hy daarvan verdink is dat hy betrokke was by die inbraak by 'n skool. Die dag nadat hy homself oorgegee het, het hy na bewering selfmoord gepleeg in sy sel, deur homself met sy belt op te hang.⁵¹ Indien 'n aangehoudene selfmoord pleeg tydens aanhouding, soos in vermelde voorval, is die polisie nalatig deur dat hulle hom toegelaat het om sy belt saam met hom in sy sel in te neem.⁵² Die SAPD is daarvoor verantwoordelik om die verdagte van sy belt, veters en enige ander besittings te ontnem voordat hy in die selle aangehou word.⁵³ In hierdie geval het die geskeurde kledingstukke van die oorledene daarop gedui dat hy moontlik aangerand en gevolglik vermoor is.⁵⁴ In 'n verdere voorval is die oorledene ook gevind waar hy in sy sel opgehang is. 'n Post-mortem verslag het daarop gedui dat die oorledene baie ander beserings opgedoen het voor sy dood, maar hierdie beserings is nie aangedui as die oorsaak van die oorledene se dood in die post-mortem verslag nie. Ander beserings soos 'n sny aan die oorledene se kop is ook nie in die verslag aangetoon nie. Die familie van die oorledene is deur die SAPD beveel om die oorledene onmiddellik te begrawe en hulle is selfs gedreig met arresstasie indien hul die oorledene nie onmiddellik sou begrawe nie. Na die mening van die familieledede het die SAPD hul gedwing om die oorledene onmiddellik te begrawe met die doel om van enige bewyse ontslae te raak.⁵⁵

⁵⁰ Die 2012/2013 verslag dui daarop dat slagoffers die meeste gebruik maak van belde, komberse, truie, klere, matras materiaal, lakens, tou, veters, kouse en broeke om selfmoord te pleeg tydens aanhouding. Dit bly kommerwekkend om te sien dat items wat veronderstel is om weg geneem te word van verdagtes voor aanhouding, juis die items is wat gebruik word om selfmoord te pleeg. OPOD se 2012/2013 verslag, soos (vn 32) hierbo.

⁵¹ Enuus, *Kyknet*, 24 Oktober 2012.

⁵² Enuus, soos (vn 51) hierbo.

⁵³ Enuus, soos (vn 51) hierbo.

⁵⁴ Enuus, soos (vn 51) hierbo.

⁵⁵ *Business day*, 18 Augustus 2000. Soos daarna verwys word in Bruce, soos (vn 18) hierbo.

1.2.2.1.1.4. MOORD TYDENS OPENBARE OPTOGTE

Stakings is aan die orde van die dag in Suid-Afrika. Hierdie stakings word by die dag meer en meer gewelddadig,⁵⁶ met die gevolg dat die polisie brutaal optree teenoor stakers. Die rede vir die brutale optrede teenoor gewapende en ongewapende stakers is daarin geleë dat die SAPD nie die noodsaaklike opleiding ontvang om met gewelddadige stakings te handel nie.⁵⁷ Verder het die SAPD nie die nodige vaardighede om hierdie stakings op 'n vreedsame manier onder beheer te bring nie, wat tot gevolg het dat die SAPD geweld gebruik.⁵⁸ Die voorval van Andries Tatane is 'n goeie voorbeeld van die brutale en soms dodelike optrede teenoor stakers, waar 'n ongewapende Tatane gedood is deur twee skote wat afgevuur is deur lede van die SAPD en Tatane in die arms van sy vriend gesterf het.⁵⁹ Verder is 'n student aan die Universiteit van Durban Westville ook gedurende 'n protesoptog deur die lede van die SAPD gedood, wat na bewering lewende ammunisie gebruik het tydens die voorval en op die studente begin skiet het om hul uitmekaar te jaag.⁶⁰

Stakers het 'n grondwetlike reg om te staak,⁶¹ maar as gevolg van die SAPD se gebrek aan die koördinasie om met vakbonde saam te werk en toe te sien dat die stakings vreedsaam verloop, vind brutaliteit tydens openbare optogte plaas. Verder dra die gebrek aan kommunikasie met die organiseerders van die stakings en die houding van vyandigheid teenoor stakers van polisie lede by tot die brutale optredes van polisielede. Derhalwe sal lede van die SAPD hulself

⁵⁶ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁵⁷ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁵⁸ J. Burger 'To serve and protect, restoring public confidence in the SAPD' *SA Crime Quarterly* (June 2011), no 36, 13.

⁵⁹ News 24 'Man shot dead during protest' 31 June 2011 by <http://m.news24.com/news/24/SouthAfrica/news/man-shot-dead-during-public-protest-20110531> (besoek: 04/06/3013).

⁶⁰ Persverslag en ander informasie oor die insidente, opgesom in M. Mark 'Transforming Robocops? A case study of Police organisation change' Paper presented at SASA Annual Congress, Julie 2000, Kaapstad.

⁶¹ Artikel 17 van die Grondwet, soos (vn 47) hierbo bepaal dat elkeen die reg het om vreedsaam en ongewapend te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

eerder moet toespits op die moeilikheidmakers en die res van die stakers wat vreedsaam staak, in vrede laat.⁶²

1.2.2.1.2. AANRANDING⁶³ EN AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER⁶⁴

Net soos moord , vind aanranding ook gedurende arrestasie plaas wat op daardie beurt weer gesien kan word as die oorskryding van magte soos uiteengesit in die Strafproseswet.⁶⁵ Derhalwe is dit noodsaaklik om insidente van aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende arrestasie, ondervraging en aanhouding te bestudeer, soos vervolgens gedoen word.

1.2.2.1.2.1. AANRANDING EN AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER GEDURENDE ARRESTASIE

Die volgende saak dien as illustrasie van aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer deur lede van die SAPD. In *Ndlazi v Minister of Safety and Security*⁶⁶ is die klaagster, Ndlazi, na bewering deur lede van die SAPD aangerand nadat hulle haar onregmatig gearrester het vir die moord op haar man. Sy is na bewering deur lede van die Kanyamazane polisie stasie na 'n bos geneem waar hulle haar hande agter haar rug vasgebind het, 'n plastiek sak oor haar kop getrek het, haar 'n paar keer in die gesig geklap het en haar forseer het om op 'n bewegende bord van die polisievoertuig te sit terwyl een van die

⁶² Verslag van die Universiteit van Liverpool. Hierdie metode word suksesvol gebruik in Engeland. Soos daarna verwys word in Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁶³ Aanranding bestaan uit enige wederegtelike en opsetlike doen of late (a) wat tot gevolg het dat iemand anders se liggaamlike integriteit direk of indirek aangetas word, of (b) wat iemand anders laat glo dat so 'n aantasting van haar liggaamlike integriteit onmiddelik sal plaasvind, Snyman, soos (vn 42) hierbo, 475.

⁶⁴ Die vereistes vir hierdie misdaad, wat ook as die definisie van aanranding met die opset om ernstig te beseer geklassifiseer word, is die vereistes soos onder aanranding uiteengesit asook dat die persoon die opset moet hê om die ander persoon ernstig te beseer, Snyman, soos (vn 42) hierbo, 482.

⁶⁵ Artikel 49(2) van die Strafproseswet, soos (vn 44) hierbo.

⁶⁶ Ongerapporteerde saak, (69480/09)[2012] ZAGPPHC 147 (3 Augustus 2012) Noord Gauteng Hoë Hof.

SAPD lede op haar gesit het (om sodoende te voorkom dat sy rondskuif). Weens die aanranding, het die klagster verskeie ernstige beserings opgedoen.

1.2.2.1.2.2. AANRANDING EN AANRADING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER GEDURENDE ONDERVRAGING

Voorvalle van brutale hantering van verdagtes tydens ondervraging vind gereeld plaas, soos die volgende insidente sal illustreer. Lede van die Brixton moord en roof eenheid het 2 vroue tydens ondervraging aangerand, hulle aan elektriese skok onderwerp en versmoor terwyl hul arms en bene aan 'n stoel vasgemaak was.⁶⁷ In die ander geval is 'n persoon gearressteer vir die besit van gesteelde goedere. Tydens ondervraging is die verdagte blootgestel aan elektriese skok en versmoor met 'n nat sak, terwyl hy kaal en geblinddoek op 'n stoel vasgemaak is. Die verdagte het onder dwang 'n bekentenis afgelê, waarna hy na 'n ander polisiestase geneem is om te wag vir sy verhoor.⁶⁸ Dit is duidelik uit die twee voorvalle dat polisie brutaliteit ook tydens ondervraging plaasvind en gewoonlik gepaard gaan met marteling.

1.2.2.1.2.3. AANRANDING EN AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER GEDURENDE AANHOUDING

Die saak van *Mtati v Minister of Safety and Security*⁶⁹ dien as goeie voorbeeld vir aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer gedurende aanhouding. In vermelde saak is die verdagte gearresteer nadat hy 'n polisieman aangerand het. Tydens aanhouding het 'n polisieman die verdagte aangerand, omdat Mtati een van sy kollegas aangerand het. Die verdagte is in so 'n mate aangerand dat sy uretra geskeur was en hy kneuswonde op sy genitalia gehad het. Die hof het onder andere hom uitgelaat oor die feit dat die SAPD

⁶⁷ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁶⁸ Mark, soos (vn 60) hierbo.

⁶⁹ 1958 (1) SA 221 (A).

aangehoudenenes moet beskerm aangesien hulle, soos in hierdie geval, nie hulself kan beskerm nie.⁷⁰

1.2.2.1.3. VERKRAGTING

Daar is al twyfel uitgespreek oor of verkragting as polisie brutaliteit bestempel kan word. Verkragting vind egter altyd plaas sonder 'n persoon se toestemming⁷¹ en impliseer dus die onregmatige gebruik van geweld. Synde dat die misbruik van geweld deel is van die omskrywing van polisie brutaliteit,⁷² kan verkragting sekerlik daaronder tuisgebring word. Vervolgens word daar melding gemaak van verkragting van verdagtes tydens aanhouding en verkragting van die algemene publiek.

1.2.2.1.3.1. VERKRAGTING VAN VERHOORAFWAGTENDES IN AANHOUDING

Berigte in verband met verkragting deur polisie beamptes verskyn gereeld in die pers. Ter illustrasie van voormelde, word daar vervolgens melding gemaak van enkele insidente. In 'n voorval het 'n senior polisiebeampte 'n vroulike aangehoudene verkrag, nadat hy dit aan haar laat blyk het dat hy haar gaan help om 'n oproep aan haar familie te maak. Hy het haar, met die neem na haar sel in die kombuis ingeneem, waar hy haar verkrag het.⁷³ In 'n ander voorval is 'n polisiebeampte gearrester nadat hy 'n verhoor afwagtende vrou in aanhouding verkrag het. Die polisiebeampte het die vrou uit haar sel gaan haal, waarna hy haar 2 keer gedurende sy skof, in 'n stoorkamer, verkrag het.⁷⁴

⁷⁰ *Mtati*, soos (vn 69) hierbo 221.

⁷¹ Verkragting word soos volg omskryf: "Waar enige persoon wat wederregtelik en opsetlik 'n handeling van seksuele penetrasie met 'n ander persoon pleeg sonder die laasgenoemde se toestemming, is skuldig aan die misdaad verkragting Snyman, soos (vn 42) hierbo 367-383. Sien ook Burchell, soos (vn 48) hierbo, 699. Dit is belangrik om daarop te let dat die misdaad nou onder die Wet op Seksuele Misdade 32 van 2007 gekodifiseer is. Die definisie van verkragting word omskryf deur artikel 3 van die bovermelde wet.

⁷² Soos paragraaf 1.3 van hierdie Hoofstuk .

⁷³ *Sowetan*, 2 Desember 1999. Soos daarna verwys word in Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁷⁴ *Sowetan*, 21 Desember 2000. Soos daarna verwys word in Bruce, soos (vn 18) hierbo.

1.2.2.1.3.2. VERKRAGTING VAN DIE ALGEMENE PUBLIEK

Dit is nie net verdagtes en verhoorafwagtendes wat verkrag word nie, die algemene publiek wat soms die hulp van die SAPD verlang, word ook verkrag. In die saak van *K v Minister of Safety and Security*⁷⁵ het 'n vrou 'n saamry geleentheid gesoek, waarna drie polisiebeamptes die vrou, instelle daarvan om haar na haar bestemming te neem, verkrag en geslaan het en in bosse naby haar huis gegooi het. Vermelde voorval is 'n aanduiding dat die SAPD nie net brutaal optree teenoor verdagtes nie, maar ook teenoor onskuldige mense. Die publiek van Suid-Afrika is veronderstel om staat te kan maak op die SAPD vir beskerming, maar soos dit blyk uit die vermelde saak, is die teendeel waar. Die SAPD maak hulself eerder dikwels skuldig aan misdadige gedrag, met die gevolg dat die publiek vertroue in die SAPD verloor het.

1.2.3. GEVOLGE VAN POLISIE BRUTALITEIT

Polisie brutaliteit kan fisies sowel as psigies van aard wees, soos later aan die lig sal kom tydens hierdie studie.⁷⁶ Die brutale optrede kan van korte duur wees, maar die gevolge vir die slagoffer is lewenslank. Verder is dit nie net die slagoffer wat geraak word deur die gevolge van polisie brutaliteit nie, die gemeenskap wat die voorvalle in die media teëkom asook die familie en vriende van die slagoffers ondervind ook die nadelige gevolge.⁷⁷ Die gevolge bestaan onder andere uit die volgende: 'n sielkundige effek, die effek van hofsake asook die gevolge van media aandag. Vermelde gevolge word nou kortliks bespreek.

⁷⁵ 2005 (6) SA 419 (CC).

⁷⁶ Sien paragraaf 4.3.4 van Hoofstuk 4.

⁷⁷ Ryan, soos (vn 36) hierbo.

1.2.3.1. SELKUNDIGE EFFEK

Slagoffers van polisie brutaliteit ontwikkel verskeie sielkundige probleme nadat hul slagoffers daarvan was, waarvan die mees algemene probleem post-traumatiese stres sindroom (PTSD) insluit. Behalwe vir paniek aanvalle as effek van die sindroom, is depressie en selfmoord gedagtes ook deel daarvan. Dit kan nie met sekerheid gesê word of polisie brutaliteit PTSD tot gevolg sal hê nie, maar dit is baie waarskynlik dat 'n persoon die sindroom sal ontwikkel na die blootstelling daaraan. Die duur en graad van die trauma wat die slagoffer toegedien word speel ook 'n rol in die ervaring en graad van die sindroom.⁷⁸

1.2.3.2. HOFSAKE

Soos later bespreek word in hierdie studie,⁷⁹ kan slagoffers van polisie brutaliteit, bo en behalwe 'n kriminele saak, 'n siviele eis teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit instel. Dit kan lei tot uitgerekte litigasie, wat weer 'n groot finansiële implikasie vir die slagoffer en sy familie inhou. Dit is ook nie te sê dat die slagoffer met sy eis sal slaag nie. Indien die slagoffer onsuksesvol is, kan dit die slagoffer en selfs sy familie in 'n groot finansiële krisis dompel.⁸⁰

1.2.3.3. MEDIA AANDAG

Aangesien polisie brutaliteit sake, hoë profiel sake is, word die privaatheid van slagoffers en hul familie geskend deur die media. Die media wil elke moontlike besonderheid van die voorval weet, wat traumaties kan wees aangesien die slagoffer weereens die voorval in sy gedagtes moet herleef. Abner Louima, was in so posisie nadat hy 'n aksie teen die polisie ingestel het omdat hul hom na bewering by die polisiestasie gesodomiseer het. Die aard en erns van die polisie

⁷⁸ Ryan, soos (vn 36) hierbo.

⁷⁹ Sien Hoofstuk 5 van hierdie studie.

⁸⁰ Ryan, soos (vn 36) hierbo.

brutaliteit was groot nuus en hy moes die media inlig oor wat met hom gebeur het.⁸¹

1.3. DEFINISIE VAN POLISIE BRUTALITEIT

Aangesien die studie polisie brutaliteit navors, is dit belangrik om 'n gepaste definisie vir polisie brutaliteit te vind. Volgens Bittner word polisie brutaliteit gedefinieer as: "onregmatige misbruik van die kapasiteit om geweld te gebruik"⁸² Verder kan polisie brutaliteit gedefinieer word as: " 'n vorm van polisie wangedrag wat in verskeie vorme plaasvind en moeilik is om te vervolg as gevolg van wetgewing wat die polisie beskerm "⁸³ Alhoewel daar melding gemaak word van twee verskeie definisies vir polisie brutaliteit, is selfs die samevoeging van die twee definisies nie voldoende nie, aangesien verskeie ander elemente teenwoordig is tydens polisie brutaliteit wat nie in bovermelde definisies vervat word nie. Derhalwe kan die definisie van marteling soos vervat in die "Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 13 of 2013" (hierna "die Martelingswet" genoem) ook saam met bovermelde definisies gevoeg word om 'n meer volledige definisie vir polisie brutaliteit weer te gee.

Die Martelingswet omskryf marteling as enige optrede waarby intensiewe pyn of lyding, of dit fisies of psigies is, *opsetlik* toegedien word deur 'n staats amptenaar of 'n persoon-

(a) met die doel om

(i) inligting of 'n bekentenis te verkry van hom of haar of van 'n derde persoon of;

(ii) hom, haar of 'n derde te straf vir 'n daad wat hy, sy of 'n derde gepleeg of vermoed gepleeg het of beplan het om te pleeg; of

⁸¹ Ryan, soos (vn 36) hierbo.

⁸² E. Bittner *Aspects of Police Work* (1990), 233-268. Soos daarna verwys word in Bruce, soos (vn 18) hierbo.

⁸³ S. Drey 'Define police brutality' by http://www.ehow.com/facts_5468572_define-police-brutality.html (besoek: 16/09/2012).

- (iii) hom, haar of 'n derde te *intimideer* of te dwing om iets te doen of nie te doen nie; of
- (b) Vir enige rede gebaseer op diskriminasie van enige aard, maar marteling sluit nie pyn en lyding in nie.⁸⁴

Wanneer die bovermelde definisies saamgevoeg word, is dit duidelik dat polisie brutaliteit soos volg omskryf kan word: Polisie brutaliteit is 'n vorm van polisie wangedrag deur die onregmatige misbruik van die kapasiteit om geweld te gebruik wat in verskeie vorme plaasvind en moeilik is om te vervolg. Polisie brutaliteit kan derhalwe ook neerkom op handeling waar 'n staatsamptenaar in so 'n mate optree dat hy of sy intensiewe pyn of lyding, of dit fisies of psigies is, *opsetlik* toedien met die doel om

- (1) inligting of 'n bekentenis te verkry van hom of haar of van 'n derde persoon of;
- (2) hom, haar of 'n derde te straf vir 'n daad wat hy, sy of 'n derde gepleeg of vermoed gepleeg het of beplan het om te pleeg; of
- (3) hom, haar of 'n derde te *intimideer* of te dwing om iets te doen of nie te doen nie; of
- (4) Vir enige rede gebaseer op diskriminasie van enige aard, maar marteling sluit nie pyn en lyding in nie.

Hierdie saamgestelde definisie sal deurgaans gebruik word tydens die studie.

1.4. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie, is om die rapportering- en ondersoekstelsel ten aansien van polisie brutaliteit in Suid-Afrika te beskryf en te analiseer. Dit word gedoen teen die agtergrond van 'n ontleding van die regsraamwerk wat bestaan om polisie brutaliteit te reguleer. 'n Verdere oogmerk is om die verskeie vorme van sanksionering van polisie brutaliteit, naamlik interne dissiplinêre sankies, strafregtelike vervolging (insluitende die vervolging van marteling as 'n nuwe

⁸⁴ Martelingswet, artikel 3.

misdad) en sivielregtelike aksies vir skadevergoeding te bestudeer. Leemtes in die huidige praktyk word uitgewys en aanbevelings word gemaak vir hervorming wat tot meer suksesvolle rapportering en sanksionering (en gevolglike bekamping) van polisie brutaliteit sal lei.

1.5. METODIEK

1.5.1 NAVORSINGSPROBLEME

Alhoewel Suid-Afrikaanse wetgewing, beleidsdokumente en konvensies ten doel het om polisie brutaliteit te voorkom, neem voorvalle daarvan steeds toe. Die vraag ontstaan dus of die meganismes wat geskep is vir die rapportering van polisie brutaliteit, ondersoek en interne hantering daarvan, voldoende is om die voorkoming van polisie brutaliteit effektief aan te spreek. 'n Verdere vraag is of die huidige misdrywe (insluitend marteling as nuut gekriminaliseerde misdryf) waaronder dade van polisie brutaliteit strafregtelik vervolgd word die probleem omvattend genoeg aanspreek en of die Martelingswet wat in werking getree het op 29 Julie 2013, nie alternatiewe probleme skep as gevolg van moontlike leemtes in die Martelingswet nie. 'n Laaste vraag wat gevra word is of skadevergoedingseise wat uitbetaal word deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit eerstens, polisie brutaliteit laat afneem, en tweedens, of dit voldoende is om slagoffers te vergoed.

1.5.2.HIPOTESE

Die bestaan van 'n uitgebreide regsraamwerk ten aansien van die regulering van polisie brutaliteit skep die indruk dat geen gebreke bestaan nie. Die teendeel is egter waar. Die regsraamwerk bly in gebreke om die publiek te beskerm teen polisie brutaliteit juis weens 'n gebrek aan duidelike riglyne rondom die gebruik van geweld deur lede van die SAPD. 'n Gebrekkige regsraamwerk en die onvermoë om dit wat wel in plek is af te dwing, het tot gevolg dat die rapportering- en ondersoekstelsel derhalwe ook in gebreke is indien dit met

ander jurisdiksies vergelyk word. Verder is die interne vervolgingstelsel van die SAPD oneffektief en is daar plek vir verbetering. Nieteenstaande die vervolging van SAPD lede vir regserkende misdade, soos aanranding, aanranding met die opet om ernstig te beseer, moord en verkragting, is daar een handeling (marteling) waaraan lede van die SAPD hulself skuldig maak, maar tot onlangs nie voor vervolgt kon word nie. Nou dat marteling 'n nuwe regserkende misdaad is, het Suid-Afrika een van sy verpligtinge in terme van die "United Nations Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment" (hierna "die VN Konvensie" genoem) nagekom. Die toepassing daarvan mag egter nog vele probleme oplewer aangesien leemtes in die Martelingswet voorkom. Behalwe vir strafregtelike- en interne vervolging, is die verhaal van siviele skade en kompensasie ook moontlik. Lede van die SAPD is egter nie persoonlik aanspreeklik vir hul geweldadige optredes nie en gevolglik neem polisie brutaliteit toe. Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit betaal gevolglik (op grond van die beginsel van middellike aanspreeklikheid) vergoeding aan slagoffers van polisie brutaliteit. Hierdie vergoeding word indirek deur belasting betalers betaal, aangesien daar geen skadevergoedingfonds vir die betaling van slagoffers bestaan nie.

1.5.3. METODOLOGIE

Gedurende hierdie studie word daar van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak, deur te fokus op literêre bronne soos wetgewing, artikels, hofbeslissings en boeke.

Internet bronne was van besondere waarde aangesien polisie brutaliteit 'n aktuele probleem is en daar ten aansien van verskeie aspekte van polisie brutaliteit geen ander akademiese bronne beskikbaar is nie.

Verskeie metodologieë word tydens hierdie studie gebruik. 'n Kritiese benadering word eerstens gevolg, met die doel om regspraak, wetgewing en skrywers te kritiseer en sodoende moontlik oplossings vir polisie brutaliteit vind. Verder word

daar ook van 'n vergelykende benadering gebruik gemaak, spesifiek ten opsigte van rapportering en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit. Hierdie benadering het ten doel om deur middel van vergelyking oplossings vir hierdie probleme te vind. Laastens word daar van 'n historiese benadering gebruik gemaak, met die doel om die geskiedenis van polisie brutaliteit te bestudeer en oplossings daarvoor te vind.

1.6. STRUKTUUR

Om polisie brutaliteit te beperk is daar, benewens die regte vervat in die Grondwet, ook verskeie ander maatreëls ingestel.⁸⁵ Ten spyte daarvan dat wetgewing sekere riglyne aan lede van die SAPD verleen ten aansien van die gebruik van geweld, misbruik hulle egter hierdie magte wat aanleiding gee tot die brutale optrede van SAPD lede. Hierdie fundamentele regte en die impak op polisie optrede, asook tersaaklike wetgewing word tydens hoofstuk 2 bespreek. Alvorens polisie brutaliteit aangespreek kan word, moet 'n effektiewe rapporterings- en ondersoekstelsel in plek wees. Hoofstuk 3 van hierdie studie stel ondersoek in na Suid-Afrikaanse liggame wat verantwoordelik is vir die ontvang en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit, sowel as die interne dissiplinêre stelsel van die SAPD. 'n Vergelykende benadering met jurisdiksies word gevolg wat toon dat Suid-Afrika kan baat by meer effektiewe stelsels wat in New York in die VSA, Quebec in Kanada en Queensland in Australië funksioneer.

Bo en behalwe dissiplinêre optrede teen SAPD lede, is strafregtelike vervolging ook moontlik. In hoofstuk 4 word die besluit om te vervolg asook moontlike vonnisse ten aansien van aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, moord en verkragting bespreek. Verder word die kriminalisering van marteling bestudeer en bespreek aan die hand van die Martelingswet en die VN Konvensie. Die Martelingswet word verwelkom, aangesien lede van die SAPD,

⁸⁵ Bruce, soos (vn 18) hierbo.

wat hulself skuldig maak aan marteling, nou spesifiek ingevolge hierdie nuwe misdryf vervolg kan word.

Laastens kan sivilregtelike verrigtinge teen SAPD lede, alternatiewelik, die Minister van Veiligheid en Sekuriteit ingestel word ten aansien van dae van polisie brutaliteit. Hoofstuk 5 het ten doel om die aanspreeklikheid van SAPD lede en die Minister te analiseer. Verskeie vorme van skade en quantum ten aansien van skade, veroorsaak deur die brutale optredes van SAPD lede, word aan die hand van regspraak ontleed en bespreek.

Hoofstuk 6 van die studie bevat die gevolgtrekking van hierdie studie en maak aanbevelings vir die bekamping, rapportering en sanksionering van polisie brutaliteit in Suid-Afrika. Die kern aanbevelings is onder meer die instelling van intensiewe transformerende opleiding, beter opleiding ten aansien van die wettige gebruik van geweld, die ontwikkeling en implimentering van onafhanklike en effektiewe rapportering- en ondersoek meganismes asook die effektiewe implimentering van maatstawwe vir die doeltreffende toepassing van die Martelingswet.

HOOFSTUK 2: REGSRAAMWERK

2.1. INLEIDING

2.2. DIE GRONDWET

2.2.1. Algemeen.

2.2.2. Artikel 35(5) van die Grondwet en die uitsluiting van getuienis.

2.2.2.1. Die Invloed van die Grondwet op die ou Engelse reël: “The fruit of the Poisonous tree” met inagneming van *S v Mthembu*.

2.3. DIE GEMENEREG

2.3.1. Gemeenregtelike misdade waaraan lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens hulself skuldig maak en regverdigingsgronde daarvoor.

2.4. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN BELEIDSDOKUMENTE WAT TEN DOEL HET OM POLISIE BRUTALITEIT AAN TE SPREEK EN TE BEKAMP

2.4.1. Die Wet op Seksuele Misdrywe, 32 van 2007.

2.4.2. Die Strafproseswet, 51 van 1977.

2.4.2.1. Die gebruik van geweld tydens arrestasie.

2.4.2.2. Polisie brutaliteit en die toelaatbaarheid van erkennings en bekentenisse.

2.4.2.2.1. Die toelaatbaarheid van erkennings.

2.4.2.2.2. Die toelaatbaarheid van bekentenisse.

2.4.3. Die Wet op die Reguleering van Byeenkomste, 205 van 1993.

2.4.4. Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens Wet, 68 van 1995.

2.4.5. Beleid op die Voorkoming van Marteling en die Behandeling van Persone in Aanhouding in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.

2.5. INTERNASIONALE INSTRUMENTE

2.5.1. Algemeen.

2.5.2. Die Menseregte Handves.

2.5.3. Die VN Konvensie.

2.6. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

2.1. INLEIDING

Soos blyk uit hoofstuk een van die studie is polisie brutaliteit in Suid-Afrika 'n ernstige en voordurende probleem. Die Grondwet, sowel as Suid-Afrikaanse wetgewing, wat onder meer die Wet op Seksuele Misdrywe,¹ Die Strafproseswet,² die Wet op die Regulering van Byeenkomste³ en Die Suid-Afrikaanse Polisie Wet⁴ insluit, poog om polisie brutaliteit te bekamp. Bo en behalwe wetgewing, wat 'n belangrike rol in die voorkoming van hierdie probleem speel, bestaan daar ook op 'n internasionale vlak instrumente, soos die "United Nations Convention against Torture and Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment" (hierna "die VN Konvensie" genoem) en die Afrika Menseregte Handves (hierna "die Menseregte Handves" genoem) wat poog om polisie brutaliteit te bekamp. In hierdie hoofstuk word hierdie regsnorme bestudeer en bespreek.

2.2. DIE GRONDWET

2.2.1. ALGEMEEN

Die Grondwet spreek nie polisie brutaliteit direk aan nie, maar daar is verskeie fundamentele regte vervat in die Grondwet, soos die reg op menswaardigheid;⁵ die reg op lewe;⁶ die reg op vryheid en sekerheid van die persoon;⁷ die reg op

¹ Wet 32 van 2007.

² Wet 51 van 1977.

³ Wet 205 van 1993.

⁴ Wet 68 van 1995.

⁵ Artikel 10 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Hoofregter Chaskalson het in sy artikel 'Human dignity as a foundational nature of our Constitutional order' 2000 16 *SAJHR* 193, 196 geskryf dat "The affirmation of (inherent) human dignity as a foundation and value of the Constitutional order places our legal order firmly in the line with the development of constitutionalism in the aftermath of the second world war." Sien ook I. Currie en J. De Waal *The Bill of Rights Handbook* (2005), 744. Die beleid op voorkoming van marteling en behandeling van persone in aanhouding van die Suid-Afrikaanse polisie bepaal verder in artikel 4 dat elke persoon in aanhouding ten alle tye met respek vir sy of haar menswaardigheid behandel sal word. Sien ook S. Woolman en M. Bishop *Constitutional Law of South Africa* (2013), 36-6 tot 36-18.

⁶ Artikel 11 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Sien Currie en De Waal, soos (vn 5) hierbo, 283-284 vir

vergadering, betoging, linievorming en petisies;⁸ die reg op vryheid van beweging en verblyf;⁹ die reg op toegang tot howe¹⁰ en die reg van gearresterde, aangehoue en beskuldigde persone¹¹ wat betrekking het op polisie brutaliteit. Hierdie regte word deurgaans geskend deur die brutale optredes van polisielede in die Suid-Afrikaanse Polisie (hierna “die SAPD” genoem). Die regte, uiteengesit in artikel 12, weerspieël die belangrikste reg, aangesien hier onder andere bepaal word dat geen persoon gemartel¹² of op ‘n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf mag word nie. Om tussen die begrip “onmenslik, wrede en vernederend” te onderskei is nie ‘n maklike taak nie. Regter Langa het in die saak van *S v Williams*¹³ bevind dat die splitsing en individuele interpretasie van die drie woorde in sommige gevalle geregtig word en in ander nie. Die interpretasie van die woorde sal afhang van die omstandighede. Die vermelde regte in artikel 12¹⁴ staan sentraal tot hierdie studie aangesien lede van die SAPD verdagtes tydens die arrestasie- en die ondersoekfase soms martel en hierdie dade van marteling, asook ander onmenslike of wrede behandeling die indruk skep dat sommige SAPD lede ook ‘n informele straf vir beweerde misdade wil toedien.

bespreking rondom die reg.

⁷ Artikel 12 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Hierdie artikel beskerm fundamentele regte wat nie pertinent deur ander artikels in die Handves van Regte beskerm word nie. Currie en De Waal soos (vn 5) hierbo, 293. Artikel 12 bepaal dat elkeen die reg op vryheid en sekerheid van die persoon het, waarby inbegrepe is die reg om (a) arbitrêr of sonder gegronde rede vryheid ontnem te word nie (b) nie sonder verhoor aangehou te word nie (c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong (d) op geen wyse gemartel te word nie; en (e) nie op ‘n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie.

⁸ Artikel 17 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

⁹ Artikel 21 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹⁰ Artikel 34 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹¹ Artikel 35 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Hierdie artikel word later in die hoofstuk bespreek.

¹² D. Luban ‘Liberalism, torture, and the ticking bomb’ 2005 91 *Virginia Law Review* 1425, 1429-

¹² D. Luban ‘Liberalism, torture, and the ticking bomb’ 2005 91 *Virginia Law Review* 1425, 1429-1437. Marteling is tradisioneel gebruik as 1) deel van ‘n oorwinnaar se oorwinning na militaristiese oorlog, 2) om tereur in die algemene publiek te bewerkstellig, 3) as ‘n vorm van straf, 4) om bekennisse uit persone te verkry of 5) as ‘n metode om inligting te verkry. Die howe het steeds nie geleentheid gehad om oor die term marteling te beslis nie, maar soos later in hierdie hoofstuk bespreek word word die definisie van marteling in die Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment (hierna die VN Konvensie), vervat.

¹³ 1995 (3) SA 632 (CC).

¹⁴ Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Sien ook (vn 7) hierbo.

Die bovermelde regte mag slegs kragtens 'n algemene geldende regsvoorskrif,¹⁵ wat die gemenerereg, gewoontereg en wetgewing insluit, beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrepe van¹⁶ -

(a) die aard van die reg;¹⁷

(b) die belangrikheid van die doel van die beperking;¹⁸

(c) die aard en omvang van die beperking;¹⁹

(d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en²⁰

(e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.²¹

Behalwe soos in artikel 36(1)²² of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal word, mag geen regsvoorskrif enige reg in die Handves van Regte verskans of beperk nie.²³ Dit is duidelik dat subartikel 1 die maatstawwe bevat wat bepaal of 'n spesifieke inbreukmaking of beperking van 'n reg grondwetlik

¹⁵ Die kriteria vir 'n algemeen geldende regsvoorskrif is: (i) reg wat gelykmatig toegepaslik is met ander woorde gelyke behandeling; (ii) Nie-arbitrêr; (iii) duidelik en verstaanbaar en (v) Publikasie en toeganklikheid.

¹⁶ Grondwet, soos (vn 5) hierbo, Artikel 36 (1).

¹⁷ Die aard van die reg en die bepaling van of die reg geskend is al dan nie is die eerste been van 'n twee ledige toets met betrekking tot die reg. Tydens hierdie toets word die belangrikheid van die reg opgeveeg teen beperking van daardie spesifieke reg. Met dit in gedagte is dit duidelik dat waar die reg as "minder belangrik" in 'n oop en demokratiese samelewing, gebaseer op vryheid, gelykheid en menswaardigheid (soos die reg op lewe as belangriker reg as die reg tot vryheid van geloof) beskou word, hoe minder verpligtend sal die regverdiging van die beperking van daardie reg wees. Woolman en Bishop, soos (vn 5) hierbo, 3-71.

¹⁸ Die toets hier is tweeledig in die opsigte dat daar eers geïdentifiseer word wat die doel van die beperking is en dan moet daar bepaal word wat die belang van die beperking is. Woolman en Bishop, soos (vn 5) hierbo, 34-78.

¹⁹ Hierdie faktor is gebaseer op proporsionaliteit, waar die graad van regverdiging om 'n beperking van die reg te bewerkstellig afhang van die aard en mate van die beperking. Sien die saak van *S v Manamela and others* saak CCT 25/99.

²⁰ Wanneer die waarde van die beperking se doel bepaal word, sal dit nou sin maak om te vra of die mates wat geneem word, rasioneel en redelik instaat is om die doel van die beperking te bereik. Sien *S v Bhulwana* 1996 (1) SA 28 (CC) en *S v Gwadiiso* 1995 (12) BCLR 1579 (CC) vir 'n volledige bespreking rondom die toepassing van artikel 36(1)(d).

²¹ Die doel van hierdie faktor is om die staat of enige ander party wat 'n reg (soos in die Handves van Regte vervat) wil beperk, eers ander maniere (soos wetgewing) moet implimenteer wat minder inbreukmakend is op die reg wat huidiglik op inbreuk gemaak word. Sien *Coetzee v Cimitis & Others* 2001 (1) SA 1254 (C) en *South African National Defence Union v Minister of Defence & Another* 1999 (4) SA 469 (CC) asook Woolman en Bishop, soos (vn 5) hierbo, vir 'n verdere bespreking rondom hierdie faktor.

²² Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

²³ Grondwet, soos (vn 5) hierbo, artikel 36(2).

toelaatbaar is al dan nie.²⁴ Indien polisie brutaliteit met in ag neming van die bovermelde bestudeer word, bestaan daar geen algemene geldende reg wat brutale optrede deur die polisie regverdig nie. Dit is wel so dat daar verskeie wetgewing bestaan wat die polisie magtig om geweld te gebruik, soos later bespreek word in die hoofstuk, maar die wetgewing verleen hierdie magte aan lede van die SAPD binne 'n raamwerk wat nie 'n reg in die Handves van Regte skend nie en verder voldoen aan artikel 36 van die Grondwet.²⁵

2.2.2. ARTIKEL 35(5) VAN DIE GRONDWET EN DIE UITSLUITING VAN GETUIENIS

Die toelaatbaarheid van getuienis met inagneming van die wyse waarop die getuienis bekom is, word grondwetlik gereël. Artikel 35(5)²⁶ bepaal dat getuienis wat verkry is op 'n wyse wat enige reg in die handves van regte skend, uitgesluit moet word indien die toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sal maak of nadelig sal wees vir die regspleging. Alhoewel die Konstitusionele Hof nog nie die geleentheid gehad het om artikel 35(5)²⁷ te interpreteer nie, is daar verskeie appélsake wat handel met die interpretasie van Artikel 35(5),²⁸ waarvan die uitspraak van appélregters Cameron, Mlambo en Hancke in *S v Tandwa*²⁹ van deurslaggewende belang is. Daar is bevind dat getuienis wat op 'n ongrondwetlike wyse bekom is nie outomaties uitgesluit word nie, maar moet uitgesluit word waar die toelaatbaarheid van die getuienis nadelig sal wees vir regspleging. Verder moet getuienis uitgesluit word waar die toelaatbaarheid

²⁴ Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

²⁵ Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

²⁶ Grondwet, soos (vn 5) hierbo. artikel 35(5) van die Grondwet, die kernbeginsel van hierdie artikel is die uitsluiting van ongrondwetlike verkreë getuienis, ongeag die relevantheid daarvan dat dit andersins toelaatbaar sou wees. P.J. Schwikkard en S.E. Van Der Merwe *Beginsels tot die Bewysreg* (2009), 199. Sien ook D.T. Zeffert en A.P. Paizes *The South African Law of Evidence* (2009), 516 en 517.

²⁷ Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

²⁸ Grondwet, soos (vn 5) hierbo. *S v Tandwa* 2008 (1) SASV 613 (HHA); *S v Pillay* 2004 (2) SASV 419 (HHA); *S v M* 2002 (2) SACR 411 SCA para 31; *Director of Public Prosecution, Transvaal v Viljoen* 2005 (1) SASV 505 (HHA).

²⁹ *Tandwa*, soos (vn 28) hierbo.

daarvan die verhoor onbillik sal maak. Indien getuienis die verhoor onbillik maak, sal dit die regspleging ook skade aandoen.³⁰

Volgens Zeffert³¹ sal getuienis nie net ontoelaatbaar wees indien dit die verhoor onbillik maak nie, maar ook waar die getuienis nadelig sal wees vir regspleging. Die verkryging van getuienis moet dus aan albei vereistes van artikel 35(5) voldoen voordat dit ontoelaatbaar sal wees. Volgens regter Cameron in *S v Kidson*³², maak die skending van 'n reg in die Handves van Regte die verhoor onbillik en dit is hoekom getuienis wat verkry is op 'n wyse wat 'n reg in die Handves van Regte skend, uitgesluit word. Verder is Steytler³³ van mening dat daar slegs een toets vir die uitsluiting van getuienis is, naamlik of die toelating van die getuienis die verhoor onbillik sal maak al dan nie. Dit is duidelik dat Cameron³⁴ en Steytler³⁵ slegs een toets vir die uitsluiting van getuienis voorskryf, terwyl Zeffert van mening is dat die toets tweeledig is.

Die uitsluiting van getuienis wat enige reg in die Handves van Regte skend³⁶ is in *S v Mthembu*³⁷ vir die eerste keer toegepas met betrekking tot getuienis wat verkry is weens die uitwysing deur 'n derde (derhalwe nie 'n beskuldigde nie) wat gemartel is deur lede van die SAPD. Hierdie saak word in meer besonderheid hieronder bespreek.

³⁰ *Tandwa*, soos (vn 28) hierbo.

³¹ 1996 ASSAL 803 en 804-5.

³² 1999 (1) SASV 338 (W) 349 b-c.

³³ N. Steytler *Constitutional Criminal Procedure* (2007), 36.

³⁴ *Tandwa*, soos (vn 28) hierbo en *Kidson*, soos (vn 32) hierbo.

³⁵ Steytler, soos (vn 33) hierbo.

³⁶ Artikel 35(5) van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

³⁷ 2008 (2) SASV 407 (HHA).

2.2.2.1. DIE INVLOED VAN DIE GRONDWET OP DIE OU ENGELSE REËL “THE FRUIT OF THE POISONOUS TREE”: *S v MTHEMBU*.³⁸

Die Engelse reël bekend as “The fruit of the poisonous tree” bepaal dat getuienis wat verkry is op ‘n onregmatige wyse (ongrondwetlike wyse) toelaatbaar is weens die relevantheid en betroubaarheid daarvan.³⁹ “The fruits of the poisonous tree” het deel geword van Suid-Afrikaanse gemenerereg wat bepaal dat alle getuienis toelaatbaar is ongeag hoe die getuienis bekom is, mits dit relevant is.⁴⁰ Derhalwe sou reële getuienis (‘n objek wat weens behoorlike identifikasie, getuienis self word)⁴¹ wat verkry is weens ‘n onvrywillige erkenning deur ‘n beskuldige toelaatbaar wees indien die omstandighede duidelik aantoon dat die getuienis relevant en betroubaar is tot die beskuldigde se skuld.⁴²

‘n Voorsittende beampte het egter altyd ‘n diskresie gehad om getuienis uit te sluit indien die toelating van die getuienis onbillik sal wees teenoor die beskuldigde.⁴³ Die huidige posisie, met betrekking tot onvrywillige uitwysings deur beskuldiges, is dat onvrywillige uitwysing deur ‘n beskuldige ontoelaatbaar is, al is daar iets relevant en betroubaar⁴⁴ gevind tot die klagte deur die onvrywillige uitwysing.⁴⁵ Die rede waarom dit as getuienis ontoelaatbaar is, is omdat onvrywillige uitwysing nie net onbetroubaar is nie,⁴⁶ maar ook omdat

³⁸ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo.

³⁹ Legal Information Institute ‘Fruit of the poisonous tree’ by http://www.law.cornell.edu/wex/fruit_of_the_poisonous_tree (besoek: 31/05/2013)

⁴⁰ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo.

⁴¹ *S v M*, soos (vn 28) hierbo.

⁴² *Pillay*, soos (vn 28) hierbo by para 6. Sien ook *R v Samhando* 1943 AD 608.

⁴³ *S v Mushimba* 1977 (2) SA 829 (A).

⁴⁴ In *S v Sheehame* 1991 (2) SA 860 (A) het die hof opgemerk dat die betroubaarheidsargument afhanklik is van die element van ontdekking en dat dit gevolglik nie van toepassing is indien die uitwysing bloot reeds bekende feite bevestig nie.

⁴⁵ Regter Van Heerden, in die saak van *S v January, Prokureur Generaal, Natal v Khumalo* 1994 (2) SACR 801 (A) by 807 g-h.

⁴⁶ In *Samhando*, soos (vn 42) hierbo, word erkennings of bekennisse wat onder dwang bekom is uitgesluit vanweë die onbetroubaarheid daarvan, maar sal egter toelaatbaar wees indien iemand oor die inhoud van die erkenning of bekentenis kan getuig, wat die inhoud daarvan bevestig.

die gemeenskap dit belangrik ag dat persone in aanhouding nie onbehoorlike druk of onbehoorlike behandeling moet ontvang om erkennings te maak nie.⁴⁷

Uitwysings deur derdes moet ook aandag geniet, aangesien dit derdes is wat soms uitwysings maak wat 'n bydra kan lewer tot die skuld van 'n beskuldigde. *Mthembu*⁴⁸ het betrekking op die uitsluiting van reële getuienis wat verkry is weens die uitwysing van 'n derde, waar die derde gemartel is om inligting te verskaf wat tot 'n uitwysing gelei het.⁴⁹ Die hof het bevind dat die absolute bepaling teen die gebruik van marteling deur polisielede om 'n bekentenis of erkenning te maak, volgens beide die Suid-Afrikaanse en internasionale reg, 'n verpligting op die hof plaas om enige getuienis wat op so wyse verkry is, uit te sluit.⁵⁰ Die hof het ook bevind dat:

- 1) Getuienis uitgesluit moet word wanneer die regspleging nadelig geraak word (ongegag die impak wat dit sal hê op die billike verhoor van die beskuldigde);
- 2) Die openbare beleid vereis dat skuldiges rekenskap moet gee en is besorg oor die wyse waarop die ondersoek- en vervolgingsgesag getuienis bekom teen die verdagtes; en
- 3) Getuienis wat bevek is, onherstelbaar is en op die lang termyn 'n wegvretende effek op die regspleging het asook op die integriteit van die regspleging.⁵¹

Die marteling van die derde (deur polisielede) in die bovermelde saak, het die getuienis onherstelbaar bevek, die toelaatbaarheid van die getuienis sou die integriteit van die regsproses benadeel en die eer van regspleging onreg aandoen, vir hierdie redes, asook die redes hierbo uiteengesit, is die getuienis van die derde uitgesluit. Derhalwe word reële getuienis wat verkry is weens 'n

⁴⁷ *Wong Kam-ming v The Queen* [1980] AC 247 (PC) by 261, soos daarna verwys word in Schwikkard en Van Der Merwe, soos (vn 26) hierbo, 360.

⁴⁸ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo.

⁴⁹ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo, by [1].

⁵⁰ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo.

⁵¹ *Mthembu*, soos (vn 37) hierbo, by [32]. Sien ook R. Fleetwood 2011 *Commonwealth Human Rights Law Digest* (7), 31-33.

onvrywillige uitwysing deur 'n derde dus voortaan, in teenstelling met die ou Engelse reël ten aansien van “the fruits of the poisonous tree”,⁵² uitgesluit as getuienis, ongeag die feit dat dit die verhoor onbillik sal maak of nadelig sal wees vir regspleging.⁵³ Die impak wat die uitspraak in vermelde saak op polisie brutaliteit het, is dat reële getuienis wat tydens die uitwysing van 'n derde gevind word (waar die uitwysing gemaak is as gevolg van die brutale optrede van polisielede) uitgesluit kan word.

2.3. DIE GEMENEREG

2.3.1. GEMEENREGTELIKE MISDADE WAARAAN LEDE HULSELF SKULDIG MAAK EN REGVERDIGINGSGRONDE DAARVOOR

Alhoewel lede van die SAPD hulself aan statutêre verkragting kan skuldig maak, soos daarvoor voorsiening gemaak word in die Wet op Seksuele Misdrywe,⁵⁴ kan lede van die SAPD hulself ook skuldig maak aan gemeenregtelike misdade wat moord, aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer, insluit.⁵⁵

Noodweer⁵⁶ en noodtoestand⁵⁷ kan as gemeenregtelike regverdigingsgronde vir die vermelde misdade geopper word, maar met spesifieke verwysing na optredes wat op polisie brutaliteit neerkom, bestaan daar 'n verdere gemeenregtelike regverdigingsgrond bekend as “handel op bevel”.⁵⁸ Derhalwe word handel op bevel as regverdigingsgrond ondersoek, aangesien dit die mees gepaste

⁵² Sien (vn 39) hierbo.

⁵³ Grondwet, soos (vn 5) hierbo, artikel 35(5).

⁵⁴ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

⁵⁵ Sien paragraaf 1.2.2 van Hoofstuk 1.

⁵⁶ Sien E.M. Burchell en J.R.L. Milton *South African Criminal Law and Procedure* (1983), 321, asook J. Burchell *Principals of Criminal Law* (2010), 230 vir 'n bespreking rondom noodweer.

⁵⁷ Sien Burchell, soos (vn 56) hierbo, 256, asook C.R. Snyman *Strafreg* (2012), 118 vir 'n bespreking rondom noodtoestand.

⁵⁸ Artikel 3 van die Beleid op die Voorkoming van Marteling en die Behandeling van Persone in Aanhouding van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens bepaal dat 'n lid wat in opdrag optree waar die bevel is om 'n ander persoon te martel, nie as regverdigingsgrond vir marteling bestempel kan word nie. SAPD ‘Treatment of persons in custody of the South African Police Service’ by http://ppja.org/countries/south-africa/SAPS_policy_torture.pdf (besoek: 24/03/2013)

regverdigingsgrond ten opsigte van hierdie studie is. Melding word ook gemaak van “verpligting” as regverdigingsgrond. Dit is belangrik om daarop te let dat verpligting nie as afsonderlike regverdigingsgrond bestempel word nie, maar slegs as regverdigingsgrond onder handel op bevelgeld.⁵⁹ Alhoewel handel op bevel bespreek word en nie noodweer of noodtoestand nie, beteken dit nie dat polisielede hul nie op laasgenoemde regverdigingsgronde kan beroep nie. Die “Prevention of Combating and Torture Act, 2013” (hierna “die Martelingswet” genoem) bepaal egter uitdruklik dat handel op bevel nie as regverdigingsgrond vir marteling bestempel word nie, maar skryf verder ook geen ander regverdigingsgrond vir marteling voor nie.⁶⁰

Snyman wys daarop dat ekstreme benaderings gevolg kan word ten aansien van handel op bevel.⁶¹ Dit kan eerstens as regverdigingsgrond gesien word, waar ‘n ondergeskikte die bevel van sy meerdere bloot blindelings gehoorsaam en uitvoer. Hierdie benadering behoort egter nie in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar te word nie, veral nie met betrekking tot ernstige misdade nie. Daarteenoor, kan die standpunt gehuldig word dat uitvoering van ‘n bevel nooit as ‘n verweer geopper kan word nie.⁶² ‘n Derde benadering, wat die Suid-Afrikaanse houding weerspieël, staan bekend as ‘n middeweg tussen die eerste- en tweede benadering en is gevolg in *R v Werner*,⁶³ waar die hof bevind het dat ‘n soldaat slegs verplig is om ‘n bevel te gehoorsaam wat nie klaarblyklik wederregtelik is nie.⁶⁴ Die proporsionaliteits toets vind ook hier toepassing en derhalwe sal die verweer van handel op bevel slegs as regverdigingsgrond slaag indien die

⁵⁹ Persoonlike kommunikasie met Dr L.G. Curlewis (Strafreg prokureur), gesprek gehou te Pretoria op die 4de Desember 2013.

⁶⁰ Artikel 4(3)(b) van die Martelings wet.

⁶¹ Snyman, soos (vn 57) hierbo, 142.

⁶² Snyman, soos (vn 61) hierbo.

⁶³ 1947 2 SA 828 (A) 833. Sien ook *S v Mohale* 1999 2 SASV 1 (W). Die middeweg-benadering dra klaarblyklik ook die goedkeuring van die opstellers van die Grondwet weg, aangesien artikel 199(6) van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo, bepaal dat geen lid van enige veiligheidsdienste ‘n klaarblyklike onwettige bevel mag gehoorsaam nie.

⁶⁴ Om te bepaal of die bevel klaarblyklik wederregtelik is al dan nie moet daar gekyk word na die inhoud van die bevel en die omstandighede waarin dit gegee is, en jouself afvra of enige redelike persoon in ‘n soldaat se posisie die bevel as regmatig dan wel onregmatig sou beskou het. Buiten die voorafgaande kan nog ‘n hulpmiddel tot die redelike soldaat toets gewend word deur te bepaal of die ondergeskikte gevra word om te doen wat binne die raamwerk van sy normale bevoegdhede is. Snyman soos (vn 57) hierbo.

ondergeskikte nie meer skade aangerig het as wat nodig is om sy bevel uit te voer nie.⁶⁵

Vir 'n polisiebeampte om dus te slaag met handel op bevel as regverdigingsgrond moet 1) die bevel kom van iemand wat regmatig gesag oor 'n ondergeskikte uitoefen,⁶⁶ 2) die ondergeskikte moet onder verpligting staan om die bevel van die meerdere te gehoorsaam,⁶⁷ 3) die bevel moet nie klaarblyklik wederregtelik wees nie en 4) die ondergeskikte moet nie verder gaan as wat nodig is om die bevel uit te voer nie.⁶⁸

Kritiek teen die eerste twee benaderings is dat dit impliseer dat elke ondergeskikte by elke bevel wat hy kry eers self moet oordeel of die bevel regmatig of onregmatig is. Dit kan tot gevolg hê dat dissipline in die verskeie magte nie bevorder word nie.⁶⁹ Derhalwe word die derde benadering, wat ook 'n vereiste vir die geslaagde beroep op handel op bevel as regverdigingsgrond is, toegepas in Suid-Afrika waar 'n onderdaan slegs verplig is om 'n bevel van 'n meerdere te gehoorsaam en waar die bevel nie klaarblyklik wederregtelik is nie.

Dit is duidelik uit die bovermelde dat, in die konteks van die polisiediens, waar 'n kaptein (meerdere) 'n opdrag gee aan 'n polisie konstabel (ondergeskikte) om X ('n verdagte) te dood of aan te rand, die polisie konstabel (wat verplig is om die kaptein se bevel te gehoorsaam) eers moet vasstel of die bevel klaarblyklik wederregtelik is. Dit word gedoen deur die inhoud van die bevel te beoordeel en vas te stel of 'n redelike polisie konstabel in die omstandighede uitvoering daaraan sal gee. Verder moet die konstabel vasstel of die uitvoering van die bevel binne die normale raamwerk van sy bevoegdhede val en moet slegs die nodige geweld gebruik word om sy bevel uit te voer. Indien daar aan die

⁶⁵ *Mayer v Attorney-General, Transvaal* 1958 3 SA 793 (R) 796-797.

⁶⁶ Die bevel moet van 'n meerdere kom. Burchell, soos (vn 56) hierbo, 286. Sien ook *S v Banda* [65] 1990 (3) SA 446 (B).

⁶⁷ Burchell, soos (vn 56) hierbo. Die plig om 'n bevel van 'n meerdere te gehoorsaam word deur die reg op gesag in die Defence Act 44 van 1957.

⁶⁸ Snyman, soos (vn 57) hierbo, 144.

⁶⁹ Snyman soos (vn 57) hierbo, 142.

bovermelde voldoen word, sal handel op bevel as 'n regverdigingsgrond vir moord, poging tot moord, aanranding met die opset om ernstig te beseer, aanranding en strafbare manslag slaag.

'n Verdere verweer vir 'n onderdaan is die verweer van "verpligting". In hierdie geval kan die ondergeskikte die verweer opper waar 'n meerdere die onderdaan dreig met moontlike leed, ernstige liggaamlike leed of dood as hy nie die bevel uitvoer nie.⁷⁰ Dit is duidelik dat handel op bevel en verpligting as verweer oorvleuel, maar verskil in die opsigte dat handel op bevel sonder 'n dreigement van ernstige liggaamlike leed of dood gepaard gaan, terwyl die verweer van verpligting slegs van toepassing is waar so dreigement aanwesig is.

2.4. SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN BELEIDSDOKUMENTE WAT TEN DOEL HET OM POLISIE BRUTALITEIT AAN TE SPREEK EN TE BEKAMP

Soos reeds aangedui, bestaan daar meerdere wetgewing in Suid-Afrika wat ten doel het om polisie brutaliteit te voorkom. Bo en behalwe wetgewing, is 'n beleid op die voorkoming van marteling en behandeling van persone in polisie aanhouding in die SAPD ook 'n stap om marteling in die SAPD kringe te bekamp. Die impak van die wetgewing en beleid word hieronder kortliks ondersoek.⁷¹

2.4.1. DIE WET OP SEKSUELE MISDRYWE, 32 VAN 2007⁷²

Alhoewel meeste van die misdade waaraan polisie beamptes hulself skuldig maak nie gekodifiseer is nie, maar deur die gemenereg bepaal en gereguleer word, is daar sekere misdade, van seksuele aard, wat wel gekodifiseer is in die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)

⁷⁰ Burchell, soos (vn 56) hierbo, 289.

⁷¹ Sien paragraaf 2.1 in hierdie hoofstuk vir 'n lys van hierdie wetgewing.

⁷² Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

(hierna “die Wet op Seksuele Misdrywe” genoem).⁷³ Bo en behalwe die kodifisering van erkende gemeenregtelike seksuele misdryf, soos onsedelike aanranding, bloedskande, bestialiteit en gemeenskap met ‘n lyk, skep hierdie wet ook vier nuwe misdade, naamlik gedwonge verkragting, seksuele aanranding, gedwonge seksuele aanranding en gedwonge self-seksuele aanranding.⁷⁴ Vir doeleindes van hierdie studie, is die Wet op Seksuele Misdrywe van belang aangesien lede van die SAPD hulself dikwels aan misdade van seksuele aard skuldig maak. Hierdie wetgewing herroep ook die gemeenregtelike misdaad verkragting⁷⁵ en vervang dit met ‘n uitgebreide statutêre verkragting wat betrekking het op alle vorme van penetrasie sonder toestemming, ongeag die geslag van die dader of slagoffer.⁷⁶

Verder bepaal die Wet op Seksuele Misdrywe dat enige persoon wat poog; met enige iemand saamsweer; of aan iemand anders hulp verleen of so iemand bystaan, oorhaal, aanspoor, aanhits, opdrag gee, adviseer of beweeg om enige seksuele misdaad ingevolge hierdie wet te pleeg, aan ‘n misdaad skuldig is.⁷⁷

Die Wet op Seksuele Misdrywe maak verder voorsiening vir seksuele aanranding en omskryf seksuele aanranding soos volg: “a) iemand (A) wat wederregtelik en opsetlik ‘n klaer of klaagster (B) sonder die toestemming van (B), seksueel skend⁷⁸, is skuldig aan die misdryf van seksuele aanranding, b) iemand (A) wat wederregtelik en opsetlik die oortuiging in die klaer of klaagster (B) wek dat (B) seksueel geskend gaan word, is skuldig aan die misdaad van seksuele aanranding”⁷⁹

⁷³ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

⁷⁴ D. Smythe, B. Pithey en L. Artz *Sexual Offences Commentary, Act 32 of 2007* (2011), 3-1.

⁷⁵ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo, artikel 68(1)(b).

⁷⁶ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo, artikel 3.

⁷⁷ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo, artikel 55. Sien ook die bespreking in Hoofstuk 4, onder paragraaf 4.3.3.2 vir ‘n bespreking rondom poging, samewering en uitlokking.

⁷⁸ Seksuele skending word omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe soos (vn 1) hierbo.

⁷⁹ Snyman (vn 57) hierbo, 385. Sien ook artikel 5 van die Wet op Sekuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

Seksuele aanranding vervang die ou gemeenregtelike misdaad, onsedelike aanranding en bestaan uit elemente soos 1) seksuele skending, 2) onregmatigheid, 3) afwesigheid van toestemming en 4) opset.⁸⁰ Alhoewel seksuele aanranding en verkragting element twee tot vier in gemeen het, is dit noodsaaklik om daarop te let dat verkragting⁸¹ en seksuele aanranding nie dieselfde is nie. Die verskil is daarin geleë dat verkragting altyd te make het met penetrasie terwyl dit nie met seksuele aanranding die geval is nie, maar dat seksuele aanranding wel steeds van 'n seksuele aard is.⁸²

Die straf ten aansien van seksuele misdade soos gekodifiseerd in die wet, is vreemd aangesien 'n persoon sou verwag dat die wetgewer maksimum strawwe vir elke individuele seksuele misdaad in plek sou stel. Dit is egter nie die geval ten aansien van hierdie wet nie. Gevolglik het die *nulla poena sine lege* beginsel in die saak van *Director of Public Prosecution, Western Cape v Prins*,⁸³ waar Prins aangekla was van seksuele aanranding, soos bepaal deur artikel 5(1) tersprake gekom.⁸⁴ Die hof het bevind dat daar geen misdaad is nie, omdat daar geen straf voorgeskryf is in die wet nie. Die saak is op appél geneem deur die Hoë hof te nader, waar die appél van die hand gewys is en die Hoogste hof van Appél genoodsaak was om finale uitspraak rondom die saak te lewer.⁸⁵ Appélregter Wallis het die moeilike taak gehad om te besluit of die afwesigheid van 'n strafklousule in die wet⁸⁶ tot gevolg het dat geen misdaad geskep is. Wallis AJ het tot die gevolgtrekking gekom dat Prins, voor die inwerkingtrekking van die wet, skuldig sou gewees het aan die gemeenregtelike misdaad onsedelike aanranding, waarna die vonnis in die diskresie van die hof oorgelaat sou word. Volgens Wallis AJ is seksuele aanranding soortgelyk aan die

⁸⁰ Smythe, Pithey en Artz, soos (vn 74) hierbo 3-4.

⁸¹ Sien die definisie van verkragting en die argument dat verkragting as polisie brutaliteit bestempel kan word onder paragraaf 1.2.2.1.3 in Hoofstuk 1.

⁸² Snyman, soos (vn 57) hierbo, 385 en 386.

⁸³ 2012 (2) SACR 67 (WCC).

⁸⁴ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

⁸⁵ *Director of Public Prosecution, Western Cape v Prins* 2012 (2) SACR 183 (SCA).

⁸⁶ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

gemeenregtelike misdaad, onsedelike aanranding⁸⁷ en behoort die vonnis ten aansien van seksuele misdrywe in die diskresie van die hof oorgelaat te word. Derhalwe word die *nulla poena sine lege* reël nie verbreek nie, aangesien die vonnisse wat deur 'n hof op gelê word uit die gemenereg voortspruit.⁸⁸ Gevolglik word die vonnis vir misdrywe in die Wet op Seksuele Misdrywe⁸⁹ in die hof se diskresie gelaat, soos in die geval van gemeenregtelike misdade van seksuele aard, waar daar riglyne ten aansien van vonnisse vir seksuele misdade in die vorm van regspraak is.⁹⁰

Daar moet egter daarop gelet word dat die Strafwysigingswet⁹¹ wel minimum vonnisse voorskryf vir die gekodifiseerde misdaad verkragting⁹² en dat die Wet op Seksuele Misdrywe⁹³ gewysig is en hierdie wysigings inwerking is sedert 26 Junie 2012.⁹⁴ Artikel 56A(1) van die gewysigde Wet op Seksuele Misdrywe⁹⁵ bepaal nou dat waar enige misdaad in die wet geskep word en nie 'n strafbepaling bevat nie, die hof 'n gepaste vonnis sal oplê, soos vervat in artikel 276 van die Strafproseswet.⁹⁶ Hierdie wysiging het egter geen effek op die Hoogste Hof van Appél se uitspraak, soos hierbo bespreek, nie.⁹⁷

⁸⁷ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

⁸⁸ Die *nulla poena sine lege* reël vereis dat die vonnis uit die gemenereg of statut moet voortspruit. Sien *S v Dodo* 2001 (3) SA 382 (CC), para 13.

⁸⁹ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1).

⁹⁰ *Prins*, soos (vn 85) hierbo.

⁹¹ Strafwysigingswet, Wet 105 van 1997, artikel 51(1).

⁹² Hierdie aspek word deeglik onder hoofstuk 4 van die studie bespreek.

⁹³ Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 1) hierbo.

⁹⁴ Wet op Seksuele Misdrywe, gewysigde Wet 6 van 2012. Sien D. Matlala 'The law reports' October 2012 *De Rebus*, 39. Sien verder L. Jordaan en S.S. Terblanche 'Does the principal of legality require statutory crimes to have specific penalty clauses? A critical analysis of the decisions of the High Court and the Supreme Court of Appeal in *DPP, Western Cape v Prins*' 2013 *SACJ* 3, 379-389.

⁹⁵ Gewysigde Wet op Seksuele Misdrywe, soos (vn 94) hierbo.

⁹⁶ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

⁹⁷ Jordaan en Terblanche, soos (vn 94) hierbo.

2.4.2. DIE STRAFPROSESWET, 51 VAN 1977⁹⁸

Die Strafproseswet⁹⁹ maak voorsiening vir die gebruik van geweld deur lede van die SAPD in twee spesifieke artikels.¹⁰⁰ Artikel 27(1)¹⁰¹ magtig 'n polisiebeampte wat 'n persoon of perseel wil deursoek om die geweld te gebruik wat redelikerwys nodig is om enige weerstand teen deursoeking of die betreding van 'n perseel te oorkom.¹⁰² Dit is duidelik dat alhoewel geweld gebruik mag word, die geweld redelikerwys¹⁰³ nodig moet wees. Met inbegrepe die oopbreek van 'n deur of 'n venster, moet 'n polisie beampte eers hoorbaar toegang tot die perseel eis en die doel bekend maak waarvoor hy so 'n perseel wil betree.¹⁰⁴

Regmatige arrestasie rus op vier pilare waarvan die belangrikste pilaar, vir doeleindes van die studie, die gebruik van geweld is om 'n verdagte onder beheer te bring.¹⁰⁵ Die gebruik van geweld word deur Artikel 49(1) bepaal en lees soos volg :” Iemand wat ingevolge hierdie wet gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem of om met sy in hegtenisneming behulpsaam te wees, poog om so persoon in hegtenis te neem en so 'n persoon (a) hom teen die poging verzet en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie...kan die aldus gemagtige persoon, ten einde die in hegtenisneming uit te voer, die geweld aanwend wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verzet te bowe te kom...”¹⁰⁶

⁹⁸ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

⁹⁹ Soos (vn 2) hierbo.

¹⁰⁰ Soos (vn 2) hierbo, artikel 27 en artikel 49.

¹⁰¹ Soos (vn 2) hierbo.

¹⁰² J.J. Joubert et al *Strafprosesreg Handboek* (2012), 148.

¹⁰³ 'n Persoon sal redelike gronde hê om iets te vermoed indien hy dit werlik vermoed, sy vermoede baseer is op feite en indien enige redelike persoon, in die lig van die feite, dieselfde vermoede sou gekoester het. Hierdie vraag is egter 'n feitlike vraag wat met verwysing na die feitlike omstandighede van elke geval beantwoord moet word. Joubert et al, soos (vn 102) hierbo , 114.

¹⁰⁴ Joubert et al, soos (vn 102) hierbo.

¹⁰⁵ Sien artikel 39(1) van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

¹⁰⁶ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

2.4.2.1. DIE GEBRUIK VAN GEWELD TYDENS ARRESTASIE

Aangesien meeste voorvalle van polisie brutaliteit tydens arrestasie plaas vind,¹⁰⁷ word die gebruik van geweld tydens arrestasie statutêr gereël¹⁰⁸ en vorm al die afgelope 170 jaar deel van die Suid-Afrikaanse reg. Hierdie bepalings het deur die jare heen verskeie veranderings ondergaan, soos dit sal blyk uit die bespreking hieronder.¹⁰⁹ Ingevolge Art 49 van die Strafproseswet¹¹⁰ (hierna die ou artikel 49) kon geweld gebruik word met inhegtenisname, maar slegs vir 'n bylae 1 misdryf.¹¹¹ Tot en met hierdie stadium kon geweld, selfs dodelike geweld gebruik word deur lede van die SAPD vir relatief minder ernstige misdade. Waar 'n verdagte arres teengestaan het of gevlug het, kon dodelike geweld ook gebruik geword het in sekere omstandighede.¹¹²

Alhoewel proporsionaliteit tussen die erns van die misdaad en die gebruik van geweld deel vorm van die interpretasie van die ou artikel 49(1) is dit beperk tot die erns van die misdaad en geweld.¹¹³ Dit was die siening van die hof in *Matlou*

¹⁰⁷ Joubert et al, soos (vn 102) hierbo, 136.

¹⁰⁸ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo, Artikel 49.

¹⁰⁹ Artikel 1 van die Kaap die Goeie Hoop Ordonnansie 2 van 1837, Artikel 41 van die Transvaalse Strafproses Ordonnansie 1 van 1903, artikel 44 van die Strafproseswet 31 van 1917 en Artikel 37 van die Strafproseswet 56 van 1955, soos daarna verwys word in E. Du Toit et al *Commentary on the Criminal Procedure Act* (2010), 5-25

¹¹⁰ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo. Artikel 49 van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo bepaal dat: 1) Indien iemand wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, poog om so 'n persoon in hegtenis te neem en so persoon-a) hom teen die poging verset en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie; of b) Wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem, of teen die poging verset en vlug, kan aldus gemagtige persoon, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld aanwend wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verset te oorkom. 2) Waar die betrokke persoon in hegtenis geneem staan te word weens 'n Bylae 1 bedoelde misdryf of inhegtenis geneem staan te word op grond daarvan dat hy redelikerwys verdink word om so 'n misdryf te gepleeg het, en die persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om hom in hegtenis te neem of met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, hom nie op 'n ander wyse in hegtenis kan neem of kan verhinder om te vlug as deur hom te dood nie, word die doding geag straffelose doodslag te wees.

¹¹¹ Sien Du Toit et al, soos (vn 109) hierbo. Bylae 1 van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo, maak voorsiening vir misdade soos verkragting, moord, roof, sodomie, onsedelike aanrading ens.

¹¹² *Mazeka v Minister of Justice* 1956 (1) SA 312 (A).

¹¹³ Dit moet daarop gelet word dat die hof oor die interpretasie van die ou artikel 49(1) beslis het, voordat artikel 49 van die 1977 Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo, inwerking getree het op 18 Julie 2003, nadat die inwerkingtreding van die nuwe artikel vir baie jare vertraag is weens die polisie wat beswaar gemaak het op die gronde dat dodelike geweld slegs as selfverdediging gebruik mag word. A. Kruger *Hiemstra's Criminal Procedure* (2012), 5-21.

v Makubela,¹¹⁴ waar die hof die eerste keer die geleentheid gegun is om “redelikerwys nodig” soos bepaal deur die ou artikel 49(1) te interpreteer.¹¹⁵ Die interpretasie van die ou artikel 49(1) is verder geneem in die saak van *Govender v Minister of Safety and Security*,¹¹⁶ waar die hof bevind het dat proporsionaliteit, soos beoog in *Matlou*,¹¹⁷ nie beperk moet word tot slegs die erns van die misdaad en geweld nie, maar ook voorsiening moet maak vir alle ander faktore. Hierdie faktore bestaan onder meer uit die aard en graad van die geweld wat gebruik word en die dreigement van die verdagte om die veiligheid en sekuriteit van die polisiebeampte en/of individu van die gemeenskap as geheel aan te tas.¹¹⁸ Vanuit die bovermelde bespreking is dit duidelik dat die hof hulself nie uitgelaat het oor die grondwetlikheid van die ou artikel 49 nie. Die grondwetlikheid van die ou artikel 49(2) is eers in *Ex Parte: Minister of Safety and Security: In Re S v Walters*¹¹⁹ oorweeg. Die hof het die ou artikel 49(2) ongrondwetlik verklaar, waarna die artikel mettertyd herroep en vervang is met artikel 49(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 (hierna die gewysigde artikel 49 van 1977)¹²⁰. Hierdie gewysigde artikel weerspieël die benaderings van die

¹¹⁴ 1978 (1) SA 946 (A).

¹¹⁵ Die ou artikel 49 skep die indruk dat moord en besering in ‘n afsonderlike subartikel bespreek word deurdat moord toelaatbaar is in geval van sekere misdade, soos vervat in skedule 1, terwyl besering nie net toelaatbaar is in die geval skedule 1 misdrywe nie, maar ook in die geval van alle ander misdade. Du Toit et al, soos (vn 109) hierbo, 5-26. In *Macu v Du Toit* 1983 (4) SA 629 (A) 541G het die hof ook die geleentheid gehad om oor artikel 49 se interpretasie te beslis en bevind dat die ou artikel 49 (1)(b) en artikel 49(2) so nou aan mekaar is dat die toets wat in artikel 49(2) gebruik word om te bepaal of die moord redelik was, naamlik of die die vlug van die oorledene op enige ander wyse voorkom kon word anders as om geweld te gebruik, eweneens van toepassing is op artikel 49(1). Du Toit et al, soos (vn 109) hierbo, 5-26.

¹¹⁶ 2001 (4) SA 273 (A).

¹¹⁷ Du Toit et al, soos (vn 109). Voor die beslissing in *Govender*, soos (vn 116) hierbo was die vereiste van proporsionaliteit beperk tot die proporsionaliteit tussen die geweld wat gebruik is en die erns van die misdaad.

¹¹⁸ *Govender*, soos (vn 116) hierbo, 274.

¹¹⁹ 2002 (4) SA 613 (KH).

¹²⁰ Die nuwe artikel 49 is geskep deur die wetgewing ten aansien van die gebruikmaking van geweld in ander lande soos Amerika en Duitsland te bestudeer. Alhoewel artikel 49 ongrondwetlik verklaar is, beteken dit nie dat die effek retrospektiewelik is nie, sien *Minister of Safety and Security v Folo & others* (2007) 1 All SA 149 (SCA) in hierdie verband. Die rede waarom die ou artikel 49 ongrondwetlik verklaar is te vinde in die feit dat die ou artikel 49 die dood van ‘n verdagte bemagtig het sonder dat daar ‘n dreigement was, dat daar geen voorsiening gemaak word vir proporsionaliteit nie en dat die artikel onredelike en disporsionele was teenoor die persoon wat a arrester. Kruger, soos (vn 113) hierbo, 5-19.

Hoogste hof van appél in die saak van *Govender*¹²¹ en die Konstitusionele hof in *Walters*.¹²²

Die belang van *Walters*¹²³ is nie net geleë in die ongrondwetlik verklaring van die ou artikel 49(2) nie, maar ook in die skep van 'n raamwerk vir die gebruik van geweld tydens arrestasie. Hierdie raamwerk is geskep deur faktore in die reg vir die gebruikmaking van geweld en sluit onder meer in dat:

- 1) die doel van arrestasie is om 'n verdagte voor die hof te bring,
- 2) arrestasie nooit as straf gebruik mag word nie,
- 3) waar arres dit vereis mag geweld gebruik word, maar slegs tot die mate waartoe dit nodig sal wees om die arres uit te voer,
- 4) waar geweld nodig is, mag slegs die minste geweld gebruik word om die arres uit te voer,
- 5) wanneer daar besluit word oor die mate van geweld wat redelik en noodsaaklik is, moet alle omstandighede in ag geneem word, insluitende die dreigement van geweld wat die verdagte maak aan die arresterende beampte of enige iemand anders, die aard en erns van die misdaad waarvan die verdagte verdink word, die geweld wat proporsioneel is in al die omstandighede,
- 6) die skiet van 'n verdagte om die arres uit te voer word slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat,
- 7) die skiet van 'n verdagte word oor die algemeen nie toegelaat nie, behalwe waar die verdagte 'n dreigement van geweld openbaar teenoor die arresterende beampte en ander.¹²⁴

¹²¹ *Govender*, soos (vn 116) hierbo.

¹²² *Govender*, soos (vn 116) hierbo, *Walters*, soos (vn 118) hierbo. Sien ook Du Toit et al, soos (vn 108) hierbo, 5-25 en J. Burchell *South African Criminal Law and Procedure Vol 1, General Principals of Criminal Law* (2011), 198-215,

¹²³ *Walters*, soos (vn 119) hierbo.

¹²⁴ *Walters*, soos (vn 119) hierbo by 643. Faktor 7 is in die saak van *Jacobs & others v Minister of Safety and Security*, ongerapporteerde (TPD) saak nommer A1699/04, (1 September 2005) 11-12 toegepas.

Bo en behalwe die skep van 'n raamwerk vir die gebruik van geweld, was proporsionaliteit ook die kern van die saak waar die regter bevind het dat geweld, wat nog van dodelike geweld, onnodig is in die geval waar die verdagte nie daarvan verdink word dat hy 'n misdadig gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike leed bewerkstellig nie, of waar die verdagte geen gevaar inhou vir die arresterende persoon of vir 'n lid van die publiek nie.¹²⁵

Soos reeds aangedui is artikel 49¹²⁶ verskeie kere gewysig en word steeds gewysig. Die mees onlangse wysiging van artikel 49¹²⁷ is die van 2012 (hierna die huidige artikel 49). Die doel van die artikel is nie net om regsekerheid in verband met die gebruikmaking van geweld te bewerkstellig nie, maar ook om artikel 49 verder in lyn met die Grondwet en die uitspraak van Walters¹²⁸ te bring. Indien die gewysigde artikel 49 van 1977 vergelyk word met die huidige artikel 49(1) van 2012, blyk dit dat daar voorsiening gemaak word vir die definisie van dodelike geweld in die huidige artikel 49,¹²⁹ terwyl die gewysigde artikel 49 van 1977 slegs voorsiening maak vir die definisie van verdagte en die persoon wat mag arresteer. Verder is dit duidelik dat meer faktore in die huidige artikel 49(2) gelys word.

Behalwe vir die faktore van die gewysigde artikel 49(2)(a)-(c) van 1977¹³⁰ voeg die huidige artikel 49(2) nog twee faktore by en bepaal dat geweld redelik, noodsaaklik en proporsioneel moet wees in die bepaalde omstandighede.¹³¹ Dit is duidelik dat die wetgewer met die huidige artikel 49 beoog om die gevoel van

¹²⁵ *Walters*, soos (vn 119) by para 46. Dit is juis waar polisieled hul magte oorskry, waar die publiek skadevergoeding van die Minister van Veiligheid en Sekuriteit eis of waar daar klagtes van moord, aanranding of aanranding met die opset om ernstig te beseer teen lede van die SAPD gemaak word.

¹²⁶ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

¹²⁷ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

¹²⁸ *Walters*, soos (vn 119) hierbo.

¹²⁹ Enige iemand wat waarskynlik ernstige liggaamlike leed of dood kan insluit, maar is nie beperk tot die gebruikmaking van 'n vuurwapen om 'n verdagte te skiet nie. Artikel 49(1)(c) Strafprosesreg Wysigingswet, 9 van 2012.

¹³⁰ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

¹³¹ Artikel 49(2)(d)-(e) van die Strafprosesreg Wysigingswet, soos (vn 129) hierbo.

polisieledede, dat hulle slegs dodelike geweld mag gebruik waar hul lewens bedreig word, uit die weg te ruim en word daar nou voorsiening gemaak vir die gebruik van geweld waar 'n verdagte op redelike gronde daarvan verdink word dat hy 'n misdadig gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike leed insluit en waar daar geen ander redelike moontlikhede is om effek te gee aan die arrestasie nie, nie nou of later nie.¹³² Bruce is egter van mening dat geen wysiging van artikel 49 'n duidelike raamwerk vir die gebruik van geweld kan bewerkstellig nie en die enigste oplossing die ontwikkeling en bekendstelling van 'n formele beleid vir die gebruik van geweld is.¹³³ Hy stel voor dat die beleid voorsiening moet maak vir onder andere, die beveiliging van omstanders, die afvuur van 'n waarskuwings skoot voor die gebruik van geweld en mondelingse waarskuwings. Dit is duidelik dat die vereistes vir die gebruik van geweld tydens arrestasie meer as leke kennis verg en sal die onregmatige gebruik van geweld tydens arrestasie teengewerk kan word indien lede van die regsberoep lede van die SAPD oplei met betrekking tot die regmatige gebruik van geweld tydens arrestasie.

2.4.2.2. POLISIE BRUTALITEIT EN DIE TOELAATBAARHEID VAN ERKENNINGS EN BEKENTENISSE

Verskeie tipes bewysmateriaal bestaan wat in die hof gebruik kan word om 'n beskuldigde se skuld te bepaal, maar ten aansien van hierdie hoofstuk word daar slegs melding gemaak van erkenning en bekentenis . Erkenning¹³⁴ kan in

¹³² Du Toit et al, soos (vn 109) hierbo 5-36A. Die woord “en” in die huidige artikel 49(1)(a) asook die woorde “gehad het” in artikel 49(1)(b) is verwyder.

¹³³ D. Bruce ‘Towards professional use of lethal force by police in South Africa’ aangebied by die publieke dialoog seminaar wat georganiseer is deur die Sentrum vir die studie van geweld en rekonsiliasie, 21 April 2010, Kaapstad by <http://www.ccr.org.za/index.php?option=comphocadownload&view=category&id=66:&Itemid=92> (besoek: 22/04/2013).

¹³⁴ n Erkenning is 'n verklaring deur 'n party, in siviele of strafverrigtinge, wat tot die nadeel van die party se saak strek. Schwikkard en Van Der Merwe, soos (vn 26) hierbo, 329. Sien ook Zeffert en Paizes, soos (vn 26) hierbo, 516 en 517. Sien ook Hiemstra, soos (vn 113) hierbo, 24-71.

twee kategorieë verdeel word, naamlik formele- en informele erkenings¹³⁵ terwyl bekentenisse 'n spesiale tipe volledige erkenning is wat gelykstaande is aan 'n pleit van skuldig.¹³⁶

Artikel 217, 218 sowel as 219¹³⁷ word hieronder bespreek, aangesien hierdie artikels betrekking het op die toelaatbaarheid van getuienis.¹³⁸ Benewens die ander faktore gelys in artikel 217(1) is dit duidelik uit die ondervermelde dat 'n bekentenis vrywillig en ongedwonge¹³⁹ deur 'n persoon wat by sy volle postiewe is¹⁴⁰ gedoen moet word sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed is,¹⁴¹ vir die bekentenis om toelaatbaar te wees.¹⁴² Die onus van die voormelde, word later in hierdie hoofstuk bespreek.

¹³⁵ Formele erkennings is bindend op die persoon wat dit gedoen het, en word gewoonlik gedoen om die aantal geskilpunte voor die hof te verminder, terwyl informele erkennings bloot 'n bewysitem is wat weerspreek of verduidelik kan word. Schwikkard en Van Der Merwe, soos (vn 26) hierbo en Kruger, soos (vn 113) hierbo, 24-73 en 24-74.

¹³⁶ *R v Becker* 1929 AD 167, waar die hof bevind het dat daar 'n erkenning ten aansien van al die elemente van die misdaad moet wees en ook alle verwere uitgeskakel moet word om as 'n erkenning bestempel te word. Sien ook *S v Nombeko and Another* [1996] 4 All SA 462 (EC)

¹³⁷ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo.

¹³⁸ Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹³⁹ Die gemeenregtelike betekenis word aan die woorde "vrywillig en ongedwonge" gegee wat beteken dat die verklaring nie uitgelok moes gewees het deur 'n dreigement of belofte van 'n persoon in 'n gesagsposisie nie. *Wong Kam-ming*, soos (vn 47) hierbo.

¹⁴⁰ Daar moet bewys word dat die beskuldigde verstaan het wat hy sê, voordat die bekentenis as getuienis toelaatbaar sal wees. *R v Blyth* 1940 AD 355. Die bewys dat die persoon wat die bekentenis gemaak het by sy volle positiewe was, kan gemaak word, al was die persoon onder die invloed van drank, synde die persoon steeds *compos mentis* was om te verstaan wat hy gesê het. Sien *S v Masisa* 1962 (2) SA 541 (A) in hierdie verband.

¹⁴¹ In *S v Mpetha* (2) 1983 (1) SA 576 (K) 585 het die hof bevind dat die kern van die ondersoek oor die aanwesigheid van onbehoorlike beïnvloeding daarop gemik is om vas te stel of die beskuldigde sy keuse vrywillig uitgeoefen het, en dat die ondersoek dus subjektief is. Sien ook *R v Steve* 7 SC 103 by 104, waar Regter De Villiers bevind het dat 'n redelike toets om te bepaal of daar onbehoorlike beïnvloeding was, is om te bepaal of die beïnvloeding van so aard was dat dit die beskuldigde kon forseer om iets te vertel wat nie die waarheid is nie.

¹⁴² Kruger, soos (vn 113) hierbo, 24-53 en 24-54.

2.4.2.2.1. DIE TOELAATBAARHEID VAN ERKENNINGS

Artikel 219A(1)¹⁴³ wat betrekking het op die toelaatbaarheid van erkennings bepaal dat: “ waar die erkenning aan ‘n landdros gedoen en deur hom op skrif gestel word, of in die aanwesigheid van ‘n landdros bevestig en op skrif gestel word, die erkenning, by die blote voorlegging by die betrokke verrigtinge van die dokument waarin die erkenning vervat is- (a) toelaatbaar teen so persoon indien...; en (b) ...tensy die teendeel bewys word, ongedwonge deur so ‘n persoon gemaak te gewees het indien dit uit die dokument waarin die erkenning vervat is, blyk dat die erkenning ongedwonge deur so ‘n persoon gemaak is.”

Die vereistes vir die toelaatbaarheid van ‘n erkenning stem ooreen met die vereistes vir die toelaatbaarheid van bekentenisse soos hieronder bespreek word.¹⁴⁴ Dus sal ‘n erkenning wat nie vrywillig¹⁴⁵ gedoen is nie en indien die erkenning gemaak is as gevolg van ‘n belofte¹⁴⁶ of ‘n dreigement van ‘n persoon in ‘n gesagsposisie,¹⁴⁷ ontoelaatbaar wees.¹⁴⁸

Die rede waarom ‘n erkenning, wat by wyse van ‘n belofte of dreigement verkry is, nie as getuies toelaatbaar is nie, is te vinde in die skending van ‘n beskuldigde se reg om nie verplig te word om ‘n bekentenis of erkenning te doen wat as getuienis teen daardie persoon gebruik sou kon word nie.¹⁴⁹ Verder word die

¹⁴³ Soos (vn 2) hierbo. Erkennings in terme van artikel 219A verwys na verklarings wat deur verdagtes gemaak word buite die hof en moet onderskei word van verklarings wat ingevolge artikel 217 gemaak word en verklarings wat gemaak word ingevolge artikel 220.

¹⁴⁴ Sien paragraaf 2.4.2.3.2 van hierdie hoofstuk.

¹⁴⁵ Daar bestaan verskeie uitsprake rondom die betekenis van “vrywillig” in verband met erkennings. In hierdie verband sien *S v Schultz* 1989 (1) SA 465 (T); *S v Mpetha*, soos (vn 141) hierbo; *S v Moiloa* 1956 (4) SA 824 (A) en *S v Bundu* 2004 (1) SASV 9 (T).

¹⁴⁶ ‘n Dreigement of belofte vind plaas indien ‘n persoon, deur middel van woorde of gedrag, vir die beskuldigde aandui dat hy gunstiger behandeling kan verwag indien hy praat, of minder gunstiger indien hy nie praat nie. Schwikkard en Van Der Merwe, soos (vn 26) hierbo, 350.

¹⁴⁷ ‘n Persoon in ‘n gesagsposisie is “ anyone whom the prisoner might reasonably suppose to be capable of influencing the course of the prosecution, *Cross of Evidence* (1979), 541. Soos daarna verwys word deur Zeffert en Paizes, soos (vn 26) hierbo, 516. Verder het die hof in die saak van *R v Dhlamini* 1949 (3) SA 976 (N) bevind dat ‘n persoon in ‘n gesagsposisie ‘n landdros, polisiebeampte en klaer insluit. Sien ook Currie en De Waal (vn 5) hierbo, 763-764.

¹⁴⁸ Zeffert en Paizes, soos (vn 26) hierbo, 516

¹⁴⁹ Artikel 35(1)(c) van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

toelaatbaarheid van sodanige erkenning verbied deur artikel 35(5), soos kortliks hierbo bespreek¹⁵⁰.

2.4.2.2.2 DIE TOELAATBAARHEID VAN BEKENTENISSE

Bekentnisse word deur artikel 217 en artikel 218¹⁵¹ gereël. Artikel 217,¹⁵² wat die algemene vereistes vir die toelaatbaarheid van 'n bekentenis uiteensit, bepaal dat: "Getuienis van 'n bekentenis gedoen deur 'n persoon met betrekking tot die pleging van 'n misdryf is, indien so 'n bekentenis bewys word vrywillig en ongedwonge deur so persoon by sy volle positiewe gedoen te gewees het sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed is, by strafregtelike verrigtinge betreffende so 'n misdryf teen so 'n persoon as getuienis toelaatbaar..."

Verder het artikel 218(1) te make met die bewys van feite wat ontdek is of vasgestel is as gevolg van ontoelaatbare inligting verkry van 'n verdagte,¹⁵³ terwyl die toelaatbaarheid van getuienis dat die beskuldigde iets uitgewys het of 'n saak wat ontdek is as gevolg van inligting wat deur die beskuldigde voorsien is in artikel 218 (2)¹⁵⁴ bepaal word en soos volg omskryf word: "Getuienis kan by

¹⁵⁰ Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Sien paragraaf 2.4.2.3.2 in die hoofstuk vir 'n volledige bespreking rondom hierdie artikel.

¹⁵¹ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo. Daar moet onderskeid getref word tussen getuienis wat ontdek word as gevolg van inligting verkry vanaf die verdagte en die bewys dat die getuienis verbind kan word met die verdagte. Hiemstra, soos (vn 112) hierbo, 24-67.

¹⁵² Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Artikel 217(1)(b)(ii) plaas die onus op die beskuldigde om te bewys dat die bekentenis ontoelaatbaar is wat inbreuk maak op die reg van 'n beskuldigde om onskuldig geag te word. Sien M. M. Watney 'Bewyslas by die toelaatbaarheid van bekentensise' 1995 2 *TSAR* 326. In *S v Zuma and Others* 1995 (4) BCLR 401 (CC), 1995 (2) SA 642 (CC), 1995 (1) SACR 568 (CC) het die Konstitusionele Hof artikel 217(1)(b)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 ongrondwetlik verklaar omdat dit in konflik was met artikel 25(3)-die reg tot 'n billike verhoor en 15(3)(c) van die interim grondwet deur die bewyslas op die beskuldigde te plaas om te bewys dat 'n bekentenis onvrywillig gemaak is.

¹⁵³ Waar iets ontdek is as gevolg van 'n verdagte se ontoelaatbare of self geforseerde bekentenis (soos 'n moordwapen of bloed op sy klere) en wat deur ander getuienis verbind kan word met die verdagte, sal die getuienis dat so item ontdek is toelaatbaar wees. Die rede hiervoor is te vinde in die feit dat die verdagte iets van die misdaad geweet het om inligting te voorsien wat gelei het tot die ontdekking van 'n item. Sien *R v Samhando*, soos (vn 42) hierbo. Hierdie uitspraak is teenstrydig met die uitspraak van *S v January*, soos (vn 43) hierbo in die opsigte dat die voorsittende beampte in die saak beslis het dat onvrywillige uitwysings ontoelaatbaar is, ongeag of daar iets relevant tot die klagte gevind is.

¹⁵⁴ Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo. Die feit dat die uitwysing deel vorm van 'n ontoelaatbare bekentenis is irrelevant tot die toelaatbaarheid van die getuienis wat betrekking het op die uitwysing.

strafregtelik verrigtinge toegelaat word as iets aangewys is deur 'n beskuldigde wat by daardie verrigtinge verskyn of dat 'n feit of ding ontdek is as gevolg van inligting verstrek deur daardie beskuldigde, nieëenstaande dat bedoelde aanwysings of inligting deel uitmaak van 'n bekentenis of verklaring wat regtens nie as getuienis teen daardie beskuldigde by daardie verrigtinge toelaatbaar is nie.”

Indien die bovermelde artikel ontleed word, is dit duidelik dat feite of dinge (reële getuies) toelaatbaar sal wees as getuienis, al vorm dit deel van 'n ontoelaatbare bekentenis of erkenning. Dus kan daar gesê word dat getuienis wat verkry is weens 'n onvrywillige erkenning nie as reël ontoelaatbaar is nie.¹⁵⁵ Die onus om te bewys dat die erkenning of bekentenis vrywillig gemaak is, berus by die staat.¹⁵⁶

'n Verhoor-binne-verhoor word gewoonlik toegepas in die geval waar die verdediging beswaar maak teen die toelaatbaarheid van getuienis.¹⁵⁷ Die rede vir 'n verhoor-binne-verhoor is om te verseker dat die beskuldigde oor die toelaatbaarheid van die bestrede getuienis kan getuig sonder om aan kruisondervraging op die meriete van die hoofsaak bloot gestel te word.¹⁵⁸ Verder word benadeling van die beskuldigde uitgeskakel deur slegs die omstandighede waaronder die bekentenis of erkenning gemaak is te bestudeer en word die inhoud van die bekentenis of erkenning nie oorweeg nie.¹⁵⁹ Regter

S v Masilela en 'n Ander 1987 (4) SA 1 (A) by 7A-C.

¹⁵⁵ *S v Mokahtsa* 1993 (1) SACR 408 (0) by 412f-j.

¹⁵⁶ In *Zuma* (CC), soos (vn 152) hierbo, het die hof bevind dat die bewyslas soos in artikel 217 van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo, wat soortgelyke is aan die bepalings van artikel 219 van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo, ongrondwetlik is juis omdat dit inbreuk maak op 'n beskuldigde se reg om onskuldig geag te word. Dit beteken egter nie dat die bepalings van artikel 219 van die Strafproseswet, soos (vn 2) hierbo ongrondwetlik is nie. Die hof het nog nie die kans gehad om oor die grondwetlikheid van artikel 219 ten aansien van die bewyslas te beslis nie. Sien ook Schwikkard en Van Der Merwe, soos (vn 26) hierbo, 374. Sien ook Zeffert and Paizes, soos (vn 26) hierbo, 522.

¹⁵⁷ *S v Ngocobo* 1998 (10) BCLR 1248 (N) 1225 (A). Dit is die verdediging se verantwoordelikheid om vroegetydig die staat in kennis te stel van hul voorneme om die toelaatbaarheid van die getuienis te betwyfel. Sien *S v W* 1963 (3) SA 516 (A) by 521.

¹⁵⁸ *S v Ntzweli* 2001 (2) SASV 361 (K) 364f. Sien ook Currie en De Waal soos (vn 5) hierbo, 297.

¹⁵⁹ *S v Gaba* 1985 (4) SA 734 (A).

Leach het in die saak van *S v Mdvogolo*¹⁶⁰ beslis dat die versuim om 'n verhoorbinne-‘n-verhoor te hou, ten einde die toelaatbaarheid van 'n bekentenis te bepaal, inbreuk maak op die grondwetlike reg om te swyg en 'n growwe onreëlmatigheid is.

2.4.3. DIE WET OP DIE REGULERING VAN BYEENKOMSTE, 205 VAN 1993¹⁶¹

Alhoewel byeenkomste 'n groot rol gespeel het in die anti-apartheid politiek, het hierdie byeenkomste altyd onwettig plaasgevind en gepaard gegaan met geweldadige optrede van polisielede. Pogings is aangewend om die byeenkomste in die publiek te wettig deur 'n kommissie te stig¹⁶² met die primêre doel om 'n multi-nasionale paneel van kenners saam te stel wat verantwoordelik sou wees om wetgewing te skep om uiting te gee aan die kommissie se benadering om publieke byeenkomste vreedsaam te laat geskied en te wettig. Die paneel het hiermee die Wet op die Regulering van Byeenkomste¹⁶³ geskep.¹⁶⁴

Al is daar wetgewing geskep om toe te sien dat publieke byeenkomste vreedsaam geskied, is Suid-Afrikaanse byeenkomste steeds dikwels geweldig en ongeorganiseerd.¹⁶⁵ Artikel 9(2) van die Wet op die Regulering van Byeenkomste skep egter 'n raamwerk vir die gebruik van geweld deur lede van die SAPD in sekere situasies. Hierdie situasies is waar 'n byeenkoms 'n gevaar vir 'n persoon of eiendom inhou, wat nie op 'n ander wyse hanteer kan word nie of waar die byeenkomste verbied is. Die Wet op die Regulering van

¹⁶⁰ 2006 (1) SASV 257 (OK).

¹⁶¹ Wet op Regulering van Byeenkomste, (vn 3) hierbo.

¹⁶² Goldstone Commission.

¹⁶³ Wet op die Regulering van Byeenkomste, soos (vn3) hierbo.

¹⁶⁴ P. Heyman 'Towards peaceful protest in South Africa: Testimony on a multinational panel regarding the lawful content of demonstrations in the Republic of South Africa before the commission of inquiry regarding the prevention of public violence and intimidation' 1993 *Heyman Report*. Sien ook Currie en De Waal soos (vn 5) hierbo, 399.

¹⁶⁵ Sien paragraaf 2.1 van hierdie hoofstuk.

Byeenkomste help egter nie die situasie in Suid-Afrika met betrekking tot polisie geweld tydens stakings nie, aangesien polisie lede in meeste stakings situasies nie weet hoe om die skare onder beheer te bring nie en noodgedwonge hulself tot geweld wend.

2.4.4. DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS WET, 68 VAN 1995¹⁶⁶

Die doel van die Suid-Afrikaanse Polisie diens Wet¹⁶⁷ (hierna “die wet” genoem) is om voorsiening te maak vir die instelling, organisering, regulering en beheer van die Diens. In die aanhef van die wet word verskeie behoeftes uitgespreek vir die polisie diens, waarvan die belangrikste behoefte is om die fundamentele regte van elke persoon soos gewaarborg deur die Grondwet te handhaaf en te beskerm.¹⁶⁸ Alhoewel die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van lede nie nou in geheel bespreek word nie, is dit steeds belangrik om op sekere bepalings van die wet te let. Artikel 13(1) bevestig dat polisiebeamptes die bevoegdhede kan uitoefen en die pligte en werksaamhede moet verrig wat deur wetgewing aan polisiebeamptes verleen of oorgedra is. Die voorafgaande mag egter net behoudens die Grondwet en behoorlike inagneming van die fundamentele regte van ‘n persoon gedoen word.¹⁶⁹ Verder lê artikel 13(3) klem op redelikheid as ‘n maatstaf vir polisieoptredes. Ingevolge artikel 13(3)(a) moet ‘n polisiebeampte amptelike pligte met behoorlike inagneming van sy bevoegdhede, pligte en werksaamhede verrig op ‘n wyse wat redelik is in die omstandighede. Artikel 13(3)(b),¹⁷⁰ wat mees deurslaggewend is vir die studie, vereis dat ‘n polisiebeampte wat regtens gemagtig is om geweld te gebruik in die verrigting van ‘n amptelike plig, slegs die nodige minimum geweld mag gebruik wat redelikerwys nodig¹⁷¹ is in daardie omstandighede. Dit is duidelik dat daar

¹⁶⁶ Polisie wet, soos (vn 4) hierbo.

¹⁶⁷ Polisie wet, soos (vn 4) hierbo.

¹⁶⁸ Joubert et al, soos (vn 102), 16.

¹⁶⁹ Dit beteken dat polisie lede verplig is om altyd die bepalings van die Grondwet, veral die regte van individue, in ag moet neem wanneer hul, hul bevoegdhede uitoefen. Joubert et al, soos (vn 102) hierbo.

¹⁷⁰ Polisie wet, soos (vn 4) hierbo.

¹⁷¹ Minimum geweld beteken in die meeste gevalle geen geweld nie. Indien daar ‘n redelike manier is om die doel te bereik sonder die gebruikmaking van geweld, moet sodanige alternatiewe gebruik word.

gepoog word om die gebruik van geweld deur die wet te reguleer, maar soos later sal blyk uit hierdie studie, hou polisiëring dikwels glad nie verband met die doel of bepaling van hierdie wet nie.

2.4.5. BELEID OP DIE VOORKOMING VAN MARTELING EN DIE BEHANDELING VAN PERSONE IN AANHOUDING VAN DIE SUID- AFRIKAANSE POLISIE DIENS¹⁷²

Hierdie beleid is opgestel om gehoor te gee aan die verpligting wat die VN Konvensie op Suid-Afrika geplaas het om marteling te kriminaliseer.¹⁷³ Derhalwe bevat artikel 1 van die beleid 'n definisie van marteling wat eerder uit voorbeelde van marteling as 'n omskrywing daarvan bestaan.¹⁷⁴ Verder maak Artikel 2 van die beleid¹⁷⁵ uitdruklik daarvoor voorsiening dat geen lid 'n ander persoon mag martel, toelaat dat enige iemand anders 'n persoon martel of die marteling van 'n ander persoon deur 'n ander verdra nie. Soos bo genoem, word marteling deur artikel 12(1)¹⁷⁶ van die Grondwet verbied. Verder bepaal die beleid dat marteling ook teenstrydig is met die die VN Konvensie.¹⁷⁷

Joubert et al, soos (vn 102) hierbo, 253.

¹⁷² Alhoewel hierdie beleid nie in die Nasionale Orders verskyn nie en gevolglik nie veel regsrag het nie, is die beleid steeds van belang, aangesien dit as enigste riglyn gedien het vir lede van die SAPD met betrekking tot die voorkoming van marteling en die behandeling van persone in polisie aanhouding voor die Martelingswet inwerking getree het

¹⁷³ Sien paragraaf 2.5.3 van hierdie hoofstuk asook paragraaf 4.2.3 van Hoofstuk 4.

¹⁷⁴ Hierdie voorbeelde sluit die volgende in: afsonderlike aanhouding as 'n vorm van straf; isolasie in 'n polisiesel sonder kos, water of toegang tot 'n toilet; pogings van versmoring; dreigemente om 'n persoon deur 'n ruit te gooi; gebruikmaking van beledigende woorde of taal en die dwing van persone om teenwoordig te wees terwyl die persoon se familielid of vriend gemartel word. Hierdie is slegs 'n paar voorbeelde en die lys is nie geslote nie. SAPD 'Policy on the prevention of torture and the treatment of persons in custody of the South African Police Service' by <http://www.saps.gov.za/docs/publ/legislation/policies/torture.htm> (besoek: 12/02/2012).

¹⁷⁵ Hierdie artikel is in lyn met die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹⁷⁶ Artikel 12(1)(d) van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Sien ook (vn 7) hierbo.

¹⁷⁷ Soos (vn 173) hierbo.

2.5. INTERNASIONALE INSTRUMENTE

2.5.1. ALGEMEEN

Soos aangedui sal word in Hoofstuk 4 van hierdie studie, het Suid-Afrika die VN Konvensie onderteken met betrekking tot die voorkoming van marteling. Behalwe vir die VN Konvensie, is daar ook ander konvensies deur Suid-Afrika onderteken wat menseregte as kernwaarde bevat. Dit sluit die volgende in: “The International Covenant on Civil and Political Rights”, “The African Charter on Human and People’s Rights”¹⁷⁸ en “The Convention on the Rights of the Child”.¹⁷⁹ Die VN konvensie en die Menseregte Handves het die meeste betrekking op polisie brutaliteit, omdat menseregte juis geskend word deur die brutale optredes van polisie beamptes.

2.5.2. DIE MENSEREGTE HANDVES

Die bevordering en beskerming van menseregte is van kardinale belang en waardes soos vryheid, gelykheid, geregtigheid en menswaardigheid word as essensiële doelwitte van die konvensie gesien. Vervolgens word die artikels, in die Menseregte Handves, wat betrekking het op polisie brutaliteit bespreek. Verder word die artikels van die Menseregte Handves vergelyk met die artikels van die Grondwet. Die doel van die vergelyking is om vas te stel of die Grondwet voldoen aan die standaard en doelwitte van die internasionale instrument al dan nie. Die VN Konvensie word kortliks in hierdie hoofstuk bestudeer, maar word in groter besonderheid in Hoofstuk 4 van hierdie studie bespreek.¹⁸⁰

¹⁷⁸ Hierdie konvensie word ook soms na verwys as die “Banjul Charter”. Hierdie handves is aangeneem deur Nairobi en Kenya op 27 Junie 1981 en het inwerking getree op 21 Oktober 1986. By die 16de gewone sessie, gehou te Monrovia, Liberia vanaf 17 tot 20 Julie 1979, is die voorbereiding van ‘n voorstel op die handves bespreek wat onder andere voorsiening gemaak het vir die liggame.

¹⁷⁹ D. Bruce ‘Police brutality in South Africa’ by <http://www.csvr.org.za/wits/papers/papbrucs.htm> (besoek: 19/04/2012).

¹⁸⁰ Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.2.

Artikel 4 van die Mensregte Handves het betrekking op die reg tot lewe en integriteit van elke persoon en bepaal dat alle mense geregtig is op lewe en die integriteit van 'n persoon. Dit is duidelik dat daar ooreenstemmings is met artikel 11¹⁸¹ en 12 van die Grondwet. Dit blyk dus of die reg op lewe en integriteit universeel as hoë prioriteit gesien word.

Die Menseregte Handves,¹⁸² bepaal verder dat elke individu die reg op menswaardigheid het en ook die reg het op die erkenning van sy regstatus. Alle vorme van blootstelling aan slawerny, marteling, onmenswaardige straf en behandeling word ook deur die artikel verbied. Die voorafgaande reg stem ooreen met sekere regte in die Grondwet, naamlik die reg op menswaardigheid,¹⁸³ die reg om nie gemartel te word nie¹⁸⁴ en die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.¹⁸⁵ Verder stem hierdie artikels ook ooreen met die VN konvensie se verbod teen marteling. Regter Ackerman is van mening dat elke persoon se inherente waardigheid in ag geneem moet word, volgens Regter Ackerman¹⁸⁶ moet alle individue ander individue met menswaardigheid behandel. Dit is duidelik dat menswaardigheid as doel tot individue staan.¹⁸⁷

Die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon, soos bepaal word deur artikel 6 van die Mensregte Handves,¹⁸⁸ stem ooreen met artikel 12¹⁸⁹ van die Grondwet. Verder bepaal artikel 11 van die Menseregte Handves dat elke individu die reg

¹⁸¹ Artikel 11 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo, bepaal dat: “elkeen die reg op lewe het, terwyl artikel 12, soos (vn 5) hierbo, onder andere bepaal dat elke persoon die reg op vryheid en sekerheid van die persoon het ...”

¹⁸² Artikel 5.

¹⁸³ Artikel 10 van die Grondwet, soos (vn 5), bepaal dat elkeen ingebore waardigheid het en die reg dat die waardigheid gerespekteer en beskerm word.

¹⁸⁴ Sien (vn 7) hierbo vir die bepaling van artikel 12(1)(d).

¹⁸⁵ Artikel 12(1)(e) van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹⁸⁶ Currie en De Waal, soos (vn 5).

¹⁸⁷ Ander definisies van waardigheid sluit wedersydse respek en besorgdheid, selfverwesening, selfbestudering en kollektiewe verantwoordelijkheid: deurslaggewende toestande vir tussenkoms in. Afrika Menseregte Handves, soos (vn 178) hierbo.

¹⁸⁸ Elke individu het die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon.

¹⁸⁹ Grondwet, soos (vn 5) hierbo en sien ook (vn 7) hierbo vir 'n verdere bespreking rondom die artikel.

op byeenkoms het, en ook hier is daar ooreenstemming met die Grondwet.¹⁹⁰ Dit is belangrik om hierdie twee regte in ag te neem, aangesien die skending van hierdie regte deur die brutale optrede van die SAPD tydens stakings kan plaasvind.

Dit is duidelik uit bovermelde dat relevante regte en artikels soos vervat in die Menseregte Handves ooreenstem met artikels vervat in die Grondwet. Hierdie regte moet gerespekteer word deur almal, insluitende lede van die SAPD.¹⁹¹ Dit blyk egter uit die studie dat sommige lede van die SAPD nie die regte van individue respekteer nie, maar eerder skend deur hul brutale optredes.

2.5.3. DIE VN KONVENSIE

Anders as die Menseregte Handves, is die VN Konvensie op 10 Desember 1984 aanvaar deur die algemene vergadering van die Verenigde Nasies en op 26 Junie 1987 het die konvensie inwerking getree nadat dit deur 20 state geratifiseer is.¹⁹² Aan die einde van 1992 het 60 state al hierdie konvensie geratifiseer.¹⁹³ Suid-Afrika het in 1993 die VN Konvensie, wat onder andere marteling aanspreek, onderteken,¹⁹⁴ maar het onlangs eers die konvensie geratifiseer.¹⁹⁵ Benewens die kriminalisering van marteling,¹⁹⁶ plaas die VN Konvensie alternatiewe pligte op sy lidlande en sluit onder meer die volgende in:

¹⁹⁰ Artikel 17 van die Grondwet, soos (vn 5) hierbo. Hierdie artikel wat betrekking het op die vergadering, betoging, linievorming en petisie bepaal dat elkeen die reg het om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

¹⁹¹ Grondwet, soos (vn 5) hierbo, artikel 18. Die Handves van Regte bind die regsprekende, wetgewende en uitvoerende gesag. Aangesien die SAPD deel van die uitvoerende gesag is, is hul ook gebind aan die regte soos vervat in die Handves van Regte. Die SAPD is verplig om die regte van individue te respekteer.

¹⁹² H. Danelius 'Audiovisual library of international law, Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment' 10 Desember 1984 by <http://untreaty.un.org/cod/avl/ha/catcidtp/catcidtp.html> (besoek: 23/09/2012).

¹⁹³ R. Keightley 'Torture and cruel, inhuman and degrading treatment or punishment in the UN Convention against torture and other instruments of international law: recent development in South Africa' 1995 *SAJHR* 381.

¹⁹⁴ 'Policy on the prevention of torture and the treatment of persons in custody of the South African Police Service' soos (vn 174) hierbo.

¹⁹⁵ Keightley, soos (vn 193) hierbo.

¹⁹⁶ Artikel 4(1) van die VN Konvensie, soos paragraaf 2.1 van hierdie hoofstuk.

Eerstens, is die verbanning van marteling absoluut en sal onderhou word, selfs in state waar oorlog en ander buitengewone omstandighede voorkom;¹⁹⁷ Tweedens, sal geen staatsparty 'n persoon uitlewer aan 'n ander staat waar daar redelike gronde bestaan om te glo dat persoon in gevaar staan om gemartel te word nie;¹⁹⁸ Derdens, sal elke staatsparty, onder sekere voorwaardes, 'n persoon wat daarvan verdink word dat hy iemand gemartel het, in hegtenis neem en ondersoek instel na die feite;¹⁹⁹ Vierdens, sal elke staatsparty 'n persoon wat vermoedelik die misdaad van marteling gepleeg het, uitlewer of oorhandig aan sy owerheid vir vervolging;²⁰⁰ Vyfdens, sal elke staatsparty toesien dat daar ondersoek in gevalle van marteling gedoen word wanneer daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n daad van marteling begaan is;²⁰¹ Verder, sal elke staatsparty verseker dat die saak van 'n persoon wat beweer dat hy 'n slagoffer van marteling was, verwys word na 'n bevoegde owerheid, sodat die saak ondersoek kan word;²⁰² Laastens sal elke staatsparty verseker dat slagoffers van marteling 'n afdwingbare reg tot 'n billike verhoor en aanvaarbare kompensasië het.²⁰³

Vir doeleindes van hierdie studie is die verpligting om marteling te kriminaliseer,²⁰⁴ te ondersoek²⁰⁵ en 'n afdwingbare reg van slagoffers vir kompensasië te verseker,²⁰⁶ van belang. Die voorafgaande verpligtinge word gedurende die studie meer volledig ondersoek en bespreek.²⁰⁷

¹⁹⁷ Artikel 2 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

¹⁹⁸ Artikel 3 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

¹⁹⁹ Artikel 4 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

²⁰⁰ Artikel 7 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

²⁰¹ Artikel 12 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

²⁰² Artikel 13 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

²⁰³ Artikel 14 van die VN Konvensie, soos (vn 196) hierbo.

²⁰⁴ Soos (vn 196) hierbo.

²⁰⁵ Soos (vn 201) hierbo.

²⁰⁶ Soos (vn 203) hierbo.

²⁰⁷ Sien hoofstuk 4 van hierdie studie.

2.6. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk is 'n uitgebreide (maar gebrekkige) regsraamwerk, wat ten doel het om polisie brutaliteit in Suid-Afrika te reguleer, bestudeer. Hierdie raamwerk is nie net beperk tot wetgewing,²⁰⁸ konvensies²⁰⁹ en die gemeenereg nie,²¹⁰ maar sluit ook beleidsdokumente in.²¹¹ Polisie brutaliteit kan nie net onder gemeenregtelike misdade geklassifiseer word nie, maar ook onder statutêre misdrywe. 'n Lid van die SAPD het egter 'n aantal verwere tot sy beskikking, waarvan handel op bevel en verpligting deurslaggewend is.²¹² Die Strafproseswet, wat meer invloedryk is as enige ander wetgewing in Suid-Afrika met betrekking tot polisie brutaliteit, bevat verskeie artikels wat onder meer verband hou met die gebruik van geweld tydens arrestasie,²¹³ deursoeking asook die toelaatbaarheid van erkennings en bekentenisse wat verkry is op 'n wyse wat regte in die Handves van Regte kan skend.²¹⁴

Die regsraamwerk ten aansien van die gebruik van geweld deur lede van die SAPD is egter gebrekkig, aangesien daar geen dokument bestaan wat as duidelike riglyn dien vir sodanige gebruikmaking nie. Derhalwe sal dit voordelig wees indien so 'n dokument ontwikkel word.

Dit is duidelik uit die bespreking van hierdie hoofstuk, dat nie net Suid-Afrikaanse wetgewing poog om polisie brutaliteit te reguleer nie, die Afrika Menseregte Handves, wat ooreenstem met sommige regte vervat in die Grondwet, poog ook om hierdie internasionale probleem aan te spreek.²¹⁵ Dit blyk verder dat die VN Konvensie verskeie verpligtinge op Suid-Afrika geplaas het, maar of hierdie

²⁰⁸ Sien paragraaf 2.2, 2.4.1, 2.4.3, 2.4.3 en 2.4.4 van hierdie hoofstuk.

²⁰⁹ Sien paragraaf 2.5 van hierdie hoofstuk.

²¹⁰ Sien paragraaf 2.3 van hierdie hoofstuk.

²¹¹ Sien paragraaf 2.4.5 van hierdie hoofstuk.

²¹² Sien paragraaf 2.3.2 van hierdie hoofstuk.

²¹³ Sien paragraaf 2.4.2.1 van hierdie hoofstuk.

²¹⁴ Sien paragraaf 2.4.2.2 van hierdie hoofstuk.

²¹⁵ Sien paragraaf 2.5.2 van hierdie hoofstuk.

verpligtinge nagekom is al dan nie word later bestudeer.²¹⁶ Dit is duidelik dat Suid-Afrika oor die nodige regsraamwerk beskik om polisie brutaliteit te reguleer, maar die probleem met die implimentering van die raamwerk kan moontlik die rede wees vir die polisie brutaliteit wat deesdae al hoe meer in die media en siviele eise teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit waargeneem word.

²¹⁶ Sien paragraaf 2.5.3 van hierdie hoofstuk.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1. GEVOLGTREKKINGS

- 6.1.1. Konteks van polisie brutaliteit.
- 6.1.2. Regsraamwerk.
- 6.1.3. Die rapportering, ondersoek en interne prosedure van polisie brutaliteit: 'n nasionale en internasionale perspektief.
- 6.1.4. Strafbare vervolging en marteling as misdad.
- 6.1.5. Sivilregtelike skadevergoeding en staatskompensasie.

6.2. AANBEVELINGS

- 6.2.1. Die opleiding van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens
- 6.2.2. Die rapportering en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit
- 6.2.3. Die interne sanksionering van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens
- 6.2.4. Voorgestelde wysigings van die Martelingswet.
- 6.2.5. Skadevergoeding en staatskompensasie aan slagoffers van polisie brutaliteit.
- 6.2.6. Algemene oplossings vir die bekamping van polisie brutaliteit.

6.1 GEVOLGTREKKINGS

6.1.1. KONTEKS VAN POLISIE BRUTALITEIT

Polisie brutaliteit is 'n ernstige probleem wat drastiese aandag in belang van demokratiese waardes verg. Die redes vir polisie brutaliteit is veelvuldig en kompleks.¹ Hierdie redes sluit onder meer die volgende in: die apartheids mentaliteit van SAPD lede,² die gebrek aan transformerende opleiding,³ gebrek aan opleiding ten aansien van die gebruikmaking van geweld,⁴ die afwesigheid van 'n dokument wat as riglyn dien vir die gebruikmaking van geweld in die SAPD, die gebrek aan opleiding ten aansien van stakings, gebrek ten aansien

¹ Hoofstuk 1, paragraaf 1.2 en paragraaf 1.2.2.

² Hoofstuk 1, paragraaf 1.2.1.2.

³ Soos (vn 2) hierbo.

⁴ Hoofstuk 2, paragraaf 2.4.2.1.

van alternatiewe ondervragings tegnieke en die gebrek aan opleiding ten aansien van menseregte.⁵ Hierdie probleme verg individuele aandag sodat daar 'n oplossing vir elk gevind kan word. Vermelde probleme in die SAPD verklaar verder hoekom daar soveel aksies (straf- en sivieltregtelik) teen lede van die SAPD ingestel word.⁶ Polisie lede maak hulself dikwels skuldig aan misdade soos moord, verkragting, aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer.⁷ Hierdie misdade vind die meeste tydens die ondersoekfase (ondervraging van verdagtes) in die strafregstelsel plaas⁸ en word op verskeie maniere gepleeg, wat wissel van versmoring en verdrinking tot marteling en skok.⁹

6.1.2. REGSRAAMWERK

'n Uitgebreide regsraamwerk (insluitende wetgewing en beleidsdokumente) wat poog om polisie brutaliteit te bekamp bestaan in die Suid-Afrikaanse reg.¹⁰ Misdrywe en regverdigingsgronde bestaan waaronder polisie brutaliteit kan resorteer.¹¹ Verder reël hierdie regsraamwerk nie net die gebruik van geweld tydens arrestasie en ondersoekfase nie,¹² maar beïnvloed dit ook die toelaatbaarheid van getuienis, waar sodanige getuienis verkry is deur die gebruik van geweld deur lede van die SAPD.¹³ Bo en behalwe die bestaan van wetgewing, poog die Afrika Menseregte Konvensie,¹⁴ wat ooreenstem met sekere regte vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet, ook om polisie brutaliteit te bekamp.¹⁵ Verder plaas die VN Konvensie, met die oog op die bestryding van

⁵ Hoofstuk 1, paragraaf 1.2.2.1.1.2 en paragraaf 1.2.2.1.2.2.

⁶ Hoofstuk 4, paragraaf 4.2 en Hoofstuk 5, paragraaf 5.2.

⁷ Hoofstuk 1, paragraaf 1.2.2 en paragraaf 1.2.2.1.

⁸ Soos (vn 7) hierbo.

⁹ Soos (vn 7) hierbo.

¹⁰ Hoofstuk 2, paragraaf 2.1.

¹¹ Hoofstuk 2, paragraaf 2.3.

¹² Hoofstuk 2, paragraaf 2.4.2.1.

¹³ Hoofstuk 2, paragraaf 2.4.2.2.

¹⁴ Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.2.

¹⁵ Soos (vn 14) hierbo.

marteling as vorm van polisie brutaliteit, verpligtinge op Suid-Afrika.¹⁶ Ten spyte van 'n uitgebreide regsraamwerk en Grondwet, wil dit voorkom asof SAPD lede dit nie respekteer of selfs nie verstaan nie. Voorafgaande is belangrik om in ag te neem by polisieopleiding.

6.1.3. DIE RAPPORTERING, ONDERSOEK EN INTERNE PROSEDURE VAN POLISIE BRUTALITEIT: 'N NASIONALE EN INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Wetgewing en ander maatstawwe, soos in hoofstuk 2 bespreek, kan slegs uitgevoer en afgedwing word, indien polisie brutaliteit aan die lig kom. Derhalwe is die effektiewe rapportering-, ondersoek- en interne vervolgingsproses in Suid-Afrika van groot belang. Dit is belangrik om die stelsels van Suid-Afrika met die stelsels van ander jurisdiksies te vergelyk, aangesien internasionale stelsels moontlike oplossings vir die gebrekkige stelsels van Suid-Afrika teweeg kan bring.¹⁷ Die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direkoraat (OPOD) is tans verantwoordelik vir die ontvang en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit. Die OPOD is verplig om misdade van ernstige aard te ondersoek en sluit onder meer die ondersoek na marteling in, soos bepaal deur die OPOD wet.¹⁸ Die rapportering- en ondersoekstelsel van Suid-Afrika is in gebreke in die opsig dat (in teenstelling met oorsese lande) daar slegs een interne liggaam bestaan vir die ontvang en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit. Verder word die besluit om klagtes van kriminele aard vir strafregtelike vervolging te verwys, nie hersien nie.¹⁹ Die eerste vorm van sanksionering vir polisielede in Suid-Afrika, is die interne dissiplinêre stelsel.²⁰ Daar is egter gebreke deurdat die prosedure intern gehou word en nie deur 'n onafhanklike tribunaal geskied soos in ander internasionale jurisdiksies nie.²¹

¹⁶ Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3.

¹⁷ Hoofstuk 3, paragraaf 3.4.

¹⁸ Hoofstuk 3, paragraaf 3.2.1.2.

¹⁹ Hoofstuk 3, paragraaf 3.4.3.

²⁰ Hoofstuk 3, paragraaf 3.3.

²¹ Soos (vn 18) hierbo.

6.1.4. STRAFREGTELIKE VERVOLGING EN MARTELING AS MISDAAD

Bykomend tot die interne dissiplinêre stelsel as sanksioneringsproses, is strafregtelike vervolging vir dade van polisie brutaliteit ook moontlik. Soos blyk uit hoofstuk 1 van hierdie studie, maak lede van die SAPD hulself skuldig aan misdade soos aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, moord en verkragting.²² Die algemene vonnis vir aanranding deur lede van die SAPD, blyk gevangenisstraf met boete as alternatief te wees, terwyl slegs gevangenisstraf in die geval van aanranding met die opset om ernstig te beseer opgelê word.²³ In die geval van moord en verkragting, word die vonnis deur die tipe moord- en verkragtingshandeling bepaal.²⁴ Waar 'n moord- en verkragtingshandeling geklassifiseer kan word onder die lys van meer verswarende/ernstige handelingte vervat in skedule 2, deel 1 van die Strafwysigingswet, kan 'n diskresionêre lewenslange gevangenisstraf opgelê word.²⁵ In alle ander gevalle van moord is 'n hof by magte om 15 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n eerste oortreder, 20 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n tweede oortreder en 25 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n derde oortreder of verder op te lê. In alle ander gevalle van verkragting, is 'n hof by magte om 10 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n eerste oortreder, 15 jaar in die geval van 'n tweede oortreder en 20 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n derde of verder oortreder op te lê.²⁶

Alhoewel lede van die SAPD nog altyd vervolgd kon word vir aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, moord en verkragting, is marteling eers onlangs gekriminaliseer.²⁷ Die "Prevention and Combating of Torture of Person Act, 2013" (hierna "die Martelingswet" genoem) het tot gevolg

²² Hoofstuk 1, paragraaf 1.2.2.1.

²³ Hoofstuk 4, paragraaf 4.2.3.1.

²⁴ Hoofstuk 4, paragraaf 4.2.3.2 en paragraaf 4.2.3.3.

²⁵ Soos, (vn 23) hierbo.

²⁶ Soos (vn 23) hierbo.

²⁷ Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.1.

dat lede van die SAPD asook enige ander persoon wat homself skuldig maak aan marteling, vervolg en gevonnissen kan word.²⁸

Alhoewel die Martelingswet tot gevolg gehad het dat Suid-Afrika sy verpligtinge, soos vervat in die VN Konvensie, na gekom het, voldoen Suid-Afrika nie aan al sy verpligtinge nie en gevolglik laat dit leemtes in hierdie wet.²⁹ Hierdie leemtes sluit ondermeer in dat die Martelingswet nie voorsiening vir kompensasie van marteling slagoffers maak nie, voorsiening word nie gemaak vir regverdigingsgronde vir marteling nie, die Martelingswet maak nie melding van 'n ondersoek liggaam wat verantwoordelik is vir die ondersoek na klagtes van marteling nie,³⁰ geen riglyne word in die wet vervat wat die hof kan lei met betrekking tot die uitoefening van sy diskresie om die relevante termyn gevangenisstraf te bepaal nie.³¹ Verder word daar nie onderskeid getref tussen grade van marteling, wat 'n impak op die termyn gevangenisstraf kan hê, nie. Geen melding word gemaak van verskeie metodes van marteling nie, wat op sy beurt die taak van die hof kan bemoeilik in die bepaling of 'n handeling onder marteling geklassifiseer kan word (al dan nie).

Die Wetgewer skryf nie voor of gevangenisstraf in die geval van marteling opgeskort kan word nie.³² Soorgelyke wetgewing in ander jurisdiksies kan moontlik hierdie leemtes vul.³³ Om aan te toon dat marteling nie onder die misdadige aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding geklassifiseer kan word nie, is die definisie van marteling met die definisies van die vermelde misdade vergelyk en kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat marteling nie onder vermelde misdade geklassifiseer kan word nie, maar as 'n misdadige op sy eie bestempel word.³⁴ Hierdie vergelyking is

²⁸ Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.3.3.4.

²⁹ Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3 en Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.2 en paragraaf 4.3.3.3.5.

³⁰ Soos (vn 29) hierbo.

³¹ Soos (vn 29) hierbo.

³² Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.3.3.5.

³³ Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.3.3.5.

³⁴ Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.4.

noodsaaklik aangesien dit 'n impak op die verdubbeling van skuldigbevindings het.

6.1.5. SIVIELREGTELIKE SKADEVERGOEDING EN STAATSKOMPENSASIE

Dit is duidelik dat dissiplinêre- en strafregtelike vervolging in die geval van polisie brutaliteit moontlik is. Bykomend tot voorvermelde kan slagoffers van polisie brutaliteit ook skadevergoeding en kompensasie eis.³⁵ Vermoëns- en nie-vermoënskade is verhaalbaar,³⁶ maar soos blyk uit hoofstuk 5, word vergoeding slegs verhaal van die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, op grond van die beginsel van middellike aanspreeklikheid.³⁷ Die instel van sivilregtelike verrigtinge teen die Minister word begin deur die stuur van 'n kennisgewing, soos bepaal deur die "Notice of Intention to Institute Legal Proceedings Against certain Organs of State Act."³⁸ Dit is verder duidelik dat die meeste eise teen die Minister gebaseer is op aanranding, onregmatige arrestasie en onregmatige aanhouding is.³⁹ Wat egter kommerwekend is, is dat vergoeding en kompensasie nog nie deur 'n regeringsfonds betaal word nie. Die gevolg hiervan is dat belastingbetalers indirek slagoffers vergoed.⁴⁰ Verder vergoed lede van die SAPD nie self slagoffers van polisie brutaliteit nie en neem SAPD lede nie verantwoordelikheid vir hul dade nie. Die gevolg is dat polisie brutaliteit voortduur en toeneem.

6.2. AANBEVELINGS

Na die bestudering van die probleme in die SAPD, die rapporterings- en ondersoekstelsel,⁴¹ straf- en sivilregtelike verrigtinge, regspraak, wetgewing, en

³⁵ Hoofstuk 5, paragraaf 5.1.

³⁶ Hoofstuk 5, paragraaf 5.4.

³⁷ Hoofstuk 5, paragraaf 5.2.

³⁸ Hoofstuk 5, paragraaf 5.3.

³⁹ Hoofstuk 5, paragraaf 5.4.4.

⁴⁰ Hoofstuk 5, paragraaf 5.5.

⁴¹ Hoofstuk 3 van die studie, paragraaf 3.5.

die internasionale reg kan ondervermelde aanbevelings as bekamping vir polisie brutaliteit dien.

6.2.1. DIE OPLEIDING VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS

6.2.1.1. Menseregte as vak moet deel van die SAPD se opleiding wees,⁴² sodat transformerende opleiding kan plaasvind waar die denke van lede in die SAPD van 'n militaristiese denkwysie na 'n denkwysie getransformeer word waar die demokratiese waardes van Suid-Afrika gerespekteer en uitgeoefen word.⁴³

6.2.1.2. Nuwe tegnieke moet aan lede van die SAPD geleer word ten aansien van ondervraging, wat tot gevolg sal hê dat marteling tydens ondervraging uitgeskakel word.⁴⁴

6.2.1.3. Lede van die regsberoep moet betrokke raak by die opleiding van SAPD lede ten aansien van die gebruikmaking van geweld.⁴⁵

6.2.1.4. Opleiding ten aansien van stakings moet plaasvind, sodat lede die vaardigheid kweek om stakings op 'n vreedsame wyse te hanteer,⁴⁶

6.2.1.5. 'n Nuwe dokument moet geskep word wat as riglyn dien vir die waardes in die SAPD en die gebruikmaking van geweld,⁴⁷

6.2.2. DIE RAPPORTERING EN ONDERSOEK NA KLAGTES VAN POLISIE BRUTALITEIT

6.2.2.1. 'n Sentrale rapporteringsstelsel moet ontwikkel word;⁴⁸

6.2.2.2. Die polisiekommissaris en die staatsprokureur moet betrokke raak in die ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit,⁴⁹

⁴² Hoofstuk 2 van die studie, paragraaf 2.6.

⁴³ Hoofstuk 1 van die studie.

⁴⁴ Hoofstuk 1, paragraaf 1.2.2.1.1.2 en paragraaf 1.2.2.1.2.2.

⁴⁵ Hoofstuk 2, paragraaf 2.4.2.1.

⁴⁶ Soos (vn 44) hierbo.

⁴⁷ Hoofstuk 2, paragraaf 2.6.

⁴⁸ Hoofstuk 3, paragraaf 3.5

6.2.2.3. n Besluit van die OPOD om die saak na die Direkteur van Openbare Vervolging te verwys al dan nie, moet hersien word voordat 'n finale besluit geneem word,⁵⁰

6.2.3. DIE INTERNE SANKSIONERING VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS

6.2.3.1. 'n Onafhanklike tribunaal moet ontwikkel word wat dissiplinêre verhore in die SAPD behartig;⁵¹

6.2.4. VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE MARTELINGSWET

6.2.4.1. 'n Onderzoek liggaam, soos die OPOD, moet aangewys word in die wet om sake van marteling te ondersoek;⁵²

6.2.4.2. Martelingshandelinge moet gegradeer word;⁵³

6.2.4.3. Die Martelingswet moet voorsiening maak vir verskeie metodes van marteling, sodoende sal die howe se taak vergemaklik word in die bepaling of 'n handeling neerkom op marteling;

6.2.4.3. Lewenslange gevangenisstraf moet as enigste straf vir ernstige marteling bestempel word, alternatiewelik, moet riglyne vir die hof met betrekking tot die uitoefening van sy diskresie oor die termyn gevangenisstraf in die wet by gewerk word;⁵⁴

6.2.4.4. Die wetgewer moet voorskryf of gevangenisstraf in die geval van marteling opgeskort kan word, al dan nie;⁵⁵

6.2.4.3. Die Martelingswet moet voorsiening maak vir die kompensasie van slagoffers;⁵⁶

⁴⁹ Soos (vn 48) hierbo.

⁵⁰ Soos (vn 48) hierbo.

⁵¹ Soos (vn 48) hierbo.

⁵² Hoofstuk 4, paragraaf 4.3.3.3.5.

⁵³ Soos (vn 52) hierbo.

⁵⁴ Soos (vn 52) hierbo.

⁵⁵ Soos (vn 52) hierbo.

⁵⁶ Soos (vn 52) hierbo.

6.2.4.4. Die Martelingswet moet verder die moontlike inwerkingstelling van 'n slagofferfonds waaruit kompensasie aan slagoffers betaal kan word aanspreek;⁵⁷

6.2.4.5. Verder moet regverdigingsgronde in die Martelingswet vir marteling geskep word.⁵⁸

6.2.5. SKADEVERGOEDING EN STAATSKOMPENSASIE AAN SLAGOFFERS VAN POLISIE BRUTALITEIT

6.2.5.1. SAPD lede moet self skadevergoeding aan slagoffers van polisie brutaliteit betaal en nie die Minister van Veiligheid en Sekuriteit nie, sodoende sal lede twee keer dink om brutaal op te tree teenoor lede van die publiek en sal belasting betalers nie indirek slagoffers vergoed nie

6.2.5.2. Die regering moet wetgewing in plek stel vir die oprigting van 'n staatskompensasie fonds.⁵⁹

6.2.5.3. 'n Beperkte fonds moet geskep word met die doel om die ontwikkeling van ondersteuningsdienste aan slagoffers van geweldadige misdade te verbeter tot tyd en wyl wetgewing in plek gestel word vir die oprigting van 'n staatskompensasie fonds vir slagoffers;⁶⁰

6.2.5.4. Die lys slagoffers van geweldadige misdade moet uitgebrei word, om voorsiening te maak vir marteling as geweldadige misdaad. Sodoende sal saloffers van marteling ook geregtig wees om die slagofferbemagtings program te nader vir ondersteuning en bystand.⁶¹

⁵⁷ Hoofstuk 4, paragraaf 4.5.

⁵⁸ Soos (vn 52) hierbo.

⁵⁹ Hoofstuk 5, paragraaf 5.5

⁶⁰ Soos (vn 59) hierbo.

⁶¹ Soos (vn 59) hierbo.

6.2.6. ALGEMENE OPLOSSINGS VIR DIE BEKAMPING VAN POLISIE BRUTALITEIT

- 6.2.6.1. 'n Kommissie moet geskep word waarvan die voorsitter 'n afgetrede regter is, met die doel om voorstelle van die publiek ten aansien van die voorkoming van polisie brutaliteit aan te hoor, op hierdie wyse sal die publiek deel in die oplossing vir polisie brutaliteit⁶²
- 6.2.6.2. 'n Program moet geskep word waar elke stasiebevelvoerder met 'n plan voorendag kom oor hoe om polisie brutaliteit te bekamp, sodanige planne moet dan aan die kommissaris voorgelê word.⁶³
- 6.2.6.3. 'n Tribunaal moet geskep word om ondersoek in te stel na sake van polisie brutaliteit wat verwys is vir vervolging. Die Tribunaal sal gevolglik as ombudsman werk.⁶⁴

Bovermelde aanbevelings is nie 'n waarborg dat die probleem in Suid-Afrika met betrekking tot die rapportering en sanksionering van polisie brutaliteit sal verdwyn nie, maar kan as riglyne dien om die probleem aan te spreek. Die aanbevelings moet dus gesien word as riglyne vir die verbetering van die rapportering en sanksionerings prosedures in Suid-Afrika, wat op daardie beurt, polisie brutaliteit op die langtermyn moontlik kan bekamp.

⁶² Nie vervat in studie, algemene oplossing vir die bekamping van polisie brutaliteit, skrywer se eie oplossing.

⁶³ Soos (vn 62) hierbo.

⁶⁴ Soos (vn 62) hierbo.

HOOFSTUK 3: DIE RAPPORTERING, ONDERSOEK EN INTERNE PROSEDURES TEN AANSIEN VAN POLISIE BRUTALITEIT: 'N NASIONALE EN INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

3.1. INLEIDING

3.2. 'N NASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING

3.2.1 Organe wat verantwoordelik is vir die ontvangs en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit.

3.2.1.1. Die Onafhanklike Klagte Direktooraat.

3.2.1.2. Die Onafhanklike Polisie Ondersoek Direktooraat.

3.2.1.3. 'n Vergelyking tussen die Onafhanklike Klagte Direktooraat en die Onafhanklike Polisie Ondersoek Direktooraat.

3.3. DISSIPLINÊRE PROSES EN SANKSIES IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS

3.3.1. Algemeen.

3.3.2. Stappe in die dissiplinêre verhoor.

3.3.2.1. Die pleging van wangedrag.

3.3.2.2. Ondersoek.

3.3.2.3. Dissiplinêre verhoor.

3.3.3. Dissiplinêre sanksies.

3.3.3.1. Waarskuwings en oorplasing.

3.3.3.2. Afgradering in rang.

3.3.3.3. Skorsing.

3.3.3.4. Ontslag.

3.4. 'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING EN INTERNE PROSEDURES

3.4.1. Algemeen.

3.4.2. Organe en liggame verantwoordelik vir die rapportering en ondersoek na polisie brutaliteit in ander internasionale jurisdiksies.

3.4.2.1. Quebec, Kanada.

3.4.2.2. Queensland, Australië.

3.4.2.3. New York City, New York, Amerika.

3.4.3. Dissiplinêre proses en sanksies in ander internasionale jurisdiksies.

3.4.3.1. Quebec, Kanada.

3.4.3.2. Queensland, Australië.

3.4.3.3. New York City, New York, Amerika.

3.4.4. 'n Vergelyking tussen Suid-Afrika en ander internasionale jurisduksies.

3.4.4.1. Suid-Afrika en Quebec, Kanada.

3.4.4.2. Suid-Afrika en Queensland, Australië.

3.4.4.3. Suid-Afrika en New York City, New York, Amerika.

3.4.5. Lesse uit ander internasionale jurisdiksies: opsomming en aanbevelings.

3.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

3.1. INLEIDING

Rapportering speel 'n integrale rol in die voorkoming van polisie brutaliteit. Sonder die effektiewe rapportering van polisie brutaliteit is vervolging nie moontlik nie. In hierdie hoofstuk word die liggame wat verantwoordelik is vir die ontvangs van klagtes rakende polisie brutaliteit, asook die orgaan wat verantwoordelik is vir die ondersoek na polisie brutaliteit ondersoek en bespreek. Sonder die behoorlike implimentering van sanksies as interne strafproses vir wangedrag van Suid-Afrikaanse Polisie diens (hierna "die SAPD" genoem) lede, heg 'n rapporteringstelsel geen waarde aan die bekamping van polisie brutaliteit nie.¹

¹ G. Newham 'Transformation and the internal disciplinary system of the South African Police Service' by www.csvr.org.za/docs/policing/transformationandtheinternal.pdf&sa=U&ei=tGOkUeu-J8Ob1AXkuYHABg&ved=oCBgQFjAE&usg=AFQjCNFKYn5pNQ6LymhlL-Ftdlxgd1MrQ (besoek: 27/05/2013). Dissipline in die SAPD behels meer as net formele sisteme of reëls en prosedures. Dit kan gesê word dat net soos reëls, regulasies en wetgewing in plek moet wees om 'n land te reguleer, net so is dit belangrik dat formele regulasies en reëls in die SAPD in orde moet wees om duidelikheid aan lede van die SAPD te gee oor wat aanvaarbaar is en wat nie.

Die gedrag van lede van die SAPD word grootliks gereël deur die Suid-Afrikaanse polisie se dissiplinêre regulasies en “Standing Orders”.² Derhalwe is ondersoekliggame by magte, soos dit sal blyk uit die bespreking hieronder, om polisie brutaliteit sake na die Direkteur van Openbare Vervolging te verwys.³ Hierdie is egter nie die enigste oplossing vir onregmatige- of wangedrag deur lede van die SAPD nie. Vervolgens word die SAPD se dissiplinêre prosedures en sanksies bestudeer, waarna die rapportering-, ondersoek- en dissiplinêre prosedures van Suid-Afrika met die van die Verenigde State van Amerika (hierna “die VSA” genoem), Australië en Kanada vergelyk word. Die doel van die vergelyking is om effektiewe organe in die vermelde jurisdiksies te identifiseer en die moontlikheid dat soortgelyke liggame in Suid-Afrika ingestel kan word te ondersoek.

3.2. 'N NASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING

In Suid-Afrika bestaan daar twee liggame wat verantwoordelik is vir die ontvangs van klagtes, die Onafhanklike Klage Direkoraat (hierna “die OKD” genoem), en die SAPD. Die OKD nou bekend as die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direkoraat (hierna “die OPOD” genoem) is verantwoordelik is vir die ontvangs van, en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit. Die OPOD is egter net veronderstel om die klagtes van polisie brutaliteit te ondersoek en nie self deel te wees van die rapporterings stelsel nie, maar aangesien die rapporterings stelsel in die SAPD, oneffektief is, skep dit die indruk dat die OPOD genoodsaak word om betrokke te raak.⁴

² Suid-Afrikaanse dissiplinêre regulasies, 2005. “Standing Orders”, soos daarna verwys word in D. Bruce ‘Stragging under the burden’ by www.csvr.org.za/wits/papers/papbru10.htm (besoek: 23/07/2012).

“Standing Orders” is daardie reëls wat van toepassing is in die SAPD self. Aangesien dit interne reëls is, het dit nie veel regs krag nie, maar is dit noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die SAPD. Verskeie “Standing Orders” bestaan en sluit die volgende “Standing Orders” in: 156-kommunikasie van SAPD lede met die media; 251-ondersoeke nadat ‘n vuurwapen afgevuur is en 262-die gebruik van geweld.

³ Newham, soos (vn 1) hierbo.

⁴ Bruce, soos (vn 2) hierbo.

3.2.1. ORGANE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE ONTVANGS EN ONDERSOEK NA KLAGTES VAN POLISIE BRUTALITEIT

Geen sentrale sisteem, soos in die VSA, bestaan vir die rapportering van polisie brutaliteit nie, gevolglik kan dit as een van die redes vir die oneffektiewe rapporterings stelsel in Suid-Afrika bestempel word.⁵ Anders as die sisteem wat in die VSA gebruik word, gebruik Suid-Afrika twee liggame vir die rapportering van polisie brutaliteit, waarvan een van die liggame, die SAPD, nie as liggaam vir rapportering bestempel kan word nie.

3.2.1.1 DIE ONAFHANKLIKE KLAGTE DIREKTORAAT

Die OKD (nou die OPOD) het begin funksioneer in April 1997 en het in 'n tydperk van agt jaar oor die 30 000 sake van polisie brutaliteit ondersoek. 'n Nuwe mandaat⁶ is geformuleer wat fokus op die nuwe OPOD wetgewing wat deur die President onderteken is en inwerking getree het op 1 April 2012.⁷

Die Interim Grondwet⁸ het voorsiening daarvoor gemaak dat die OKD misdrywe en wangedrag wat vermoedelik gepleeg is deur lede van die SAPD op 'n doeltreffende wyse ondersoek kon word. Alhoewel die relevante artikel⁹ nie meer in die Grondwet vervat is nie, vind dit steeds toepassing as gevolg van Artikel 53(1) van die Suid-Afrikaanse Polisie Wet.¹⁰ Die voorafgaande artikel bepaal dat die gedragskode van die OKD bereik sal word deur die doelwitte soos uiteengesit in artikel 222 van die Interim Grondwet¹¹ na te streef. Alhoewel artikel 222 steeds toepassing vind, dui dit op geen stadium aan dat die OKD as die

⁵ Bruce, soos (vn 2) hierbo. Hierdie aspek word later in hierdie hoofstuk bespreek.

⁶ 'n Nuwe mandaat ten aansien van die magte om meer misdade te ondersoek is uit die ou mandaat van die OKD geformuleer. Independent Police Investigation Directorate, Act 1 of 2011 (hierna "die IPID wet" genoem).

⁷ IPID Wet, soos (vn 6) hierbo en paragraaf 3.2.1.2 van hierdie hoofstuk.

⁸ Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993.

⁹ Interim Grondwet, artikel 222, soos (vn 8) hierbo.

¹⁰ Wet 68 van 1995.

¹¹ Interim Grondwet, artikel 222, soos (vn 8) hierbo.

hoofmeganisme vir die rapportering van polisie brutaliteit gesien moet word nie.¹² Die artikel dui ook nie daarop dat die OKD misdrywe en wangedrag moet ondersoek nie, maar dat hul slegs verantwoordelik is om sisteme in plek te stel vir die doeltreffende ondersoek na misdrywe en wangedrag wat vermoedelik gepleeg is deur lede van die SAPD.¹³ Alhoewel die webtuiste van die OKD 'n proses daarstel vir die rapportering van 'n klagte van polisie brutaliteit, raai hul egter slagoffers van polisie brutaliteit aan om 'n afspraak by hul naaste OKD te maak en die personeel van die Direkoraat persoonlik te verwittig van die klagte.¹⁴

Behalwe vir artikel 222¹⁵ en artikel 53(1)¹⁶ bestaan daar ander wetgewing wat verpligtinge op die OKD geplaas het.¹⁷ Artikel 53 (2)¹⁸ bepaal dat die OKD sy doelwitte deur die volgende kan bereik:

- a) Die Onafhanklike Klagte Direkoraat MAG¹⁹ *mero motu* of met die ontvangs van 'n klagte ondersoek instel na die misdryf of wangedrag vermoedelik gepleeg deur 'n lid van die SAPD.
- b) MAG²⁰ waar dit van toepassing is die ondersoek na die betrokke kommissaris verwys.
- c) SAL²¹ *mero motu* of met die ontvangs van 'n klagte ondersoek instel na die dood van iemand in polisie aanhouding of dood as gevolg van polisie optrede.

Dit is duidelik uit die gebruikmaking van die woorde "MAG" en "SAL" dat die OKD 'n diskresie gehad het of onder verpligting was om ingevolge artikel 53(2) op te

¹² Bruce, soos (vn 2) hierbo

¹³ Artikel 222, Interim grondwet, soos (vn 8) hierbo.

¹⁴ Die IPID webtuiste, by http://www.ipid.gov.za/lodge_complaints.asap (besoek: 11/05/2013)

¹⁵ Interimgrondwet, soos (vn 5) hierbo.

¹⁶ Polisiewet, soos (vn 10) hierbo.

¹⁷ Artikel 53(2), Polisiewet, soos (vn 10) hierbo.

¹⁸ Polisiewet, soos (vn 10) hierbo.

¹⁹ Skrywer se eie beklemtoning.

²⁰ Soos (vn 19) hierbo.

²¹ Soos (vn 19) hierbo.

tree.²² Die diskresie bestaande uit die instel van 'n ondersoek na die wangedrag en misdrywe deur lede van die SAPD en om die ondersoek na die betrokke kommissaris te verwys. Inteenstelling met die voorafgaande het die OKD 'n plig gehad om die dood van persone in aanhouding of dood as gevolg van polisie optrede te ondersoek. Bovermelde kon gesien word as die mandaat van die OKD, maar is geherformuleer, soos duidelik sal blyk uit die bespreking hieronder.

3.2.1.2 DIE ONAFHANKLIKE POLISIE ONDERSOEK DIREKTORAAT²³

Die OPOD, as die huidige funksionerende orgaan, moet in gevolge artikel 28(1)²⁴ die spesifieke misdade deur lede van die SAPD gepleeg, ondersoek.²⁵ Hierdie misdade kan direk verband hou met polisie brutaliteit en sluit die volgende in: enige dood in polisie aanhouding, dood as gevolg van polisie optrede, enige klagte rakende die afvuur van 'n polisie vuurwapen deur 'n polisielid, verkragting deur 'n lid van 'n aandiens of afdiens SAPD lid, en enige klagte van marteling of aanranding teen 'n polisielid in die uitvoering van sy pligte. Verder mag die OPOD enige sake wat na hul verwys is deur die uitvoerende direkteur of waar

²² Polisie wet, soos (vn 10) hierbo.

²³ Die belangrikste doel van hierdie raad is om effek te gee aan artikel 206(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 deur klagtes van beweerde wangedrag, of oortreding deur 'n lid van die polisiediens in die provinsie, wat deur 'n provinsiale uitvoerende gesag ingedien is te ondersoek. Sien artikel 3, IPID wet, soos (vn 6) hierbo.

²⁴ IPID Wet, soos (vn 6) hierbo. Sien ook die OPOD verslag van 2012/2013 by http://www.ipid.gov.za/documents/report_released/annual_report/2013/IPID%20Annual%20Report&202012-13.pdf (besoek: 09/10/2013).

²⁵ Soos (vn 14) hierbo.

Ondersoek beampte is verantwoordelik om klagtes te ondersoek. 'n Ondersoek beampte beteken enige persoon wat ingevolge artikel 22 van die IPID wet, soos (vn 6) hierbo, aangestel is. Artikel 22 bepaal dat die uitvoerende lid verantwoordelik is vir die aanstelling van 'n geskikte en gepaste persoon as ondersoek beampte. 'n Kandidaat moet net graad 12 en enige ander relevante ervaring hê om in aanmerking te kom vir die pos. Die kandidaat word ook deur 'n keuringsproses gesit, soos uiteengesit in die Intelligency Services Act, 65 of 2002. Sien artikel 22(4) van die IPID wet soos (vn 6) hierbo. Die magte en pligte van ondersoek beamptes word verder in artikel 24, IPID wet, soos (vn 6) hierbo uiteengesit en bestaan ondermeer uit die volgende: 1) ondersoek van klagtes; 2) die vas stelling van liggaamlike kenmerke van beskuldigdes; 3) die betreding en deursoeking van 'n perseel; 4) die beslaglegging van artikels; 5) arrestasie; 6) die uitvoering van lasbriewe en 7) die bywoning van die verhoor van 'n beskuldigde. Sien artikel 22(2), IPID wet, soos (vn 6) hierbo.

die Minister²⁶ ondersoek aanvra, of 'n lid van die uitvoerende raad²⁷ of seketaresse die saak na die OPOD verwys, ondersoek.²⁸ Voorafgaande dui daarop dat die OPOD nie net verantwoordelik is om sake van polisie brutaliteit, soos ontvang deur lede van die publiek, te ondersoek nie, maar ook sake afkomstig van ander bronne.

Die stasiebevelvoerder van elke polisiestasie in Suid-Afrika asook lede van die SAPD is verplig om onmiddellik nadat hy bewus geword het van 'n misdaad wat gepleeg is deur 'n lid van die SAPD, die OPOD skriftelik in kennis te stel en om binne 24 uur na die insident gerapporteer is, 'n volledige geskrewe verslag aan die OPOD te verskaf.²⁹ Elke lid van die SAPD is ook verplig om hul volle samewerking aan die OPOD te verskaf, wat insluit die reël van 'n identiteitsparades, die beskikbaarheid van SAPD lede om verklarings af te lê en om enige ander relevante dokumente of inligting aan die OPOD te verskaf.³⁰

²⁶ Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit. IPID Wet, soos (vn 6) hierbo.

²⁷ Lid van die uitvoerende raad beteken enige uitvoerende lid van 'n provinsie wat verantwoordelik is vir polisiëring in daardie provinise. IPID wet, soos (vn 6) hierbo, Artikel 1. Die funksies van die uitvoerende lid word vervat in artikel 7(1) tot 7(12) van die IPID wet, soos (vn 6) hierbo. Die belangrikste funksie van die uitvoerende lid, vir doeleindes van hierdie studie, is vervat in artikel 7(4), IPID wet, soos (vn 6) hierbo, en bepaal dat die uitvoerende lid verantwoordelik is om kriminele misdade voortspruitend uit 'n ondersoek na die Direkteur van Openbare vervolging moet verwys asook die Minister in kennis stel van die misdaad. Die Direkteur van Openbare Vervolging moet die uitvoerende lid in kennis gestel van sy voorneme om 'n lid te vervolg al dan nie. Die uitvoerende lid moet ook verseker dat klagtes wat kan lei tot dissiplinêre aksie verwys word na die Nasionale Kommissaris en na die verstryking van 'n maand moet die uitvoerende lid 'n opsomming van die dissiplinêre aksie aan die minister voorsien. Sien artikel 7(7) tot 7(8), IPID wet, soos (vn 6) hierbo.

²⁸ IPID Wet, soos (vn 6) hierbo.

²⁹ IPID Wet, soos (vn 6) hierbo, artikel 29.

³⁰ IPID Wet, soos (vn 6) hierbo, artikel 29(2).

3.2.1.3. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE ONAFHANKLIKE KLAGTE DIREKTORAAT EN DIE ONAFHANKLIKE POLISIE ONDERSOEK DIREKTORAAT

Met eerste oogopslag is dit duidelik dat bevoegdhede aan die OKD verleen word ingevolge artikel 222,³¹ en artikel 53,³² terwyl bevoegdhede aan die OPOD ingevolge artikel 206(6)³³ en artikel 28³⁴ verleen word. Derhalwe is dit duidelik dat die OPOD, anders as in die geval van die OKD, deur 'n spesifieke wet gereguleer word wat die definisie en verpligtinge van rolspelers in die OPOD reël.³⁵ Verder verskil die magte van die OKD met die van die OPOD in die opsigte dat die OPOD meer insidente MOET ondersoek as die vorige OKD³⁶ en die OPOD verplig is om sekere insidente na die Nasionale Kommissaris te verwys.³⁷ Uit die vergelyking tussen die OKD en OPOD is dit duidelik dat Suid-Afrika besig is om in die regte rigting te beweeg aangaande die rapportering en ondersoek na polisie brutaliteit. Die IPID wet is relatief nuut, dus kon geen kommentaar aangaande die wet vind nie.³⁸

³¹ Interim grondwet, soos (vn 8) hierbo

³² Polisie wet, soos (vn 10) hierbo.

³³ Grondwet, soos (vn 23) hierbo.

³⁴ IPID wet, soos (vn 8) hierbo.

³⁵ Sien (vn 24 tot vn 30) hierbo.

³⁶ Sien (vn 19 tot vn 21) hierbo.

³⁷ Sien (vn 27) hierbo. Hierdie insidente sluit marteling in, wat op die beurt weer in lyn is met die vereistes van die VN Konvensie om marteling te ondersoek, hierdie aspek word later onder paragraaf 4.3.2 in Hoofstuk 4 bespreek.

³⁸ IPID wet, soos (vn 6) hierbo.

3.3. DISSIPLINÊRE PROSES EN SANKSIES IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS³⁹

3.3.1. ALGEMEEN

Sodra 'n lid teenstrydig optree met polisiereëls en -regulasies, word die lid onderwerp aan dissiplinêre aksie. Die SAPD dissiplinêre regulasies⁴⁰ skryf verskeie dissiplinêre sanksies voor. Hierdie sanksies kan gesien word as 'n soort straf vir onregmatige optrede aangesien strafregtelike vervolging nie noodwendig plaasvind tydens onregmatige optrede nie, maar die lid steeds gestraf moet word. Indien 'n lid 'n ernstige misdaad gepleeg het soos moord, verkragting en bedrog, word die lid onmiddellik geskors.⁴¹ 'n Lid is egter geregtig op regsverteenvoording⁴² tydens sy dissiplinêre verhoor wat gewoonlik aan lede voorsien word deur die SAPD se vakbond.⁴³ Regsverteenvoording mag tydens die dissiplinêre verhoor, net soos in die hof, getuies kruisondervra en verseker dat die regte prosedure gevolg word deur onder andere toe te sien dat slegs toelaatbare getuienis aangebied word.⁴⁴ Vervolgens word die stappe in die dissiplinêre verhoor en –sanksies bestudeer en bespreek.

³⁹ Die IPID wet, soos (vn 6) hierbo, maak in artikel 30 voorsiening vir dissiplinêre aanbevelings. Die Nasionale Kommissaris of die Provinsiale Kommissaris, aan wie dissiplinêre aanbevelings gemaak is, is verplig om 1) binne 30 dae na die aanbeveling ontvang is dissiplinêre aksie in te stel en om die Minister in skrif in kennis te stel van sodanige dissiplinêre aksie; 2) om kwartaaliks skriftelik verslag aan die Minister te gee oor die vordering van die dissiplinêre proses teen 'n lid van die SAPD; 3) onmiddelik na die finalisering van die dissiplinêre stappe, skriftelik, die Minister in kennis te stel van die uitkoms.

⁴⁰ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁴¹ P.A. Matsie *Disciplinary process of the South African Police Service: perception and preferences of members of the North Rand area of the Gauteng Province*, Meestersgraad (UNISA). Skorsing met of sonder vergoeding word later in hierdie hoofstuk bespreek.

⁴² Die regverteenvoordiger vir lede kan 'n prokureurs of advokaat. Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁴³ South African Police Union (SAPU) en Police, Prisons and Civil Rights Union (POPCRU). Matsie, soos (vn 41) hierbo.

⁴⁴ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 23. Sien ook L. Lustgarten *The Governance of Police* 1986, 250-151. Sien paragraaf 2.4.2.2 van Hoofstuk 2 van hiedie studie vir 'n volledige bespreking rondom die toelaatbaarheid van getuies.

3.3.2. STAPPE IN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR

Die dissiplinêre verhoor in die SAPD bestaan uit 5 stappe. Hierdie stappe bestaan uit die pleeg van wangedrag, ondersoek, die dissiplinêre verhoor, die oplegging van dissiplinêre sanksies en appél.⁴⁵ Elke stap moet volledig voltooi word alvorens daar na 'n volgende stap gegaan word. Vir doeleindes van hierdie studie is ondersoek na appél gedurende die interne proses nie van belang nie, aangesien die studie handel met verskeie sanksionerings prosesse. Die eerste vier stappe van die proses word kortliks bespreek:

3.3.2.1. DIE PLEGING VAN WANGEDRAG⁴⁶

Dit word van 'n polisielid verwag om homself op 'n sekere manier te gedra, wat ooreenstem met die SAPD se beleid. Die reëls en regulasies van die SAPD, soos voorsien deur hoofkantoor, kan gesien word as beperkinge op die diskresie van 'n stasiebevelvoerder om dissiplinêre aksie teen 'n lid in te stel. Die reëls en regulasies van die SAPD verplig 'n stasiebevelvoerder om dissiplinêre aksie te neem teen 'n lid wat homself skuldig maak aan onregmatige optrede en wangedrag. Matsie beweer onder andere dat die doel van dissiplinêre aksie is om te voorkom dat ander lede hulself ook skuldig maak aan soortgelyke optredes van wangedrag en die dissiplinêre proses as afskrikingsmiddel gesien word.⁴⁷

Dit is ook die plig van die stasiebevelvoerder om die wangedrag van 'n lid te gradeer volgens ernstige wangedrag of nie ernstige wangedrag. Die gradering is totaal en al in die diskresie van die stasiebevelvoerder en speel 'n belangrike rol in die besluit oor die toepaslike dissiplinêre proses wat ingestel moet word.⁴⁸

⁴⁵ Matsie, soos (vn 41) hierbo. Elke stap word individueel bespreek, behalwe appél. Appél word gedurende die ander stappe aangespreek.

⁴⁶ Regulasie 20 van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo. Wangedrag sluit onder meer in die pleeg van enige gemeenregtelike- of statutêre misdaad, die intimidasie van mede werknemers, aggressiewe gedrag ens. Sien ook C. Joubert (red) *Toegepastereg vir Polisiebeamptes* (2001), 30 en 31.

⁴⁷ Matsie, soos (vn 41) hierbo.

⁴⁸ Newham, soos (vn 1) hierbo. Die dissiplinêre proses ten aansien van ernstige wangedrag en nie ernstige wangedrag. Indien die wangedrag ernstig is moet regulasie 12 van die dissiplinêre

3.3.1.2. ONDERSOEK⁴⁹

Die doel van hierdie fase is om so veel as moontlik inligting en feite oor die wangedrag of onregmatige optrede van 'n lid te versamel. Die ondersoek moet so objektief moontlik geskied.⁵⁰ Die fase stel die werkgewer (SAPD) in 'n posisie om 'n ingeligte besluit te neem rakende die dissiplinêre sanksie wat 'n lid opgelê moet word, indien hy skuldig bevind sou word. Die lid is geregtig om te weet dat 'n ondersoek geloods word na sy gedrag.⁵¹ Verder kan die lid deur die SAPD geskors word terwyl die ondersoek aan die gang is, veral in die geval waar daar 'n vermoede bestaan dat die betrokke lid 'n misdadig gepleeg het, dat die lid gaan inmeng met die ondersoek, waar die lid 'n gevaar vir sy medewerkers en die publiek is, waar die lid in 'n posisie sal wees om bewysmateriaal te vernietig indien hy steeds indiens bly of waar die lid getuies gaan intimideer of beïnvloed⁵²

3.3.1.3. DISSIPLINÊRE VERHOOR⁵³

Of 'n dissiplinêre verhoor ingestel moet word teen 'n lid al dan nie, hang af van die erns van die misdadig of wangedrag. In die geval waar die gedrag van 'n lid neerkom op nie ernstige wangedrag word 'n sogenaamde beradende onderhoud tussen die stasiebevelvoerder en die lid gereël.⁵⁴ Tydens hierdie onderhoud, erken die lid dat hy skuldig is aan wangedrag en is die stasiebevelvoerder by

regulasies, soos (vn 2), toegepas word. In die geval van nie ernstige wangedrag moet regulasies 7-11 van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo toegepas word. Hierdie regulasies word later in hierdie hoofstuk onder dissiplinêre verhoor bespreek. Sien ook 'South African reserve Police Service standard operational procedure' by www.saps.gov.za/comm_pol/reservists/downloads/sop.pdf. (besoek: 28/05/2013).

⁴⁹ Ondersoek word gewoonlik gedoen deur 'n ondersoek beampte van die OPOD, sien (vn 25) hierbo in hierdie verband.

⁵⁰ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 30.

⁵¹ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 32.

⁵² *Swanepoel en Van der Berg v Mahigo NO en 2 ander* [saak nommer:4031/2007] Vrystaat Hoë Hof, Bloemfontein.

⁵³ Die dissiplinêre verhoor word gereël deur regulasie 14, dissiplinêre regulasies, soos (vn 3) hierbo. Sien ook Joubert, soos (vn 46) hierbo, 30.

⁵⁴ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2), regulasies 7-11. Joubert, soos (vn 46) hierbo, 31.

magte om 'n skriftelike of mondelingse waarskuwing aan die lid te gee.⁵⁵ Of die waarskuwing mondelings of skriftelik is, hang af van die gedrag van die betrokke lid oor die voorafgaande 12 maande.⁵⁶

In die geval van ernstige wangedrag, word verklarings van persone geneem wat vermoedelik inligting oor die betrokke wangedrag het.⁵⁷ Die stasiebevelvoerder is dan verplig om 'n verslag op te stel en die afskrif van die verslag aan die lid en relevante dissiplinêre offisiere, op provinsiale vlak, te stuur.⁵⁸ Die lid is geregtig om binne 14 dae nadat hy die verslag ontvang het, vertoë te rig oor die inhoud van die stasiebevelvoerder se verslag, waarna die lid ten minste 10 kalender dae voor die verhoor datum in kennis gestel word om aanwesig te wees by die dissiplinêre verhoor.⁵⁹

Dit is wenslik dat die stasiebevelvoerder eers 'n verduideliking van die betrokke lid moet verlang voordat dissiplinêre stappe teen die lid geneem word, maar indien die stasiebevelvoerder alles in sy vermoë gedoen het om die gedrag van die lid te bevorder, maar geen sukses behaal het nie, sal dissiplinêre aksie teen die lid ingestel moet word.⁶⁰ Die doel van die dissiplinêre verhoor is om die gedrag van 'n lid te verander of te verbeter en kan ook as afskrikingsmiddel dien vir ander SAPD lede. Tydens die verhoor moet die voorsittende beampte⁶¹ alle klagtes teen die lid bekend maak. Hierna word die werkgewer (SAPD) se saak

⁵⁵ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2). regulasie 9(c).

⁵⁶ Newham, soos (vn 1) hierbo. Indien die stasiebevelvoerder bewus word dat die betrokke lid homself die afgelope 12 maande aan dieselfde wangedrag skuldig gemaak het, moet 'n mondelingse waarskuwing aan die lid gegee word. In die geval waar 'n mondelingse waarskuwing reeds die afgelope 12 maande aan die lid gegee is, moet 'n skriftelike waarskuwing gegee word. Sien ook regulasie 10 van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁵⁷ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo, regulasie 12.

⁵⁸ Newham, soos (vn 1) hierbo. Dissiplinêre regulasie, soos (vn 2) hierbo, regulasie 12.

⁵⁹ Regulasie 12(1)(a)-(c) maak voorsiening vir die bediening van die kennisgewing op die lid, deur dit persoonlik op die lid te bedien of indien die lid nie gevind kan word nie, op 'n persoon klaarblyklik 16 jaar of ouer en wat by die residensiële adres van die lid woonagtig is. 'n Relas van bediening kan by die dissiplinêre verhoor ingedien word, wat dan sal dien as bewys van bediening. Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo. Sien ook Joubert, soos (vn 46) hierbo. 31 en 32.

⁶⁰ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 3, 33. Sien ook Newham, soos (vn 1) hierbo.

⁶¹ Voorsittende beampte is enige persoon in die SAPD met die rang van superintendent of hoër- artikel 6(3) van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

voorgelê, die klagtes word aan die lid geles waarna die lid moet pleit. Die proses na pleit is presies dieselfde as in 'n gewone strafsak.⁶²

3.3.3. DISSIPLINÊRE SANKSIES

Dissiplinêre sanksies word gewoonlik neergelê in reëls en regulasies.⁶³ Die soort sanksie wat 'n polisielid opgelê word, hang af van die aard en erns van die wangedrag of misdaad. Dissiplinêre sanksies wat in praktyk opgelê word is berading,⁶⁴ waarskuwings, afgradering in rang, oorplasing, skorsing, ontslag, boete⁶⁵ of 'n kombinasie van die vermelde sanksies. Die SAPD dissiplinêre regulasies⁶⁶ maak voorsiening vir dissiplinêre sanksies wat 'n lid opgelê kan word indien daardie lid skuldig bevind sou word.⁶⁷ Vervolgens word elk van die bogenoemde sanksies kortliks bespreek.

3.3.3.1. WAARSKUWINGS⁶⁸ EN OORPLASING

'n Waarskuwing word gewoonlik aan 'n lid gegee indien die lid skuldig bevind word aan 'n minder ernstige oortreding. In die geval van waarskuwing word die lid nie onderwerp aan 'n dissiplinêre verhoor nie.⁶⁹

Oorplasing beteken dat die lid oorgeplaas word na 'n ander polisiestatie met die doel om die lid se gedrag onder 'n ander stasiebevelvoerder te verander of te verbeter.⁷⁰ Oorplasing kan as alternatief vir skorsing dien in die geval waar die lid soos reeds hierbo bespreek, die ondersoek sal benadeel.⁷¹

⁶² Die dissiplinêre offisier (is enige iemand met die rang van kaptein of hoër-artikel 5(1) van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo) lei getuienis waarna die lid of sy regsvertegenwoordiger die getuies kruisondervra. Die lid of sy regsvertegenwoordiger lei nou getuienis en die dissiplinêre offisier kruisondervra, Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 34.

⁶³ Regulasies 15 van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁶⁴ Sien (vn 55) hierbo.

⁶⁵ 'n Boete van nie meer as R 500.00, soos bepaal deur regulasie 15(1)(h) van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁶⁶ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁶⁷ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 36.

⁶⁸ Geskrewe waarskuwing wat verval na 6 maande, regulasie 15(1)(b) dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁶⁹ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo en sien 3.3.1.3.

3.3.3.2. AFGRADERING IN RANG

Afgradering in rang beteken dat 'n lid verwyder word van sy huidige status en salaris skaal en na 'n laer rang in die SAPD se rangstelsel geplaas word. Hierdie sanksie kan slegs gebruik word in die geval waar 'n lid berou toon oor sy gedrag. Afgradering in rang dien ook as 'n president vir ander lede in die SAPD om hulself nie aan wangedrag of misdaad skuldig te maak nie.⁷²

3.3.3.3. SKORSING⁷³

Hierdie sanksie kom voor in die geval waar waarskuwings geen effek gehad het op die gedrag van 'n lid nie en waar die gedrag van die lid ernstig van aard is. Skorsing sonder betaling is 'n alternatief vir ontslag. Of skorsing met of sonder betaling moet geskied sal afhang van die situasie en beleid van die SAPD. Ingevolge regulasie 13(2)(a)⁷⁴ mag 'n kommissaris 'n lid skors sonder betaling in die geval waar die lid daarvan verdink word dat hy gedrag, soos in aanhangsel A van die regulasies, gepleeg het en waar die saak teen die lid sterk is.⁷⁵ Skorsing sonder betaling dien as goeie straf aangesien die lid twee keer sal dink voordat hy weer 'n oortreding sal begaan.⁷⁶ Daar kan teen skorsing sonder betaling geappelleer word, maar dit is duidelik dat 'n lid homself eers na die Kommissie vir Konsilië, Mediasie en Arbitrasie moet wend voordat die Arbeidshof genader kan word. Dit was Regter Van der Merwe se siening, in die saak van *Nduli v South African Police Service and 4 Others*.⁷⁷ Die rede waarom gevalle van

⁷⁰ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 38.

⁷¹ Matsie, soos (vn 41) hierbo. Sien ook *Swanepoel*, soos (vn 52) hierbo.

⁷² Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 39.

⁷³ Skorsing sonder betaling vir 'n periode wat nie 3 maande oorskry nie, regulasie 15(1)(d), dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁷⁴ Dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁷⁵ Matsie, soos (vn 41) hierbo, sien ook dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo. Hierdie gedrag sluit soos korrupsie, dwarsboming van die gereg, moord, verkragting, aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, diefstal, ontvoering ens in.

⁷⁶ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 40.

⁷⁷ Ongerapporteerde saak, saak nommer: 652/12 (27 September 2012). Sien ook *Members of the Executive Council for Education, North West Government v Gradwell* (2012) 33 2033 (LAC) par 46.

onbillike arbeidspraktyk, soos skorsing sonder betaling, eers vir arbitrasie oorweeg moet word, is omdat die kommissaris in 'n beter posisie is om te bepaal of die skorsing billik was al dan nie.⁷⁸ Behalwe dat daar teen skorsing sonder betaling geappelleer kan word, is 'n lid ook geregtig daarop om teen ander sanksies te appelleer.⁷⁹

3.3.3.4. ONTSLAG

Ontslag is die laaste uitweg in die dissiplinêre proses⁸⁰ en moet dus die enigste opsie vir die SAPD wees. Die probleem in die SAPD rakende ontslag is die afwesigheid van 'n duidelike strafbeleid wat ontslag as minimum sanksie vir spesifieke oortredings voorskryf. 'n Strafbeleid sal van onskatbare waarde wees, deurdat dit sal verseker dat elke lid ontslaan sal word vir spesifieke oortredings en die besluit om 'n lid te ontslaan, nie aan die voorsittende beampte tydens die dissiplinêre verhoor oorgelaat word nie. Die rede vir ontslag as sanksie, veral outomatiese ontslag in die geval van ernstige misdade, is dat die werkgewer (SAPD) nie bereid is om 'n lid te betaal wat nie bereid is om sy samewerking en dienste aan die SAPD te gee nie.⁸¹

3.4. 'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT RAPPORTERING EN INTERNE PROSEDURES

3.4.1. ALGEMEEN

Polisie brutaliteit is nie net 'n nasionale probleem nie. Wêreldwyd word hierdie probleem ook ondervind. Navorsing dui op brutale optredes van polisieledes reg oor die wêreld. Die rapportering- en ondersoek stelsel van drie lande word bestudeer met die doel om 'n moontlike oplossing vir die oneffektiewe

⁷⁸ Nduli, soos (vn 77) hierbo.

⁷⁹ Regulasie 17 van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁸⁰ Regulasie 15(1)(e) van die dissiplinêre regulasies, soos (vn 2) hierbo.

⁸¹ Matsie, soos (vn 41) hierbo, hoofstuk 2, 43.

rapportering- en onderzoekstelsel in Suid-Afrika te vind. Die skrywer gaan 'n vergelykende studie tussen Suid-Afrika en die drie lande toepas met die doel om die probleme ten aansien van Suid-Afrika se stelsel uit te lig en suksesvolle liggame in die drie lande te identifiseer en te analiseer. Die lande onder bespreking is Amerika,⁸² Australië⁸³ en Kanada⁸⁴. Hierdie lande is gekies aangesien hierdie lande min of meer dieselfde insidente van polisie brutaliteit ondervind en die liggame in die lande effektief funksioneer, soos dit sal blyk uit die bespreking hieronder.

3.4.2.ORGANE EN LIGGAME VERANTWOORDELIK VIR DIE RAPPORTERING EN ONDERSOEK NA POLISIE BRUTALITEIT IN ANDER INTERNASIONALE JURISDIKSIES

Net soos die OPOD in Suid-Afrika verantwoordelik is vir die rapportering en ondersoek na gevalle van polisie brutaliteit, het die gekose internasionale jurisdiksies ook liggame of organe wat verantwoordelik is vir die rapportering en

⁸² Die gerapporteerde insident hieronder wys dat polisie brutaliteit 'n internasionale probleem is, In New York is 'n man gesodomiseer deur die New York Police Department. Die man is met 'n gebreekte besemstok gesodomiseer, terwyl hy in aanhouding was. Die man is gelos om vanuit sy rektum te bloei, CBS Worldwide by <http://www.cwd.cbs.com> (besoek: 27/07/2013)

⁸³ In 2011 is twee immigrate deur die Australiese polisie geslaan, geboei en onregmatig aangehou. Een van die slagoffers beweer dat hy met pepersproei gespuit is, terwyl hy met sy gesig op die grond gelê het. Die twee slagoffers het niks verkeerd gedoen nie. Die mans is ook rassisties mishandel deur die polisie by <http://www.abc.au/news/2012-06-03/police-brutality-cases-setled-out-of-court/4049072> (besoek: 21/11/2012). In Maart 2012 het die NWS Polisie 'n beskuldigde in aanhouding gedood. Die man is gearresteer vir diefstal. Tydens arresstasie het een van die polisiebeamptes sy kop teen die raam van 'n venster geslaan. Hy is ook drie keer met 'n skokgeweer agter in die rug geskiet. Verder het die polisie die man ook met pepersproei gespuit by <http://indyuedia.org.au/keywords/police-violence> (besoek: 21/11/2012).

⁸⁴ 'n Man in Toronto, Kanada, is vermoedelik doodgeslaan deur lede van die RCMP. Die man het 'n vroue polisiebeampte verkeerdelik geïdentifiseer as 'n vriendin, waarna hy haar 'n drukkie gegee het. Die man se optrede het gelei tot sy aanranding, die man is so erg aangerand dat hy breindood verklaar is teen die tyd wat hy by die hospitaal aangekom het. 'Toronto man dies after alleged police brutality' by <http://www.citytv.com/Toronto/citynews/news/national/article/177314> (besoek: 21/11/2012). In 2003 het die RCMP 'n man gearresteer, hom soos 'n dier vasgemaak en hom aanhoudend geskop. Die man is gesig op die grond na die polisiekar gesleep, hy is daarna met 'n skokgeweer geskiet. Die outopsie het later bevind dat die man kneusplekke, snye en gebreekte ribbene gehad het. Die man is egter dood as gevolg van 'n reeks hartaanvalle tydens die aanval, McKeown P.M 'Police brutality in Canada-Clay Willey hogtied and tasered to death' by <http://www.bestgore.com/murder/policebrutality.-canada-clay-willey-hogtied-taser-death/> (besoek: 21/11/2012).

ondersoek na polisie brutaliteit. Vervolgens word die stelsel van Quebec in Kanada; Queensland in Australië en New York in die VSA bespreek. Die skrywer het hierdie spesifieke streke gekies, omdat elke streek in 'n land se stelsel verskil en omdat die streke wat bestudeer word se stelsels soortgelyk, maar meer effektief is as die stelsel van Suid-Afrika.

3.4.2.1 QUEBEC, KANADA

In Quebec is 'n nuwe sisteem vir hul polisie diens in 1968 ingestel.⁸⁵ Die magte in verband met polisiegedrag was oorspronklik gesetel in die Quebec Polisie kommissaris, 'n nuwe liggaam is geskep om die polisie diens te reguleer in die provinsie. Verder is die magte wat in die Polisie kommissaris alleen gesetel was verdeel tussen twee nuwe liggame naamlik die Etiese Komitee (hierna die komitee) en die Etiese Kommissaris (hierna die Kommissaris). Terselfde tyd is 'n nuwe etiese kode ingestel wat die pligte en standaarde ten aansien van die gedrag van polisie lede bepaal.⁸⁶

Ingevolge wetgewing mag enige persoon wat vermoed dat 'n polisie lid teenstrydig met die gedragskode opgetree het 'n klag, skriftelik, by die kantoor van die Kommissaris lê.⁸⁷ Die Kommissaris kan probeer om die klaer te vergoed, maar indien vergoeding nie suksesvol is nie, moet 'n ondersoek geloods word om vas te stel of daar genoegsame bewyse is om die lid voor die etiese komitee te daag.⁸⁸ Die Kommissaris moet nadat hy ondersoek ingestel het, verslag doen

⁸⁵ Loi sur l'organisation policière/ Act Respecting Police Organisation, LRQ, Hoofstuk 0-8.1. 'Laws passed against police brutality' by http://www2.publicationcationsduquebec.gouv.qc.ca/documents?lr/O_8_1_A.htm (besoek: 21/11/2012)

⁸⁶ Code de déontologie des policiers du Québec Dcrt, 920-990, artikel 5(1)(1). Act Respecting Police Organisation, soos (vn 85) hierbo.

⁸⁷ Act Respecting Police Organisation, soos (vn 85) hierbo, artikel 51. Die kommissaris moet 'n Advokaat van minstens 10 jaar se ondervinding wees, hy word bygestaan deur drie adjunk kommissarisse. Act Respecting Police Organisation, soos (vn 85) hierbo, artikel 51(37) en (39).

⁸⁸ Act Respecting Police Organisation soos (vn 85) hierbo, artikel 51(58) en (64). Ondersoek mag ingestel word deur die kantoor van die kommissaris of verwys word na 'n spesiale ondersoek mag in die polisie. Die direkteur van die spesiale ondersoek mag moet aan die kommissaris verslag doen na 45 dae en

aan die slagoffer, die polisiebeampte wat ondersoek word en die direkteur van die polisiemag.⁸⁹ Na die ondersoek, mag die Kommissaris die klagte oor die hoof sien, die polisiebeampte beveel om voor die komitee te verskyn of die saak na die Prokureur-Generaal te verwys wat dan sal besluit om die polisiebeampte te vervolg al dan nie. Die polisiebeampte en direkteur van die polisiemag moet inkennis gestel word van die Kommissaris se besluit. Indien die klagte oor die hoof gesien word, moet redes en 'n opsomming van die ondersoek aan die klaer gestuur word. Hierdie redes en opsomming sal die klaer instaat stel om sy eie reg ten aansien van hersiening deur die komitee uit te oefen.⁹⁰

3.4.2.2 QUEENSLAND, AUSTRALIË

In Queensland is die Criminal Justice Commission (CJC) gestig.⁹¹ Die CJC was hoofsaaklik verantwoordelik vir die advisering ten aansien van die strafregstelsel, ondersoek in insidente van georganiseerde misdade, ondersoek in die wangedrag van amptenare en om te verseker dat dissiplinêre stappe geneem word in sekere gevalle.⁹² Ten aansien van die polisie, is die CJC verantwoordelik om die vordering van die polisiediens te monitor en te verseker dat effektiewe polisiëring metodes toegepas word. Die CJC is ook verantwoordelik om met die publiek se klagtes te handel.⁹³ Vyf kommissarisse word aangestel deur die Minister in samewerking met die Parlementêre strafreg komitee wat dieselfde tyd as die CJC gestig is.⁹⁴ Die CJC is verantwoordbaar teenoor die Parlementêre

daarna elke maand, Acts Respecting Police Organisation soos (vn 87) hierbo, artikel 51(67).

⁸⁹ Verslag moet gedoen word binne 60 dae en daarna elke maand ten aansien van die vordering in die ondersoek, Act Respecting Police Organisation, soos (vn 87) hierbo, artikel 51(72).

⁹⁰ Act Respecting Police Organisation, soos (vn 87) hierbo, artikel 51(75) en (80).

⁹¹ M. Finnane 'Police corruption and police reform: The Fitzgerald inquiry in Queensland, Australia' 1990 1 *Policing and Society*, 159-171.

⁹² Queensland Criminal Justice Act (1989), herdruk en inwerking op 21 Desember 2005- artikel 3 by www.legislation.qld.gov.au/LEGISLTN/CURRENT/C/CriminalCode.pdf (besoek: 29/05/2013)

⁹³ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, artikels 23(g), (h) en (i).

⁹⁴ Die Parlementêre strafreg komitee bestaan uit gewone lede wat saam met die hoof van die komitee werk, die hoof moes op die regsbank gedien het of instaat wees om op die regsbank te dien, Queensland Criminal Justice Act soos (vn 94) hierbo, subartikel (8) en (18).

strafreg komitee en moet gedurig, tydens maandelikse vergaderings, aan die komitee verslag doen.⁹⁵

Die CJC het verskeie afdelings wat bestaan uit die departement vir die wangedrag van amptenare (die OMD), die Wangedrag tribunaal, Afdeling van die program vir die beskerming van getuies, die Intelligensie afdeling, die Navorsingsafdeling en die Korrupsie Voorkomings afdeling.⁹⁶ Die OMD is verantwoordelik vir die ondersoek na beweerde wangedrag en onregmatige optredes deur polisiebeamptes.⁹⁷ Die klagte afdeling van die OMD ontvang klagtes van wangedrag en onregmatige optredes, wat gelê word deur die publiek of staatsamptenare (insluitende die polisie). Alle klagtes wat die polisie insluit moet deur die polisie kommissaris na die OMD verwys word.⁹⁸ Die Polisie kommissaris kan op eie inisiatief ondersoek instel in plaas daarvan om die saak na die OMD te verwys. Klagtes wat neerkom op 'n kriminele klag, word deur die OMD ondersoek, mits daar 'n *prima facie* saak uitgemaak word. Dit is die plig van die OMD om die betrokke lid aan te kla en voor die Wangedrag Tribunaal⁹⁹ te bring vir 'n dissiplinêre verhoor.¹⁰⁰

3.4.2.3. NEW YORK CITY, NEW YORK, AMERIKA

Die "New York City's Civilian Complaint Review Board" (hierna die CCRB) is 'n raad wat vir baie jare in die VSA bestaan (vanaf 1953). In 1993 het die CCRB 'n

⁹⁵ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, artikel 21 en die Criminal Justice Commission Annual report 1994/1995 7 en 94-97. Sien ook National Criminal Justice Reference Service 'Setting the standard: A review of the current processes for the management of police discipline and misconduct matter' by <http://www.ncjrs.gov/App/Publications/abstract.aspx?ID=256196> (besoek: 28/05/2013).

⁹⁶ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92), artikel 19, Annual report 5.

⁹⁷ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, artikel 32.

⁹⁸ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, artikel 37. Sien ook 'Making a complaint against a police officer' by http://www.police.qld.gov.au/Resources/Internet/services/documents/Making_a_compliant_against_a_police_officer.pdf (besoek: 29/05/2013).

⁹⁹ Die wangedrag tribunaal bestaan uit een tot drie persone wat op die regsbank gedien het of instaat is om op die regsbank te dien.

¹⁰⁰ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, artikel 38.

onafhanklike liggaam geword.¹⁰¹ Die raad is verantwoordelik vir die ontvangs, ondersoek en verhoor van klagtes rakende die onregmatige gebruik van geweld deur polisielede en die misbruik van magte.¹⁰² Klagtes kan gemaak word, skriftelik of telefonies, 24uur per dag. Die CCRB het 60 lede wat ondersoek instel deur, onder andere, onderhoude met getuies te voer, relevante polisie dokumente te bekom en bewysmateriaal te analiseer.¹⁰³ Klaers moet 'n verslag rondom die status van die saak binne 7 dae vandat die saak by die CCRB aangemeld is ontvang en daarna elke 45 dae.¹⁰⁴ Die ondersoek beampte maak aanbevelings rondom die saak, waarna die aanbevelings deur die raad of 'n panel van 3 lede hersien word voordat 'n finale besluit geneem word. Indien die klagte gestaaf word, het die raad geen dissiplinêre magte nie. Die raad sal dan die saak na die polisie kommissaris moet verwys wat die finale besluit het rondom die neem van dissiplinêre stappe teen 'n lid al dan nie.

3.4.3. DISSIPLINÊRE PROSES EN SANKSIES IN ANDER INTERNASIONALE JURISDIKSIES

3.4.3.1. QUEBEC, KANADA

Dit is duidelik uit die bespreking hierbo,¹⁰⁵ dat die Kommissaris sake na die etiese komitee verwys vir interne verhore. Die etiese komitee is 'n outonome en onafhanklike liggaam met uitsluitlike jurisdiksie om te besluit of 'n lid se gedrag neerkom op die oortreding van die etiese gedragskode en om 'n saak te

¹⁰¹ New York Civil Liberties Union 'NYPD Disciplinary practices in cases of police misconduct' by <http://nyclu.org/node/2214> (besoek: 29/05/2013). Liggaam bestaan uit 13 lede (aangestel deur die burgermeester van New York)

¹⁰² Local laws of the City of New York for the year 1993, No 1, soos gewysig deur artikel 440 van die New York City Charter, artikel 440(c)(1) by www.nyc.gov/html/.../ammend1993.pdf (besoek: 29/05/2013).

¹⁰³ CCRB Status verslag Julie, Desember 1994, Vol 2, No 2 en artikel 440(c)(5) van die Local laws of the City of New York by www.columbia.edu/itc/journalism/cases/Katrina/Human%20Rights%20Watch/uspo1015.htm (besoek: 29/05/2013)

¹⁰⁴ Civilian Complaints Review Board rules, by <http://www.nyc.gov/html/ccrb/.../CCRB-rules.pdf> (besoek: 29/05/2013) en Local laws, soos (vn 102) hierbo, artikel 1-16.

¹⁰⁵ Sien paragraaf 3.4.2.1. van hierdie hoofstuk.

hersien of te ontslaan.¹⁰⁶ Verhore word gehou deur drie persone (een advokaat, een polisielid en een lid van die publiek). Die voorsittende beampte is gewoonlik 'n prokureur.¹⁰⁷ Indien die komitee besluit dat die gedrag van die polisiebeampte die etiese gedragskode oortree het word 'n dissiplinêre sanksie opgelê.¹⁰⁸ Die klaer word in kennis gestel van die komitee se besluit en sou die klaer nie tevrede wees met die komitee se bevinding nie, mag die klaer die hof in Quebec nader vir appél en finale uitspraak oor die aangeleentheid.¹⁰⁹ Indien die klagte neerkom op beide 'n kriminele oortreding en 'n oortreding van die etiese gedragskode, mag die Kommissaris en die komitee voortgaan deur die Prokureur-Generaal (wat ook gemagtig is om ondersoek in te stel) in kennis te stel. Die Prokureur-Generaal sal gewoonlik vra dat die spesiale ondersoek polisiemag die kriminele klag ondersoek.

3.4.3.2. QUEENSLAND, AUSTRALIË

Die wangedrag tribunaal is onder die beheer van die CJC en is by magte om ondersoeke te loods en appéle aan te hoor oor klagtes wat intern verhoor is. Indien die tribunaal bevind dat die klagte gegrond is, is die tribunaal by magte om straf op te lê.¹¹⁰ Indien die ondersoek 'n kriminele aktiwiteit openbaar, moet die saak na die Direkteur van Openbare Vervolging verwys word wat sal besluit of hy die polisielid gaan vervolg al dan nie. Die saak word ook deur die Direkteur van Openbare Vervolging voor die hof gebring.¹¹¹

¹⁰⁶ Act Respecting Police Organisation, soos (vn 85) hierbo, artikel 51(89) en (90). Lede van die komitee bestaan uit Advokate, polisielede en leke (persone van die publiek wat nie advokate of polisielede is nie).

¹⁰⁷ Act Respecting Police Organisation Soos (vn 85) hierbo, artikel 51(94) en (95).

¹⁰⁸ Hierdie sanksies strek vanaf waarskuwings tot ontslag.

¹⁰⁹ Acts Respecting Police Organisation, soos (vn 85) hierbo, artikel 51(133).

¹¹⁰ Straf strek vanaf 'n boete tot ontslag. Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo, subartikel 40 en 55.

¹¹¹ Queensland Criminal Justice Act, soos (vn 92) hierbo.

3.4.3.3. NEW YORK CITY, NEW YORK, AMERIKA

Die verhoor van die CCRB is openbaar van aard, die klaer sal in kennis gestel word van die aanbevelings en bevindings.¹¹² Die bevindings van die raad bestaan uit verskeie moontlikhede wat onder meer insluit: gestaaf,¹¹³ nie gestaaf nie,¹¹⁴ ongevind¹¹⁵ en ontslag.¹¹⁶

Mediasie, konsiliasie en kompensasie is ook moontlik. Mediasie is vrywillig aan albei kante, maar mag ook aan 'n polisiebeampte opgelê word as straf.¹¹⁷ Klagtes van kriminele aard word ondersoek en vervolg deur die staatsprokureur in samewerking met polisiedepartemente. Die CCRB besit ook onafhanklike statutêre bevoegdhede om 'n kriminele klag te ondersoek.

3.4.4 'N VERGELYKING TUSSEN SUID-AFRIKA EN ANDER INTERNASIONALE JURISDIKSIES

3.4.4.1. SUID-AFRIKA EN QUEBEC, KANADA

Wanneer die rapporterings- en ondersoekstelsel van Quebec, Kanada vergelyk word met die stelsel van Suid-Afrika, is daar duidelike verskille. Eerstens, word klagtes in Quebec by die kantoor van die Kommissaris gelê terwyl klagtes in Suid-Afrika by die OPOD en polisiestasie gelê word.¹¹⁸ Tweedens, ondersoek die Kommissaris, spesiale ondersoek polisiemag en die Prokureur-Generaal klagtes

¹¹² CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo, subhoofstuk D en E.

¹¹³ Die beampte is skuldig bevind aan wangedrag of onregmatige optrede, CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo en Local Laws, soos (vn 102) hierbo, artikel 1-13.

¹¹⁴ Daar is onvoldoende bewyse dat wangedrag deur die lid gepleeg is CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo.

¹¹⁵ Die gedrag waaroor 'n klagte gelê is, het nie plaasgevind nie, CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo.

¹¹⁶ Klaer nie beskikbaar of verleen nie samewerking in die ondersoek nie, CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo.

¹¹⁷ Local Laws, soos (vn 102) hierbo, artikel 440(c)(4), CCRB reëls, soos (vn 104) hierbo.

¹¹⁸ Sien paragraaf 3.4.2.1 van hierdie hoofstuk.

van polisie brutaliteit in Quebec, terwyl die OPOD en die polisie self klagtes ondersoek in Suid-Afrika.¹¹⁹ Dertens, word sake van kriminele aard verwys na die Prokureur-Generaal in Quebec, terwyl sake van kriminele aard na die Direkteur van Openbare vervolging verwys word in Suid-Afrika.¹²⁰ Dissiplinêre verhore in die twee lande verskil ook van mekaar in die opsigte dat interne dissiplinêre verhore in die SAPD gehou word, terwyl dissiplinêre verhore in Quebec deur 'n onafhanklike etiese komitee behartig word.¹²¹

3.4.4.2. SUID-AFRIKA EN QUEENSLAND, AUSTRALIË

Net soos in Suid-Afrika het Queensland, Australië ook 'n liggaam wat verantwoordelik is vir die ontvangs en ondersoek na onregmatige optredes van polisielede. Die verskil is egter dat die CJC oor verskeie departemente beskik wat elk 'n spesifieke funksie verrig. Die klagte afdeling ontvang klagtes van die publiek terwyl die wangedrag afdeling slegs klagtes ondersoek. Die polisie kommissaris of die CJC in Queensland kan op eie inisiatief kriminele sake ondersoek, waar in Suid-Afrika die OPOD slegs misdrywe wat in wetgewing gelys word mag ondersoek. Die Suid-Afrikaanse polisie kommissaris ondersoek geen sake van onregmatige of brutale optredes van polisielede nie. Verder word die dissiplinêre verhore in Queensland deur 'n onafhanklike tribunaal behartig terwyl dissiplinêre verhore in Suid-Afrika intern geskied.¹²²

3.4.4.3. SUID-AFRIKA EN NEW YORK CITY, NEW YORK, AMERIKA

Wanneer die rapportering- en ondersoekstelsel van Suid-Afrika vergelyk word met die van New York, VSA, is daar duidelik 'n paar verskille tussen die twee lande se stelsels. In New York word klagtes, rakende onregmatige toediening van geweld en magmisbruik, deur die CCRB en die staatsprokureur ondersoek.

¹¹⁹ Sien paragraaf 3.4.2.1 en paragraaf 3.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹²⁰ Sien paragraaf 3.4.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹²¹ Sien paragraaf 3.4.3.1 van hierdie hoofstuk.

¹²² Sien paragraaf 3.4.3.2 van hierdie hoofstuk.

Verder word klagtes slegs by die CCRB gelê. Die aanbevelings van die ondersoekbeampte word hersien voordat 'n finale besluit geneem word. Indien 'n klagte gestaaf word, word die saak na die Polisie kommissaris verwys om dissiplinêre aksies teen polisielede in te stel. Mediasie is ook moontlik in New York. Daarenteen ontvang en ondersoek die OPOD klagtes van die publiek ten aansien van polisiegeweld in Suid-Afrika. Die besluit van die OPOD word op geen stadium hersien nie, terwyl mediasie ook nie moontlik is in die Suid-Afrikaanse stelsel nie. Verder is die staatsprokureur glad nie betrokke in die ondersoek van polisiegeweld nie.¹²³

3.4.5. LESSE UIT ANDER INTERNASIONALE JURISDIKSIES: OPSOMMING EN AANBEVELINGS

Uit voorfagaande bestudering van die rapportering- en ondersoekstelsel in Queensland in Australië;¹²⁴ Quebec in Kanada¹²⁵ en New York City in die VSA,¹²⁶ is dit duidelik

dat sake van polisie brutaliteit deur die kommissaris self en in sommige gevalle deur die staatsprokureur of Prokureur-Generaal ondersoek word en dat daar onafhanklike liggame bestaan wat verantwoordelik is vir die behartiging van dissiplinêre verhoor.¹²⁷ Verder word die besluite van die liggaam, waar klagtes van polisie brutaliteit aangemeld word, hersien voordat daar 'n finale besluit geneem word oor die relevante saak. Verskeie liggame bestaan wat verantwoordelik is vir die ontvangs en in sommige gevalle ondersoek na polisie brutaliteit en bestaan uit verskeie departemente wat die liggaam as geheel meer doeltreffend laat funksioneer en objektiwiteit aan die prosedures verleen.¹²⁸

¹²³ Sien paragraaf 3.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹²⁴ Sien paragraaf 3.4.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹²⁵ Sien paragraaf 3.4.2.2 van hierdie hoofstuk.

¹²⁶ Sien paragraaf 3.4.2.3 van hierdie hoofstuk.

¹²⁷ Sien paragraaf 3.4.2 en paragraaf 3.4.3 van hierdie hoofstuk.

¹²⁸ Sien paragraaf 3.4.2.3. van hierdie hoofstuk.

Dit is dus duidelik dat Suid-Afrika in gebreke is met sy stelsel. Suid-Afrika is in gebreke in die volgende opsigtes: twee liggame is verantwoordelik vir die ontvangs van klagtes; slegs een liggaam is verantwoordelik is vir die ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit;¹²⁹ die OPOD funksioneer as 'n eenheid en het nie verskeie afdelings wat 'n spesifieke taak verrig nie; die besluit van die OPOD word deur geen ander liggaam hersien voordat 'n finale besluit geneem word nie; die polisie kommissaris en staatsprokureur het niks te doen met die ondersoek na polisie brutaliteit nie en laastens, bestaan daar nie 'n onafhanklike tribunaal wat dissiplinêre aksies instel teen lede van die SAPD nie, verhoor word intern deur die SAPD self gehou.¹³⁰

Die rapportering- en ondersoekstelsel in Suid-Afrika kan verbeter word, indien die internasionale regstelsels in gedagte gehou word. Eerstens, moet departemente in die OPOD wat spesifieke funksies verrig, geïmplimenteer word.¹³¹ Tweedens, moet die staatsprokureur en die polisie kommissaris ook ondersoek kan loods. Derdens, moet dissiplinêre verhoor nie deur die SAPD behartig word nie, maar deur 'n onafhanklike tribunaal. Verder moet sake van polisie brutaliteit nie by polisiestasies aangemeld word nie, maar slegs by die OPOD of die polisie kommissaris. Dit sal die geleentheid vir polisie beamptes wat brutaal optree teenoor lede wat sake van polisie brutaliteit rapporteer, stuit. Voorsiening moet ook gemaak word vir die kompensasie van slagoffers van polisiebrutaliteit.¹³² Hierdie aspek word later in die studie bespreek.¹³³

¹²⁹ Sien paragraaf 3.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹³⁰ Sien paragraaf 3.3.2.3 van hierdie hoofstuk.

¹³¹ Hierdie departemente kan bestaan uit: die klagte departement wat slegs met die klagtes van die publiek handel, die ondersoek departement wat slegs ondersoek instel na die klagtes van die publiek (lede in die departement sal dan na die ondersoek vas stel wat met die saak moet gebeur), die hersienings departement wat slegs die besluit van die ondersoek departement hersien voordat 'n finale besluit geneem word oor die saak en die kriminele departement wat met klagtes van kriminele aard werk asook met die Direkteur van Openbare Vervolging.

¹³² Sien paragraaf 3.4.3.3 van hierdie hoofstuk.

¹³³ Sien Hoofstuk 5 van hierdie studie.

3.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk is die organe en liggame wat verantwoordelik is vir die ontvang en ondersoek na klagtes van polisie brutaliteit ondersoek.¹³⁴ Verder is die dissiplinêre proses in die SAPD bestudeer en ontleed.¹³⁵ Dit is duidelik dat twee liggame verantwoordelik is vir die ontvang van klagtes rakende polisie brutaliteit, maar net een van die liggame is verantwoordelik na die ondersoek daarvan.¹³⁶

‘n Vergelykende studie is toegepas, waarna die stelsels van Suid-Afrika vergelyk is met die stelsels van ander jurisdiksies.¹³⁷ Indien vergelyking plaasvind is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse stelsels in gebreke is. Die stelsels van Quebec, Kanada; Queensland, Australië en New York City, New York, Amerika kan as goeie riglyn dien vir die verbetering van Suid-Afrikaanse stelsels.¹³⁸ Uit die ontleding van die stelsels in ander jurisdiksies, is dit duidelik dat sekere stelsels geimplimenter kan word in Suid-Afrika. Hierdie stelsels sluit ondermeer in dat daar ‘n sentrale rapporterings stelsel moet bestaan, dat die OPOD in departemente verdeel moet word vir effektiewe en doeltreffende funksionering, dat die besluit om te vervolg hersien moet word voordat ‘n finale besluit geneem word, dissiplinêre verhore deur ‘n onafhanklike tribunaal behartig moet word en dat daar voorsiening gemaak moet word vir kompensasie of vergoeding vir slagoffers van polisie brutaliteit.¹³⁹ Die implimentering van vermeldde stelsels waarborg nie dat die stelsels van Suid-Afrika effektief gaan funksioneer nie, maar dit kan die stelsel aansienlik verbeter.

¹³⁴ Sien paragraaf 3.2.1 van hierdie hoofstuk.

¹³⁵ Sien paragraaf 3.3. van hierdie hoofstuk.

¹³⁶ Soos (vn 134) hierbo.

¹³⁷ Sien paragraaf 3.4 van hierdie hoofstuk.

¹³⁸ Sien paragraaf 3.4.2 en paragraaf 3.4.3 van hierdie hoofstuk.

¹³⁹ Sien paragraaf 3.4.4 van hierdie hoofstuk.

HOOFSTUK 4: STRAFREGTELIKE VERVOLGING EN DIE KRIMINALISERING VAN MARTELING

4.1. INLEIDING

4.2. DIE STRAFREGTELIKE VERVOLGING VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS

4.2.1. Algemeen.

4.2.2. Die diskresie om te vervolg.

4.2.3. Vonnisopleging.

4.2.3.1. Algemeen.

4.2.3.2. Vonnis ten aansien van aanranding en aanrading met die opset om ernstig te beseer.

4.2.3.3. Vonnis ten aansien van verkragting.

4.2.3.4. Vonnis ten aansien van moord.

4.3. MARTELING AS MISDAAD

4.3.1. Algemeen.

4.3.2. Verpligtinge wat die VN Konvensie op Suid-Afrika plaas met betrekking tot die kriminaliseering van marteling.

4.3.3. Die Martelingswet.

4.3.3.1. Algemeen.

4.3.3.2. Die doel van die Martelingswet.

4.3.3.3. Komponente van die Martelingswet.

4.3.3.3.1. Marteling as misdaad.

4.3.3.3.2. Misdrywe en straf.

4.3.3.3.3. Faktore ten aansien van vonnis.

4.3.3.3.4. Die voordele van die Martelingswet.

4.3.3.3.5. Leemtes en aanbevelings met betrekking tot die Martelingswet.

4.3.4. 'n Vergelyking van marteling met ander regserkende misdrywe.

4.3.4.1. Algemeen.

4.3.4.2. Marteling in vergelyking met aanranding.

4.3.4.3. Die vergelyking van marteling en aanranding met die opset om ernstig te beseer.

4.3.4.4. Marteling in vergelyking met seksuele aanranding.

4.4. DIE VERDUBBELING VAN SKULDIGBEVINDINGS EN SAMEVOEGING VAN MISDADE

4.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1. INLEIDING

Rapportering en suksesvolle vervolging speel 'n integrale rol in die voorkoming van polisie brutaliteit. Sake van polisie brutaliteit by polisiestasies en die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direkoraat (hierna “die OPOD” genoem) aangemeld.¹ Nadat die klagte(s) ondersoek is, moet dit verwys word na die Nasionale Vervolgingsgesag sodat daar dan 'n besluit geneem kan word ten aansien van die moontlike strafregtelike vervolging van die spesifieke lid of lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (hierna “die SAPD” genoem). Vervolgens word die diskresie ten aansien van die strafregtelike vervolging van lede van die SAPD kortliks bespreek waarna die vonnisse wat toepassing vind op dade van polisie brutaliteit van nader bestudeer sal word.

Verder word die nuwe misdryf, marteling, soos vervat in die “Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013” (hierna “die Martelingswet” genoem) ondersoek. Die 2013 wet word met die verpligtinge in terme van die “United Nations Convention Against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment” (hierna “die VN Konvensie”) vergelyk om leemtes in die 2013 wet te ondersoek en aan te spreek. Laastens, word marteling met ander regserkende misdade in Suid-Afrika, te wete aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding, vergelyk.

¹ Sien paragraaf 3.2.1.2 van Hoofstuk 3.

4.2. DIE STRAFREGTELIKE VERVOLGING VAN LEDE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE POLISIE DIENS

4.2.1. ALGEMEEN

Die OPOD is verplig om sake van kriminele aard, vermoedelik gepleeg deur lede van die SAPD, na die Direkteur van Openbare Vervolging (hierna “die DOV” genoem) te verwys vir moontlike strafregtelike vervolging.² Die DOV se samestelling is belangrik asook die manier waarop die besluitneming om te vervolg geskied. Indien ‘n lid van die SAPD suksesvol vervolg word, sal die vonnisverrigtinge en opgelegde vonnis van groot belang vir die slagoffer(s) sowel as die breë publiek wees. Sulke sake geniet gewoonlik wye mediadekking. Hierdie aspek word vervolgens bestudeer en bespreek.

4.2.2. DIE DISKRESIE OM TE VERVOLG

Die Grondwet,³ saam gelees met die Wet op Nasionale Vervolgingsgesag⁴ (hierna “die Wet” genoem), maak voorsiening vir ‘n enkele vervolgingsgesag⁵ wat bestaan uit die kantoor van die Nasionale Direkteur⁶ en kantore van die vervolgingsgesag wat gesetel is by elke hoë hof in Suid-Afrika.⁷ Die vervolgingsgesag bestaan gevolglik uit die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging⁸, Adjunk Nasionale Direkteure van Openbare Vervolging, Direkteure van Openbare Vervolging⁹, Adjunkdirekteure van Openbare Vervolging en

² Sien (vn 1) hierbo.

³ Artikel 179, saamgelees met artikel 18(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 en artikel 108 van die Interim Grondwet, Wet 200 van 1993 maak nie net voorsiening vir ‘n enkele vervolgingsgesag nie, maar ook vir ‘n onafhanklike Nasionale Vervolgingsgesag.

⁴ Wet 32 van 1998.

⁵ W.P. de Villiers ‘Is the prosecuting authority under South African law politically independent? An investigation into the South African and analogous models’ 2011 *THRHR* (74), 247.

⁶ Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo, artikel 3(a).

⁷ Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo, artikel 6(1).

⁸ Die bevoegdhede van die Nasionale Direkteur van Openbare vervolging word bepaal in artikel 22(1) en (2) van Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo. Hierdie bevoegdhede sluit onder meer in dat die Nasionale Direkteur van Openbare vervolging kan inmeng by ‘n besluit om te vervolg al dan nie.

⁹ Die Direkteur van Openbare vervolging (DOV) het die diskresie om te vervolg al dan nie. Die DOV het

aanklaers.¹⁰ Dit is belangrik dat die vervolgingsgesag sonder inmenging besluite moet kan neem¹¹ en ook nie toelaat dat die voorsittende beampte aan die aanklaer voorskryf wat om te doen of wie om te vervolg nie.¹² Die mag om te vervolg word aan die DOV verleen ingevolge die Wet¹³ en sluit onder meer die mag in om strafregtelike verrigtinge namens die staat in te stel en waar te neem, enige funksies te verrig wat in verband met die instel en waarneming van strafregtelike verrigtinge nodig is, en strafregtelike verrigtinge te staak. Gevolglik berus die diskresie om te vervolg geheel en al by 'n onafhanklike Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging¹⁴ met verdere delegasie wat aan aanklaers verleen word om funksies ten aansien van strafregtelike vervolging uit te oefen.¹⁵

Sekere persone mag egter nie vervolg word sonder die skriftelike magtiging van die DOV nie¹⁶ en sulke persone sluit onder andere lede van die SAPD in.¹⁷

'n wye diskresie ten aansien van die instel van strafregtelike vervolgings. Sien *Wilson v DPP* [2002] 1 All SA 73 (NK) [19].

¹⁰ Die samestelling van die vervolgingsgesag word gereël deur artikel 4 van Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo. Die Aanklaers speel 'n besondere rol in ons strafstelsel. Aanklaers is nie praktisyns wat kliënte verteenwoordig nie maar openbare amptenare wat die hof bystaan in die soeke na die waarheid. Sien *S v Jija* 1991 (2) SA 52 (OK) 68A-B. Aanklaers het die bevoegdheid om strafregtelike verrigtinge in te stel, te behartig en te staak in die mate waartoe hy skriftelik gemagtig is om so te doen van die Nasionale Direkteur van Openbare vervolging.

¹¹ Sien *S v August & others* (2005) 2 All SA 605 (NC), 611h waar die hof van mening was dat aanklaers 'n wye diskresie het om te vervolg en ook hoe om te vervolg. Die hof was ook van mening dat die geregs-hof in uitsonderlike gevalle sal inmeng met sodanige besluit.

¹² Indien die kommentaar van de Villiers, soos (vn 5), 263, bestudeer word, blyk dit dat hy van mening is dat die DOV nie onafhanklikheid geniet nie. Hy stel voor dat die vervolgingsgesag gevolglik direk verantwoordbaar moet wees teenoor die parlement en dat aanklaers die geleentheid gegun moet word om onafhanklik hulle daaglikse funksies te verrig.

¹³ Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo, artikel 179(2).

¹⁴ *S v Yengeni* 2006 (1) SASV 405 (T) op [51], waar die hof bevind het dat die die grondwet die professionele onafhanklikheid van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging verseker met die doel om die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging vryheid te verleen teen die inmenging van hul funksies deur politiek. Sien ook *Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa and others* 2013(1) SA 248 (CC), 13(e) waar Navsa JA beslis het dat die nasionale Direkteur van Openbare Vervolging algeheel in beheer is van vervolging in ons land. Sien verder *Naidoo & others v National Director of Public Prosecutions & others* (2008) 1 SACR 349 (SCA), 37.

¹⁵ W.P. De Villiers 'Notes on the investigatory powers of the Prosecution' 2010 (73) *THRHR*, 124. Sien ook *S v Basson* 2007 (1) SACR 566 (CC), 144 waar die hof bevind het dat die mag van die staat om te vervolg van kardinale belang is vir die staat. Dit stel die staat instaat om hulle magte, soos deur die Grondwet voorgeskryf, uit te voer.

¹⁶ Wet 32 van 1998, soos (vn 4) hierbo. Hierdie persone sluit onder meer die volgende persone in: die president van Suid-Afrika; soldate tydens oorlog en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens.

¹⁷ Nasionale Vervolgingsgesag *Entry examination aspirant procecutor programme notes*, (2011) 105.

Die diskresie om polisieledede te vervolg word aan die hand van 'n die vervolgingsbeleid toegepas.¹⁸ Alhoewel daar in die algemeen nie 'n verpligting is om te vervolg nie, is die vervolgingsgesag wel verplig om te vervolg in die geval waar daar 'n *prima facie*-saak is en indien daar geen dwingende rede bestaan om te weier om te vervolg nie.¹⁹ 'n Saak sal *prima facie* wees in die geval waar die bewering, soos ondersteun deur verklarings en reële en dokumentêre getuienis wat tot die vervolging se beskikking is, van so aard is dat indien dit deur middel van toelaatbare getuienis bewys kan word, 'n skuldigbevinding tot gevolg sal hê.²⁰

Benewens die bestaan van 'n *prima facie* saak is daar ander faktore wat ook in ag geneem moet word wanneer daar besluit word om te vervolg en sluit die volgende in: die aard en erns van die aanklag teen die beskuldigde, die ekonomiese impak wat die oortreding op die gemeenskap het, die uitkoms van die saak (sou daar 'n skuldigbevinding wees), die houding van die slagoffer ten opsigte van die misdaad teenoor die vervolging en die gevolg wat die moontlike staking van vervolging sal hê, vorige veroordelings wat die beskuldigde mag hê, die aanwesigheid van 'n skulderkenning of die toon van berou deur die beskuldigde, die bestaan van onredelike vertraging tussen die ontstaan van die misdaad en die vervolging van die betrokke misdaad, die sterkte van die staat se saak, die toelaatbaarheid van getuienis, die geloofwaardigheid van staatsgetuies, die betroubaarheid van die getuienis, die beskikbaarheid van die getuienis en die sterkte van die verdediging se saak.²¹

Met inagneming van die bovermelde bespreking, sal 'n polisielid dus vervolg word waar 'n *prima facie* saak uitgemaak word, maar selfs al bestaan daar 'n

¹⁸ Hierdie beleidshandeling is op 1 Oktober 1999 deur die Nasionale Direkteur uitgereik ingevolge artikel 21(1)(a) van Wet 32 van 1998.

¹⁹ J.J. Joubert et al *Strafprosesreg Handboek* (2012), 71.

²⁰ *Beckenstrater v Rottcher and Theunissen* 1955 (1) SA 129 (A) op 137 en *S v Lubaxa* 2001 (2) SASV 703 (HHA) 707i.

²¹ Vervolgingsbeleid, artikel 4(c) en artikel 21(1)(a) van Wet 32 van 1998. Sien ook A.Kruger *Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses* (2010), 12 en Du Toit et al *Commentary on the Criminal Procedure Act* (2013), 1-4T-9 vir 'n verdere bespreking rondom hierdie faktore.

prima facie saak, is dit steeds nie 'n waarborg van 'n skuldigbevinding nie. Die staat moet steeds elke saak bo redelike twyfel bewys. 'n Ander aspek wat ontslag van die beskuldigde(s) tot gevolg kan hê is die gebrek aan suksesvolle identifikasie van die beskuldigde in die hof. Veral in die geval van polisie brutaliteit kom hierdie struikelblok dikwels voor. Die onlangse Tatane saak, is dit opnuut geïllustreer, dat polisieledede nie graag hulle kollegas identifiseer in die getuiebank nie.²² Die gebrek aan gerapporteerde hofsake wat handel met gevalle van polisie brutaliteit, soos hieronder uitgewys word, dui ook verder daarop dat suksesvolle strafregtelike vervolging yl gesaai is in hierdie verband.²³

4.2.3. VONNISOPLEGGING

4.2.3.1. ALGEMEEN

Ten spyte van die lae statistiek ten opsigte van skuldigbevindings teen lede van die SAPD vir kriminele gedrag, bly die vonnisfase 'n uitdaging.²⁴ Vonnisoplegging²⁵ is die moeilikste faset van 'n strafsak.²⁶ Die moeilikheidsgraad van hierdie faset is vasgevang in die keuse uitoefening tussen die vonnisopsies²⁷ wat beskikbaar is asook die identifisering en opweging van verskeie *verswarende- en versagende faktore* wat in ag geneem moet word om 'n gepaste vonnis op te lê met skuldigbevinding. Die mees fundamentele beginsel ten aansien van vonnisoplegging is dat die hof 'n wye diskresie het ten

²² Governder P. *Sunday Times*, 31 Maart 2013 'Tatane witnesses may face perjury charges'

²³ 'n Ander rede kan ook wees dat baie sake in die distrik- of streekshof voorkom en gevolglik nie gerapporteer word tensy daar 'n appél of hersiening is nie.

²⁴ D. Smith 'Reports of police brutality more than tripled in the last decade' by www.guardian.com, (besoek: 22/08/2013) verwys na statistiek wat daarop dui dat slegs 1% van strafsake wat geopen word teen polisieledede op 'n skuldigbevinding uitloop.

²⁵ Daar word soms na vonnisoplegging ook verwys as straftoemeting. Vonnisoplegging kan omskryf word as die handeling waardeur 'n hof 'n gepaste vonnis op 'n bepaalde oortreder vel. Joubert et al *Strafprosesreg Handboek* (1998), 259.

²⁶ Kruger, soos (vn 21) hierbo, 723.

²⁷ Enige maatreël wat deur 'n hof op 'n persoon wat skuldig bevind is aan die pleging van 'n misdaad, van toepassing gemaak word. Vonnis sluit die saak finaal af. Joubert et al, soos (vn 19) hierbo. In *S v Maseola* 2010 (2) SACR 311 (SCA) het die hof bevind dat howe altyd 'n plig het om 'n gepaste en regverdige vonnis op te lê, ongeag of die publiek tevrede sal wees met die vonnis al dan nie.

aansien daarvan, maar ook verplig is om steeds binne die bestaande regsraamwerk te funksioneer.²⁸ In *S v Zinn*²⁹ het die hof bevind dat 'n hof 'n vonnis moet oplê wat na die hof se mening gepas is vir die misdadiger, die misdaad en in die belang van die gemeenskap is.³⁰ Hierdie benadering het verder die belangrike gevolg dat vonnisse sodoende geïndividualiseer word.³¹ Nieteenstaande, moet die hof kennis neem van vroeër soortgelyke sake en dit as riglyn beskou.³² Meer onlangs het die Hoogste Hof van Appél aangedui dat die slagoffer se belange ook prominent moet wees tydens vonnisoplegging.³³ In hierdie verband sal die hof slagoffersimpakverklarings moet aanhoor om die hof in te lig aangaande al die nagevolge van die misdaad.³⁴ Sodoende sal die hof nie net 'n beter geheelbeeld van die omvang van die misdaad kry nie, maar die reg op menswaardigheid ook daardeur onderskryf.³⁵ Bo en behalwe die genoemde vorige oorwegings, speel die spesifieke doelwit van die vonnisoplegging in die betrokke saak 'n pertinente rol.³⁶ In sake van ernstige polisie brutaliteit sal vergelding en afskrikking waarskynlik die fokus wees.³⁷ Dat die vonnis realisties moet wees moet egter altyd in gedagte gehou word.³⁸

Daar is verskeie tipes vonnisse tot die beskikking van 'n voorsittende beampte, naamlik gevangenisstraf in verskillende vorms, boetes en korrektiewe toesig.³⁹ Aangesien polisiebeamptes hul meestal aan die misdade van aanranding,

²⁸ Artikel 274 van die Strafproseswet, 51 van 1977.

²⁹ 1969 (2) SA 537 (A), 540g.

³⁰ Daar word na hierdie beginsel verwys as die trits-beginsel.

³¹ *S v Rabie* 1975 (4) SA 855 (A), 862G.

³² S.S. Terblanche *Guide to Sentencing in South Africa* (2007) 333. S.S. Terblanche 'Sentencing, Annual survey of South African Law' (2010), 1284 wys daarop dat dit egter net van nut kan wees as die presiese aard van die misdryf en detail van die beskuldigde se persoonlike omstandighede uitgelig word, soos *S v de Klerk* 2010 (2) SACR 40 (KZP).

³³ *S v Matyityi* 2011 (1) SACR 40 (SCA), 16.

³⁴ *Matyityi*, soos (vn 33) hierbo.

³⁵ *Matyityi*, soos (vn 33) hierbo, 16.

³⁶ Sien Terblanche *Guide to Sentencing in South Africa*, soos (vn 32) hierbo, 155-171 vir 'n bespreking van die verskillende doelwitte van vonnisoplegging.

³⁷ *S v Mhlakaza* 1997 (1) SACR 515 (SCA) 519d.

³⁸ *Mhlakaza* 524a-b. Sien S.S. Terblanche 'Judgement on sentencing: Leaving a lasting legacy' 2013 *THRHR* (76) 95 op 99 waar hy uitwys dat Suid-Afrikaanse howe huiwerig is om vergelding as hoof-oogmerk in vonnisoplegging te volg.

³⁹ Artikel 276 van die Strafproseswet, soos (vn 28) hierbo.

aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting en moord skuldig maak, word vonnisse vir hierdie misdrywe ondersoek, ontleed en bestudeer.⁴⁰ Hierdie studie word onderneem met die doel om vas te stel wat al as gepaste vonnisse ten aansien van die vermelde misdade beskou word.

4.2.3.2. VONNIS TEN AANSIEN VAN AANRANDING EN AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER

Aangesien daar geen voorgeskrewe vonnis vir aanranding as 'n gemeenregtelike misdaad is nie, het die voorsittende beampte 'n diskresie om die vonnis te bepaal. Sekere faktore moet gewoonlik deur die hof in ag neem word tydens diskresie uitoefening. Om 'n beskuldigde te vonnis vir aanranding of aanranding om ernstig te beseer is die volgende faktore onder meer van belang: die aard van die wapen wat gebruik is tydens die aanranding, die graad van geweld wat gebruik is deur die beskuldigde met die hantering van die wapen, die plek op die liggaam waarop die aanranding gemik is en die beserings wat die slagoffer van die aanranding opgedoen het.⁴¹ Hierdie faktore kan verswarend wees, wat 'n ernstiger vonnis tot gevolg sal hê.

'n Direkteur van die SAPD is in *Asanang v S*⁴² deur die hof *a quo* skuldig bevind aan aanranding en gevonniss tot 'n R 10 000.00 boete of 12 maande gevangenisstraf, waarvan die helfte opgeskort is. Die klaer is tydens 'n gestoei geklap in 'n poging om sy kamera in die hande te kry. Die voorval het plaasgeving nadat die klaer fotos van die beskuldigde in uniform geneem het, wat voorafgegaan is deur 'n voorval op die pad en 'n woordewisseling. Alhoewel *Asanang* suksesvol was met sy appél, het Potteril J⁴³ in 'n minderheids uitspraak verskil en die verweer van selfverdediging ten opsigte van die aanranding verwerp. Die vonnis is beskou as gepas en dat dit geensins skokkend was nie.

⁴⁰ Sien paragraaf 1.2.2.1 van Hoofstuk 1.

⁴¹ *S v Bergh* 2006 (2) SACR 225 (N) 23.1 vir 'n verdere bespreking ten aansien van hierdie faktore. Sien ook *S v Mapasa* 1972 (1) SA 524 (E) by 525D en *S v Dipholo* 1983 (4) SA 757 (T) by 760E -F.

⁴² (A81/2011) [2011] ZAGPPHC 213 (9 Desember 2011).

⁴³ *Asanang*, soos (vn 42) hierbo, par 74-100.

Alhoewel die faktore wat vonnis beïnvloed het nie uiteengesit is deur Potteril J nie, kan aangeneem word dat die feit dat die beskuldige 'n lid van die SAPD was wat in 'n vertrouens verhouding tot die publiek staan, waarskynlik as *verswarende faktor* vir hierdie aanranding bestempel is.

Wat aanranding met die opset om ernstig te beseer betref, is die saak van *Smit v S*⁴⁴ van belang. Die beskuldige, wat deel was van 'n groep polisielede van 'n honde eenheid, is skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die groep het in 'n afgesonderde area hul honde op 3 vermoedelik onwettige immigrante losgelaat, nadat hulle aangesê is om een vir een te vlug. Die honde is aangehits om hulle te byt en te verskeur en die klaers is verder deur die polisielede geskop en met die vuiste en plat hand geslaan. Rassistiese opmerkings is deurgaans geskree.

Smit is deur die hof *a quo* tot 7 jaar gevangenisstraf gevonniss, waarvan 2 jaar opgeskort is. Wat hierdie saak uniek maak is die feit dat die voorval vir latere opleiding verfilm is en dat die video deur die betrokke howe sowel as die breë publiek gesien is. Daar was wye en intense openbare reaksies teen die polisie gedrag op die video. Smit het teen die vonnis geappelleer, op grond daarvan dat die hof, in die lig van die wye publisiteit van die saak, versuim het om behoorlike gewig aan die *versagende omstandighede* in Smit se saak te heg.⁴⁵ Die appèl is egter van die hand gewys aangesien daar bevind is dat die hof *a quo* in 'n deeglike vonnissuitspraak alle relevante faktore geïdentifiseer het en die korrekte gewig daaraan geheg het. Die hof was deurentyd bedag daarop om te waak teen die invloed van die video en om nie die vonnissoplegging uit woede of emosie te benader nie.⁴⁶ Die vonnis is as billik bevind. Smit se persoonlike omstandighede moes op die agtergrond geskuif word in die spesifieke geval sodat die breë gemeenskap (en die beskuldige) kan sien dat die hof op die betrokke dade van

⁴⁴ 2003 (2) SACR 135 (SCA).

⁴⁵ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 6.

⁴⁶ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 13. Sien ook *S v Smit* 2002 (1) SACR 188 (T)

polisie brutaliteit verfoei en verafsku en dat niks minder as direkte gevangenisstraf 'n gepaste reaksie sou wees nie.⁴⁷

Die *verswarende faktore* wat teenwoordig was in die Smit-saak is die volgende: die daade van die polisie was besonder wreed en brutaal, die honde was wreedaardig en is aangehits deur die eienaars, die klaers was totaal hulpeloos terwyl hulle geterroriseer is en het geskree van pyn, die klaers se menswaardigheid as vreemdelinge in 'n ander land is ernstig aangetas, die polisie spreek van dit wat die samelewing verag, naamlik, brutale misbruik van mag en gesag ten opsigte van diegene wat weerloos en kwesbaar is,⁴⁸ Smit het met entoesiasme deelgeneem aan die aanhitsing van die honde, en daaropvolgende skoppe en houe, die daade van die aanranding is voorafbeplan en daar was geen provokasie nie,⁴⁹ die beeld van die polisie is aangetas met die gevolg dat respek vir wet en orde en die wat dit moet toepas, verloor is.⁵⁰

Hierteenoor het die hof sekere *versagende omstandighede* uitgelig: Smit, soos meeste ander polisielede, is as gevolg van die daaglikse blootstelling aan die risikos van persoonlike gevaar, tot 'n seker mate afgestomp vir geweldpleging teenoor andere asook respek vir menswaardigheid, Smit se vormingsjare is beïnvloed deur rassistiese denke dat seker bevolkingsgroepe minderwaardig is en dat vernederende gedrag teenoor hulle daardeur geregverdig word, Smit is nie bo twyfel, 'n inherende sadistiese man nie,⁵¹ hy was in sy vroeë dertigs, getroud met kinders, hy kom uit 'n stabiele agtergrond, die vorige veroordeling vir aanranding is 12 jaar oud, hy het die vorige vyf jaar psigiatriese behandeling ontvang vir depressie, stres en aggressie en die toestand het bygedra tot sy daade, hy het die klaers geneem vir mediese behandeling na die voorval en die beserings was nie langdurig nie, die honde is met geweld van die klaers afgeruk

⁴⁷ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 11.

⁴⁸ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 3.

⁴⁹ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 11.

⁵⁰ Soos (vn 49) hierbo.

⁵¹ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 7.

voordat hulle verdere ernstige beserings kon veroorsaak,⁵² Smit was werklik berouvol en hy was onder druk van sy bevelvoerder om deel te neem aan die praktyk.⁵³

Dit is duidelik uit die regspraak hierbo dat aanranding gepleeg deur polisielede met erns bejeën word. Meer nog wanneer daar 'n rassistiese ondertoon by is. Die boodskap wat die vonnis aan die publiek deurgee is ook van kardinale belang. Die hof sal waarskynlik vir aanranding met die opset om ernstig te beseer, meestal direkte gevangenisstraf oplê. Die termyn van die gevangenisstraf is altyd in die diskresie van die voorsittende beamppte en sal afhang van die feite van die saak. 'n Boete in die alternatief is egter nie uitgesluit, afhangende van die spesifieke omstandighede.

4.2.3.3. VONNIS TEN AANSIEN VAN VERKRAGTING

In die Strafwysigingswet⁵⁴ word daar voorsiening gemaak vir minimumvonnisse ten aansien van twee kategorieë van verkragting.⁵⁵ Die eerste kategorie handel met verkragting waarvoor lewenslange gevangenisstraf voorgeskryf word. Hierdie verkragtingshandeling sluit onder meer die volgende in: verkragting waar 'n slagoffer meer as een keer verkrag is, waar die slagoffer deur meer as een persoon verkrag is, die verkragting gepleeg is deur 'n persoon wat reeds twee of meer kere vir verkragting aangekla is (maar nie gevonniss is nie), verkragting deur 'n persoon wat weet dat hy HIV positief is, waar die slagoffer 'n meisie onder die ouderdom van 16 jaar is, waar die slagoffer 'n vrou is wat fisies of psigies gestremd is en waar die verkragting die toediening van ernstige liggaamlike leed insluit. Die tweede kategorie van verkragting maak voorsiening vir alle ander vorme van verkragting wat nie gelys is in voorafgaande nie. Vonnisse in laasgenoemde kategorie bestaan uit gevangenisstraf van 'n

⁵² *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 9.

⁵³ *Smit*, soos (vn 44) hierbo, par 10.

⁵⁴ 105 van 1997.

⁵⁵ Soos (vn 54) hierbo, artikel 51 (Bylae 2, Deel 1).

minimum van 10 jaar in die geval van 'n eerste oortreder, direkte gevangenisstraf van 'n minimum van 15 jaar in die geval van 'n tweede oortreder en gevangenisstraf van 'n minimum van 20 jaar in die geval van 'n derde oortreder en verder.

Daar kan slegs van hierdie minimumvonnisse afgewyk word indien die vonnisoplegger tevrede is dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n mindere vonnis regverdig. n Hof mag nie ligtelik afwyk van die voorgeskrewe vonnis nie.⁵⁶ Die Hoogste Hof van Appél het, na aanvanklike uitlopende interpretasies van die wetgewing, dit uitgeklaar dat dit steeds die tradisionele verswarende en versagende faktore is wat opgeweeg moet word teen mekaar.⁵⁷ Wanneer die voorgeskrewe vonnis tot disproporsionaliteit en onreg in 'n spesifieke saak sal lei, sal dit as wesenlik en dwingende omstandighede kwalifiseer om 'n verlaging van die vonnis te regverdig.⁵⁸

Wat die toepassing van hierdie wetgewing betref, het die houe nou afgewyk van die aanvanklike maatstaf van 'die ergste kategorie' van verkragting, en definitief in die onlangse jare 'n strenger houding teenoor verkragting begin neem.⁵⁹ Gevolglik is die opgelegde termyn van gevangenisstraf heelwat langer as wat dit 'n dekade gelede was.⁶⁰ Die vonnis is ook altyd 'n effektiewe termyn van gevangenisstraf.⁶¹

Uit bogenoemde blyk dit dat, in die geval waar 'n polisebeampte 'n aangehoudene meer as een keer verkrag of waar meer as een polisebeampte 'n verdagte verkrag, lewenslange gevangenisstraf as die vertrekpunt geneem sal word. Andersins is dit 'n periode van tien jaar gevangenisstraf. Die feit dat 'n lid

⁵⁶ *S v Malgas* 2001 (1) SASV 469 (HHA) par 8. Sien ook in hierdie verband J. Burchell *Principals of Criminal Law* (2010), 91-93 asook J.J. Joubert et al *Strafprosesreg Handboek* (2012), 334.

⁵⁷ *Malgas*, soos (vn 56) hierbo.

⁵⁸ *S v Vilukazi* 2009 (1) SACR 552 (SCA).

⁵⁹ S.S. Terblanche 'Sentencing' 2012 *SACJ* (2), 225.

⁶⁰ Terblanche, soos (vn 59) hierbo, 227.

⁶¹ Opskortng van voorgeskrewe vonnis termyne word verbied deur artikel 276(4) van die Strafproseswet, soos (vn 28) hierbo.

van die SAPD die verkragter is, sal verder altyd aansienlike gewig dra as *verswarende faktor* met vonnisoplegging. Terblanche,⁶² is van mening dat waar ernstige liggaamlike besering toegedien is tydens verkragting, dit as *verswarende faktor* bestempel kan word, soos bepaal deur die Strafwysigingswet.⁶³ Geen regspraak aangaande die vonnis van lede van die SAPD wat hulself aan verkragting skuldig maak kon egter gevind word nie en blyk dit dat sivielregtelike stappe vir skadevergoeding, as remedie vir slagoffers, meer algemeen voorkom as die suksesvolle instelling van strafregtelike vervolging.⁶⁴

4.2.3.4. VONNIS TEN AANSIEN VAN MOORD

Alhoewel moord 'n gemeenregtelike misdad is, maak die Strafwysigingswet⁶⁵ ook voorsiening vir minimumvonnisse ten aansien van moord.⁶⁶ Die vonnisse vir moord kan, soos met verkragting, in twee kategorieë verdeel word. Lewenslange gevangenisstraf vind toepassing in die geval waar die moordhandeling onder skedule 2, deel 1 van die Strafwysigingswet⁶⁷ geklassifiseer kan word. Hierdie handeling sluit onder andere die volgende in: waar die moord beplan is, waar die moord die gevolg is van verkragting of roof met verswarende omstandighede, waar die slagoffer van moord 'n regsbeampte was of waar die slagoffer getuie sou lewer in 'n saak.

Ten aansien van alle ander moordhandelinge, sal 'n hof by magte wees om 'n minimum van 15 jaar gevangenisstraf in die geval van 'n eerste oortreder; 'n minimum van 20 jaar gevangenisstraf ten aansien van 'n tweede oortreder en 25 jaar gevangenisstraf in die geval 'n derde oortreder en verder, op te lê.⁶⁸

⁶² Terblanche *A Guide to Sentencing in South Africa*, soos (vn 32) hierbo 54.

⁶³ Soos (vn 54) hierbo, deel 1, skedule 2.

⁶⁴ Sien paragraaf 5.2, van Hoofstuk 5.

⁶⁵ Soos (vn 54) hierbo.

⁶⁶ Soos (vn 54), artikel 51 (Bylae 2, deel 2).

⁶⁷ Soos (vn 54) hierbo.

⁶⁸ In die geval waar die moordhandeling onder skedule 2, deel 2 geklassifiseer kan word, soos (vn 54) hierbo.

Die indeling van ‘gewone’ moord verskil van die ‘gewone’ verkragting (waar tien jaar die vertrekpunt is), maar dieselfde beginsels wat geld ten aansien van wesenlike en dwingende omstandighede en die afwyking van ‘n minnimumvonnis, vind ook hier toepassing.⁶⁹ Navorsing het min regspraak opgelewer wat handel oor die vonnis vir moord van lede van die SAPD. Beide sake wat hieronder bespreek word, is egter in die Hoogste Hof van Appél gefinaliseer en verskaf dus riglyne wat ander howe moet navolg. Vervolgens word die relevante regspraak ten aansien van moord bestudeer.

In die saak van *S v Balfour*⁷⁰ is die beskuldigde (lid van die SAPD) aangekla van moord. Die oorledene het Balfour se vader aangerand, waarna die oorledene gekonfronteer is deur Balfour en met sy dienspistool doodgeskiet is .⁷¹ Balfour is in die hof *a quo* gevonniss tot 14 jaar gevangenisstraf, geheel en al opgeskort vir 5 jaar.⁷² Die rede vir die opskorting is te vinde daarin dat die verhoorhof sekere *versagterende omstandighede* in ag geneem wat insluit dat die beskuldigde 28 jaar oud was tydens die vooval, dat hy getroud was en drie kinders gehad het, dat hy ‘n polisieman is sedert 1988 en derhalwe ‘n ervare polisiebeampte is. ⁷³ Met inagnemening van die *versagterende omstandighede*, het die hof *a quo* dit goed gedink om die beskuldigde ‘n geleentheid te gun om te lewe as ‘n polisieman, wat aangestel is deur die staat om mense te beskerm.⁷⁴ Die hof was verder van mening dat die beskuldigde sy vonnis moet uitdien deur ‘n bydra in die gemeenskap te maak.⁷⁵

Die staat het die saak op appél geneem en die vonnis is tersyde gestel en vervang met 12 jaar effektiewe gevangenisstraf. Die Hoogste Hof van Appél was van mening dat die vonnis van die verhoorhof skokkend onvanpas was met

⁶⁹ *Malgas*, soos (vn 56) hierbo.

⁷⁰ 2009 (1) SACR 399 (SCA).

⁷¹ *Balfour*, soos (vn 70) hierbo, 399.

⁷² *Balfour*, soos (vn 70) hierbo.

⁷³ *Balfour*, soos (vn 70) hierbo, 403 en 404.

⁷⁴ *Balfour*, soos (vn 70) hierbo, 403.

⁷⁵ *Balfour*, soos (vn 74) hierbo.

inagneming van die brutaliteit en erns van die misdaad.⁷⁶ Die Appélhof het tydens sy uitspraak klem gelê op *verswarende omstandighede* wat ‘n rol gespeel het in die besluit oor ‘n gepaste vonnis. Die volgende *verswarende omstandighede* is in ag geneem: Balfour se misdaad was brutaal en genadeloos, daar was geen rede vir Balfour om uit woede ‘n misdaad van so wrede aard te pleeg nie en as ‘n opgeleide polisieman moes hy geweet het hoe om die situasie te hanteer.⁷⁷

In Balfour het die Appélhof verskeie *versagende omstandighede* in ag geneem wat insluit dat sewe jaar verby gegaan het sedert Balfour in die verhoorhof gevonnissen is, Balfour se persoonlike omstandighede ook verander het in die opsigte dat sy vrou intussen oorlede is, dat Balfour nou alleen vir sy drie tiener kinders moet sorg en dat hy bevorder is tot ‘n hoër rang in die SAPD.⁷⁸ Die Appélhof het egter melding daarvan gemaak dat dit verkeerd sal wees om toe te laat dat simpatie vir Balfour se omstandighede die besluit om ‘n gepaste vonnis vir ‘n brutale en genadelose misdaad op te lê, te beïnvloed.⁷⁹

In ‘n ander saak waar lede van die SAPD aangekla is van moord, het 3 beskuldigdes in die hof *a quo* verskyn nadat hulle ‘n ene “F” vermoor het.⁸⁰ Die moord het plaasgevind nadat die 3 beskuldigdes uitgeroep is na ‘n gebied waar daar klaarblyklik skote gevuur is.⁸¹ Die 3 beskuldigdes het die area gepatrolleer, ‘n figuur gesien en ‘n paar skote gevuur, waarna hulle ‘n ruk later ‘n oorlede “F” in die bosse gevind het.⁸² Die 3 beskuldigdes het bestaan uit ‘n Sersant (tweede beskuldigde) en 2 Konstabels (eerste en derde beskuldigdes onderskeidelik). Die tweede beskuldigde is in die hof *a quo* skuldig bevind aan moord en dwarsboming van die gereg en gevonnissen tot 15 jaar vir die moord en 8 jaar vir dwarsboming van die gereg. Die eerste- en derde beskuldigde is onderskeidelik

⁷⁶ *Balfour*, soos (vn 70) hierbo, 404.

⁷⁷ *Balfour*, soos (vn 76) hierbo.

⁷⁸ *Balfour*, soos (vn 70) hierbo, 405.

⁷⁹ *Balfour*, soos (vn 78) hierbo.

⁸⁰ *S v Pakane and others* 2008 (1) SACR 518 (SCA).

⁸¹ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 523.

⁸² *Pakane*, soos (vn 81) hierbo.

gevonnis tot 8 jaar gevangenisstraf as medepligtiges tot die moord.⁸³ *Verswarende omstandighede* wat deur die hof *quo* in ag geneem is sluit onder meer in dat die tweede beskuldigde oorreeger het en begin skiet het op 'n figuur met die doel om hom te dood, dat al drie beskuldiges die toneel verlaat het wetende dat hul iemand gedood het en dat die eerste- en derde beskuldigde versuim het om die voorval aan te meld soos vereis word deur die Polisiewet.⁸⁴

Die beskuldiges het appél aangeteken teen die uitspraak en vonnis, waarna die Appélhof sekere *versagtende omstandighede* met betrekking tot die tweede appellant (beskuldigde) in ag geneem het, hierdie faktore sluit in dat hy in die fleur van sy lewe was, dat hy 'n eerste oortreder is, dat hy getroud is met jong kinders, dat hy lank in die diens van die SAPD is en dat hy die enigste broodwinner van 'n groot familie is.⁸⁵ Die *versagtende omstandighede* is egter opgeweeg teenoor die *verswarende omstandighede* van die saak wat insluit dat die misdaad ernstig is, veral omdat dit deur 'n polisieled gepleeg is wat 'n plig het om die gemeenskap te beskerm, hy gebrek aan berou toon vir die misdaad, dat hy stappe geneem het om die misdaad toe te smeer, dat hy gesien het hoe onskuldige mense vir twee jaar in die tronk sit vir 'n misdaad wat hy gepleeg het en die feit dat hy onder eed vir die hof en die polisie-tribunaal gelieg het.⁸⁶ Nadat die Appélhof tevrede was dat hy die riglyne, soos voorgeskryf in *S v Malgas*⁸⁷ toegepas het, het hy die tweede appellant se appél van die hand gewys en bevind dat die hof *a quo* se vonnis van 15 jaar gevangenisstraf, as gepaste vonnis bestempel kan word.⁸⁸ Gevolglik het die Appélhof die tweede beskuldigde se vonnis van 15 jaar verminder na 12 jaar gevangenisstraf. Min of meer dieselfde *verswarende*- en *versagtende omstandighede* is tydens die eerste- en derde appellant se vonnis in ag geneem, derhalwe is hul appél ook van die hand

⁸³ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 519.

⁸⁴ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 526. Sien ook Wet 68 van 1995, soos (vn 4) hierbo, artikel 5. Sien ook *S v Williams and others* 1998 (2) SACR 191 (SCA) 194c waar die hof bevind het dat polisieleds verplig is om insidente waar skote deur die polisie gevuur is aan te meld.

⁸⁵ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 535 en 536.

⁸⁶ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 533.

⁸⁷ *Malgas*, soos (vn 56) hierbo.

⁸⁸ *Pakane*, soos (vn 85) hierbo.

gewys en is hul elk gevonniss tot 8 jaar gevangenisstraf, soos deur die hof *a quo* bepaal.⁸⁹

Dit is duidelik uit die bespreking van *Balfour*, dat die hof *a quo* gefouteer het deur Balfour se vonnis geheel en al op te skort ten spyte van die erns en brutaliteit van die misdaad. Hierdie fout is egter reggestel in die Appélhof, waar die hof nie toegelaat het dat simpatie vir die beskuldige se omstandighede die besluit oor 'n gepaste vonnis vir 'n brutale misdaad beïnvloed nie. Verder blyk dit dat howe van polisielede verwag om op 'n sekere manier op te tree in situasies. Derhalwe kan die optrede van 'n polisielid in 'n situasie, wat nie strook met hoe hy of sy opgelei is nie, as *verswarende faktor* bestempel word met vonnisoplegging. Verder blyk dit uit die ontleding van die *Pakane-saak*, dat die versuim van polisielede om hul pligte na te kom, soos deur wetgewing vereis word, as *verswarende faktor* tydens vonnisoplegging bestempel kan word. Daarinteen kan die ervaring van 'n polisielid, tydperk wat hy of sy by die SAPD is, as *versagende faktor* beskou word.

4.3. MARTELING AS MISDAAD

4.3.1. ALGEMEEN

Alhoewel die vonnisse van die regserkende misdade aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting en moord hierbo bespreek is, bestaan daar een handeling, naamlik marteling, waaraan lede van die SAPD hulself skuldig maak en wat eers onlangs gekriminaliseer is. Die kriminalisering van marteling het tot gevolg dat hierdie handeling nou as een van die regserkende misdade geklassifiseer word en persone sodanig gevonniss kan word.

Suid-Afrika het vir lank versuim om sy verpligting wat die VN Konvensie, om marteling te kriminaliseer, na te kom. Daar was egter in 2012 'n wetsontwerp in hierdie verband aangeneem wat uiteindelik gelei het tot die bekragtiging van

⁸⁹ *Pakane*, soos (vn 80) hierbo, 536.

wetgewing. In die bespreking hieronder word ondersoek ingestel na die artikels in die VN Konvensie, wat verpligtinge op Suid-Afrika geplaas het om marteling te kriminaliseer. Die Martelingswet, sal ontleed word, hierdeur sal leemtes in die Martelingswet uitgewys word, deur soortgelyke wetgewing en wetsontwerpe in ander internasionale jurisdiksies te bestudeer, waarna aanbevelings oor die verbetering van die Martelingswet gemaak word.

Laastens, word die definisie van marteling soos vervat in artikel 3 van die Martelingswet en die VN Konvensie vergelyk met ander regserkende misdade van Suid-Afrika soos aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding. Die doel is om deur vergelyking en evaluasie die verskille tussen die misdade te identifiseer en te bespreek. Die belang van die vergelyking is om te bepaal of die beginsel van verdubbeling van skuldigbevindings in die geval van marteling en ander regserkende misdade ook toepassing vind.

4.3.2. VERPLIGTINGE WAT DIE VN KONVENSIË OP SUID-AFRIKA PLAAS MET BETREKKING TOT DIE KRIMINALISERING VAN MARTELING

Die VN Konvensie verplig lidlande soos Suid-Afrika om marteling te kriminaliseer.⁹⁰ Hierdie plig was vir 'n geruime tyd gedeeltelik aangespreek deur die opstel van 'n wetsontwerp wat die kriminalisering van marteling beoog het. Hierdie wetsontwerp is bekragtig as wetgewing op 29 Julie 2013,⁹¹ met die gevolg dat marteling nou as 'n erkende misdaad in Suid-Afrika bestempel word en daar gevolglik gehoor gegee is aan een van die verpligtinge wat die VN Konvensie op sy lidlande geplaas het. Die Martelingswet word later in hierdie hoofstuk bestudeer.

⁹⁰ United Nations Convention against Torture and Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment".(1984), artikel 4(1).

⁹¹ C. Raphaely 'Torture must be criminalized' *The Star*, 2 April, 2012.

Die ondertekening van die VN Konvensie plaas verskeie verpligtinge op sy lidlande,⁹² maar vir doeleindes van hierdie hoofstuk is die plig om marteling as 'n ernstige misdaad in sy regstelsel te implimenter van belang.⁹³ Dit is duidelik uit die voormelde dat die VN Konvensies 'n plig op Suid-Afrika geplaas het om marteling te kriminaliseer. Voor die nakoming van die verpligting om marteling te kriminaliseer kon lede nie vervolg word vir marteling as spesifieke misdaad nie, met die gevolg dat marteling altyd vervolg is onder ander regserkende misdade van Suid-Afrika. Die Martelingswet het egter daartoe gelei dat Suid-Afrika nou sy verpligting om marteling te kriminaliseer nagekom het. Die kriminalisering van marteling beteken egter nie dat die wet wat aanleiding daartoe gegee het volmaak is nie. Derhalwe moet die wet ontleed en bestudeer word, om sodoende leemtes te identifiseer en aan te spreek.

4.3.3. DIE MARTELINGSWET

4.3.3.1. ALGEMEEN

'n Wetsontwerp, met die oog op die kriminalisering van marteling, is die eerste keer opgestel in 2003, byna 10 jaar na die ondertekening van die VN Konvensie. Met die opstel van die wetsontwerp is wetgewing van lande soos: Die Verenigde Koningryke, Australië, Ierland, Kanada en New Zeeland in ag geneem. Nadat kommentaar van verskeie rolspelers in ag geneem is,⁹⁴ is 'n verdere wetsontwerp gedurende 2005 opgestel. Hierdie wetsontwerp is egter nie in konsiderasie geneem in die Departement van Justisie se wetgewende program vir die opkomende jare wat sou volg nie. Die 2005 wetsontwerp is uiteindelik, na nuwe insette van die belanghebbende partye opgedateer en nuut uitgereik in

⁹² Sien Hoofstuk 2, paragraaf 2.5 van hierdie studie vir 'n bespreking van hierdie verpligtinge.

⁹³ Artikel 4, soos (vn 90) hierbo.

⁹⁴ Die volgende organisasies se kommentaar is in ag geneem: Society of University Teachers; Legal Resources Centre; University of the Western Cape; Centre for Applied legal studies; Lawyers for Human Rights; National director of Public Prosecution; Magistrates Commission; Law Society of South Africa; General Council of the Bar of South Africa; Open Society Foundation of South Africa; KZN Campaign against Torture; NICRO; The South African Human Rights Commission; Law Faculty of the University of Pretoria and the Chief Justice.

2012. Die 2012 wetsontwerp, vorm die basis van die Martelingswet wat op 29 Julie 2013 deur die president onderteken en bekragtig is, byna 20 jaar na die ondertekening van die VN Konvensie wat Suid-Afrika verplig het om marteling te kriminaliseer.⁹⁵ Gevolglik word die Martelingswet bestudeer.

4.3.3.2. DIE DOEL VAN DIE MARTELINGSWET

Die Martelingswet het duidelik ten doel om te verseker dat Suid-Afrika aan die vereistes soos uiteengesit in die VN Konvensie voldoen.⁹⁶ 'n Verdere algemene doel is om voorsiening te maak vir die skep van die misdaad "marteling" en om marteling te beveg. Ander doelwitte streef daarna om effek te gee aan die Republiek se verpligtinge (soos uiteengesit in die VN Konvensie), om voorsiening te maak vir die vervolging van persone wat hulself skuldig maak aan marteling, om voorsiening te maak vir maatstawwe wat ten doel het om marteling te voorkom en te bestry, om voorsiening te maak vir opleiding van persone ten aansien van marteling en om met die interpretasie van die Martelingswet, die Handves van Regte in die Grondwet te bevorder. Die onderliggende rede vir die bevordering is te vinde in die skandelijke geskiedenis van Suid-Afrika met betrekking tot die skending van menseregte soos die marteling van burgers en inwoners.⁹⁷ Vervolgens word die belangrikste komponente van die Martelingswet bespreek.

4.3.3.3. KOMPONENTE VAN DIE MARTELINGSWET⁹⁸

Alhoewel die Martelingswet uit 12 artikels bestaan, word slegs enkele artikels ontleed en beskryf. Hierdie artikels sluit in: 1) artikel 3, marteling as misdaad; 2) artikel 4, misdrywe en straf en artikel 5, faktore wat in ag geneem moet word by

⁹⁵ Soos (vn 93) hierbo.

⁹⁶ Artikel 2 van die Martelingswet.

⁹⁷ Die aanhef van die Martelingswet. Die aanhef skryf ook voor dat Suid-Afrika toegewyd is aan die bestryding van marteling en toegewyd is daaraan om sy verpligtinge soos vervat in die VN Konvensie na te kom, sien Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3 van hierdie studie vir hierdie verpligtinge.

⁹⁸ Die Martelingswet bestaan uit 'n aanhef, 12 artikels en 'n skedule.

vonnisoplegging. Hierdie artikels is onder bespreking aangesien die artikels die kern van die Martelingswet weergee. Die feit dat die ander artikels nie bespreek word nie, beteken nie dat hul onbelangrik is nie,⁹⁹ maar slegs dat hulle buite die bestek van hierdie studie val.

4.3.3.3.1. MARTELING AS MISDAAD

Artikel 3 bevat die *handelinge* wat aanleiding gee tot die misdaad marteling. Marteling word omskryf as enige optrede waarby intensiewe pyn of lyding, of dit fisies of psigies is, *opsetlik* toegedien word deur 'n staats amptenaar of 'n persoon-

(a) met die doel om

- (i) inligting of 'n bekentenis te verkry van hom of haar of van 'n derde persoon of;
- (ii) hom, haar of 'n derde te straf vir 'n daad wat hy, sy of 'n derde gepleeg of vermoed gepleeg het of beplan het om te pleeg; of
- (iii) hom, haar of 'n derde te *intimideer* of te dwing om iets te doen of nie te doen nie; of

(b) Vir enige rede gebaseer op diskriminasie van enige aard, maar marteling sluit nie pyn en lyding in nie.

Verder word marteling in die VN Konvensie omskryf as: "For purpose of this Convention, the term "torture" means any act by which severe pain or suffering, whether physical or mental, is intentionally inflicted on a person for such purpose

⁹⁹ Artikel 1 van die Martelingswet bevat verskeie definisies wat sentraal staan tot die wet, artikel 6 handel met jurisdiksie buite die grense van die RSA, artikel 7 maak melding daarvan dat niks in die Martelingswet 'n effek het op aanspreeklikheid wat 'n persoon mag hê ingevolge die gemene reg nie, artikel 8 handel met uitlewering, terwyl artikel 9 die verpligting om die bewusmaking van marteling te bevorder omskryf. Verder sit artikel 10 die vereistes vir regulasies uiteen en maak artikel 11 voorsiening vir die wysiging van die Strafproseswet 51 van 1977 en Prevention of Organised Crime Act, 1998. Artikel 12 omskryf slegs die kort titel van Martelingswet.

as obtaining from him or a third person information or a confession, punishing him for an act he or a third person has committed or is suspected of having committed, or intimidating or coercing him or a third person, or for any other reason based on discrimination of any kind, when such pain or suffering is inflicted by or at the instigation of or with the consent or acquiescence of a public official or other person acting in an official capacity. It does not include pain or suffering arising only from, inherent in or incidental to lawful sanctions.”¹⁰⁰

Wanneer die VN Konvensie se definisie van marteling vergelyk word met die definisie van marteling soos aangedui in Martelingswet, is dit duidelik dat daar nie baie afgeewyk is van die VN Konvensie se definisie van marteling nie. Daar kan wel daarop gelet word dat die definisie van die Martelingswet meer geslagsgeoriënteerd is aangesien daar in die definisie melding gemaak word van hom en haar, hy en sy en nie net “him” soos in die VN Konvensie se definisie van marteling nie.

4.3.3.3.2. MISDRYWE EN STRAF

Artikel 4 van die Martelingswet skeep die misdryf van marteling en sodoende kan dit bydra tot die bestryding daarvan. Dit word verder bepaal dat staatsamptenare wat marteling pleeg; poog om marteling te pleeg; of enige persoon uitlok, aanhits, beveel of verkry om marteling te pleeg; saam met ‘n ander staatsamptenaar sweer om marteling te pleeg, skuldig is aan ‘n misdryf. Indien hy of sy skuldig bevind word, sal so ‘n persoon onderworpe wees aan gevangenisstraf, insluitende lewenslange gevangenisstraf.

Dit is duidelik dat artikel 4 van die Martelingswet voorsiening maak vir onvoltooide misdade, naamlik: poging,¹⁰¹ sameswering¹⁰² en uitlokking.¹⁰³ Die

¹⁰⁰ VN Konvensie, soos (vn 90) hierbo, artikel 1(1).

¹⁰¹ Iemand is skuldig aan poging om ‘n misdaad te pleeg, indien, met die opset om daardie misdaad te pleeg, daar ‘n wederegtelik doen of late aan haar kant is wat nie sleg ‘n voorbereidingshandeling vir die pleeg van misdaad is nie, maar steeds neerkom op minstens die begin van die uitvoering van die be-

aspekte kan as volg verduidelik word: in die geval van poging word vrywillige terugtrede as enigste regverdigingsgrond bestempel. Die huidige geval bepaal dat, waar 'n polisiebeampte 'n skokmasjien regkry om 'n verdagte te martel, maar voordat die misdaad uitgevoer word, besluit om uit sy eie vrye wil nie voort te gaan met die marteling nie, sal homself nie skuldig maak aan poging tot marteling nie. Die poging tot marteling in die bovermelde situasie sal dus nie strafbaar wees nie, aangesien die polisiebeampte vrywillig teruggetree het voordat die uitvoeringshandeling¹⁰⁴ plaasgevind het.¹⁰⁵

In die geval van sameswering, kan die ontbreking van die elemente¹⁰⁶ wat aanleiding gee tot die handeling van sameswering as regverdigingsgrond vir die misdaad dien. In die geval waar X en Y nie daadwerklik ooreenkom om Z te martel nie, sal X en Y nie skuldig wees aan sameswering nie,¹⁰⁷ ook nie waar Y skynbaar instem, maar van voorneme is om die stasiebevelvoerder van X se planne om Z te martel te verwittig nie.¹⁰⁸ Verder sal Y ook nie skuldig wees aan sameswering waar hy hoor hoe W en X praat oor hoe hulle van plan is om Y te

oogde misdaad, C.R. Snyman *Strafreg* (2012), 247-305 en Burchell, soos (vn 56) hierbo, 647.

¹⁰² Artikel 18(2)(a) van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 17 van 1956 bepaal dat: Iemand wat ...met 'n ander persoon saamsweer om by die pleeg van 'n misdryf hetsy die gemenerereg of statutêre regulasie, behulpsaam te wees of om dit te bewerkstellig of te pleeg...is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van daardie misdryf skuldig bevind is, gestraf word, Snyman, soos (vn 101) hierbo, 305-309 en Burchell, soos (vn 56) hierbo, 650.

¹⁰³ Iemand wat ...'n ander uitlok, aanstig, beveel of verkry om 'n misdryf, hetsy ingevolge die gemenerereg of ingevolge 'n statuut of statutêre regulasie te pleeg, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van daardie misdryf skuldig bevind is, gestraf word, Snyman, soos (vn 101) hierbo, 309-316 en Burchell, soos (vn 56) hierbo, 652.

¹⁰⁴ In *S v du Plessis* 1981 3 SA 382 (A) 399-400, het die hof beslis dat die vraag of daar reeds 'n uitvoeringshandeling was, 'n feitevraag is.

¹⁰⁵ Sien *R v Hlatwayo* 1933 TPD 441 waar 'n werknemer seepsoda in die pap van haar werkgewer gegooi het met die oog om hom te vermoor, maar voordat sy dit vir hom gegee het, weg gegooi het. Die hof het bevind dat sy wel skuldig was aan poging tot moord aangesien sy reeds besig was met uitvoeringshandeling en haar verandering van voorneme nie haar strafbaarheid weens poging tot moord uitsluit nie.

¹⁰⁶ (a) daar die werklike sluit van 'n ooreenkoms wees; (b) werklike instemming; (c) kan ook stilswyend ooreenkom; (d) voldoende kennis van die sameswering; (e) regstreekse kontak tussen samesweerders nie vereis nie; (f) die presiese wyse van hoe die misdaad gaan plaasvind is nie 'n vereiste nie. Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹⁰⁷ *S* 1959 1 SA 680 (K) 683.

¹⁰⁸ Sien *R v Harris* 1927 NPD 330, 337-348.

martel nie.¹⁰⁹ Net so kan die gedrag van X nie as uitlokking bestempel word waar hy bloot aan Y die voor en nadele van 'n moontlike misdadpleging deur Y beskryf, bloot uit nuuskierigheid by Y omtrent die moontlikheid van 'n misdadpleging opwek of bloot 'n gierigheid by Y ontlok nie.¹¹⁰

Indien die bovermelde bestudeer word, blyk dit dat daar 'n aantal onvoltooide misdade bestaan. Die feit dat artikel 4 voorsiening maak vir onvoltooide misdade, soos in die geval van ander gemeenregtelike misdade, is 'n aanduiding dat die erns van marteling gelykstaande is aan die erns van gemeenregtelike misdade waar die straf vir onvoltooide misdade gelykstaande is aan die straf wat vir die voltooide misdaad opgelê word. In die geval van marteling sal 'n staatsamptenaar wat homself skuldig maak aan die poging, sameswering of uitlokking van marteling dus strafbaar wees met gevangenisstraf, wat lewenslange gevangenisstraf kan insluit. Ontleding van vorige uitsprake toon dat die erns van die misdaad asook die brutaliteit van die misdaad nog altyd 'n deurslaggewende rol gespeel het by die oplegging van vonnis.¹¹¹

Wanneer die bepalings van artikel 4 bestudeer word, is dit duidelik dat marteling 'n ernstige misdaad is, aangesien die wetgewer gevangenisstraf, insluitende lewenslange gevangenisstraf, voorskryf. Die feit dat lewenslange gevangenisstraf, soos in die geval van moordhandelinge en verkragtingshandelinge gelys in skedule 2, deel 1 van die Strafproseswet¹¹² voorskryf, kan moontlik daarop dui dat die erns van marteling gelykstaande is aan ernstige moord- en verkragtingshandeling. In die geval van marteling word die termyn gevangennistrif in die diskresie van die hof oorgelaat. Die relevante faktore, soos hieronder bespreek word, sal egter die finale vonnis termyn bepaal.

¹⁰⁹ Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹¹⁰ Burchell, soos (vn 56) hierbo.

¹¹¹ Kruger, soos (vn 21) hierbo, 272.

¹¹² Sien (vn 55 en vn 66), hierbo.

Verder bepaal artikel 4 dat die feit dat die beskuldigde die hoof van 'n staats- of regeringsparty, 'n lid van die parlement, verteenwoordiger van die staat of regering was of is, nie as regverdigingsgrond vir marteling bestempel word nie. Handel op bevel word ook nie as regverdigingsgrond bestempel nie.¹¹³ Die Martelingswet sluit egter nie "verpligting"¹¹⁴ as regverdigingsgrond uit nie, die afleiding kan dus gemaak word dat "verpligting" as enigste regverdigingsgrond vir marteling bestempel kan word, synde dat die Martelingswet ook nie voorsiening maak vir ander regverdigingsgronde vir marteling nie. Wat uniek is aan artikel 4, is dat hierdie artikel verder bepaal dat geen buitengewone omstandighede, insluitende die dreigement van oorlog, interne politieke onstabiliteit of waar die staat in toestand van nood verkeer, as regverdigingsgrond vir marteling beskou word nie.

4.3.3.3.3. FAKTORE TEN AANSIEN VAN VONNIS

Artikel 5 lig die faktore uit wat in ag geneem moet word wanneer 'n persoon wat homself skuldig maak aan marteling gevonnissen word. Hierdie faktore sluit die volgende in: rassistiese diskriminasie teen die klaer, die psigiese toestand van die klaer, of die klaer enige fisiese mishandeling ondervind het, of die klaer onder die ouderdom van 18 jaar is, of die klaer verkrag of onsedelik aangerand is, of daar enige wapens gebruik is om die klaer skade te berokken, die toediening van ernstige psigiese skade aan die klaer, die toestand waarin die klaer aangehou is, die rol van die aangeklaagde persoon in die misdaad, vorige veroordelings met betrekking tot marteling wat die aangeklaagde mag hê en die psigiese of psigologiese effek wat die marteling op die klaer gehad het. Daar bestaan ander geïkete verswarende faktore in die strafprosesreg, wat van nut vir die hof kan wees met vonnisoplegging in die algemeen en bestaan ondermeer uit vorige veroordelings, slu beplande misdade, bende bedrywighede, waar die misdadiger

¹¹³ Sien hoofstuk 2 onder paragraaf 2.3.2 vir die bespreking van handel op bevel. Die Strafwet van die Verenigde Koningkryke maak uitdruklik daarvoor voorsiening dat handel op bevel 'n verweer vir marteling is. Criminal Justice Act 1988 van die Verenigde Koningkryke by <http://www.legislation.gov.uk/ukpga/1988/33/part/XI/crossheading/torture> (besoek: 09/10/2013)

¹¹⁴ Sien Hoofstuk 2, paragraaf 2.3.2 vir 'n bespreking rondom hierdie regverdigingsgrond.

‘n gevaar vir die samelewing is, indien die misdadiger in ‘n vertrouensverhouding tot die publiek staan en waar die staat benadeel word.¹¹⁵

Met die bovermelde in gedagte, is dit onvermydelik om die afleiding te maak dat sommige van die *verswarende faktore*, soos waar die misdadiger in ‘n vertrouensverhouding tot die publiek staan en waar dit skade aan die staat kan verrig, van toepassing kan wees op lede van die SAPD wat hulself aan marteling skuldig maak. Net soos *verswarende faktore* ‘n rol speel by vonnisoplegging, kan *versagende faktore* eweneens ook ‘n impak op die vonnis van ‘n SAPD lid hê.

Verskeie *versagende faktore* bestaan,¹¹⁶ maar vir doeleindes van hierdie studie staan een versagende faktor uit, naamlik: dat indien dit aan die lig gekom het dat die misdadiger reeds sy werk, bevordering, verhoging of status verloor het en indien dissiplinêre stappe deur die werkgewer geneem is.¹¹⁷ Hierdie aspek is reeds tydens hoofstuk 3 van hierdie studie bespreek.¹¹⁸ Alhoewel daar verskeie faktore is wat deur die hof in ag geneem kan word met vonnisoplegging, hetsy *verswarend of versagend*, hang die invloed van die faktore af van die feite van die saak, sowel as die aanneming van die feite wat bewys word.¹¹⁹ Die gepaste vonnis moet uiteindelik bepaal word.¹²⁰ Dit is nie algemene praktyk dat *verswarende- en versagende faktore* in wetgewing vervat word nie, maar aangesien marteling ‘n nuwe misdaad is (howe kan derhalwe nie vorige regspraak bestudeer as riglyn vir vonnisoplegging nie) is die insluiting van faktore in die Martelingswet van kardinale belang, aangesien howe die faktore kan bestudeer om sy diskresie met betrekking tot vonnis uit te oefen.

¹¹⁵ LSSA *Strafhofpraktyk* (2011). Sien *S v Samuels* 2011 (1) SACR 9 (SCA). Sien ook Terblanche *Sentencing*, soos (vn 32) hierbo, 225 en 226.

¹¹⁶ Soos die toon van berou, waar die misdadiger samewerking gee aan die SAPD, waar die misdadiger skuldig pleit, waar die misdadiger afhanklikes het, ouderdom ens LSSA, soos (vn 115) hierbo.

¹¹⁷ I. Roberts en V. Julian *Criminal Procedure, England Congressess* (2011), 262.

¹¹⁸ Sien Hoofstuk 3, paragraaf 3.3 van hierdie studie.

¹¹⁹ Terblanche *‘Guide to Sentencing in South Africa*, soos (vn 32) hierbo, 194.

¹²⁰ Strafproseswet, soos (vn 28) hierbo, artikel 274.

4.3.3.3.4. DIE VOORDELE VAN DIE MARTELINGSWET

Die Martelingswet hou voordele vir Suid-Afrika in, in die opsig dat die wet daartoe gelei dat marteling gekriminaliseer is, wat daartoe lei dat persone wat hulself aan marteling skuldig maak spesifiek vir marteling vervolg en gevonniss kan word. Derhalwe word 'n persoon nou vervolg en gevonniss vir marteling as afsonderlike misdad en nie vir misdrywe, waaronder marteling geklassifiseer kon word, weens die feit dat marteling nie 'n misdad in Suid-Afrika was nie.¹²¹ Verder skep die voorgeskrewe vonnis vir marteling, naamlik gevangenisstraf wat lewenslange gevangenisstraf insluit, regsekerheid.¹²²

4.3.3.3.5. LEEMTES EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE MARTELINGSWET

Alhoewel slegs sekere artikels in hierdie hoofstuk bespreek is, is dit onvermydelik om die leemtes in die Martelingswet te identifiseer indien die verpligtinge van die VN Konvensie in gedagte gehou word.¹²³ Die Martelingswet, soos alle ander wetgewing in Suid-Afrika, is nie volmaak nie en kan gevolglik verbeter word. Vervolgens word leemtes in die Martelingswet uitgewys, waarna aanbevelings rondom hierdie leemtes aangespreek word. Eerstens, bevat die Martelingswet geen bepaling met betrekking tot die ondersoekliggaam vir marteling nie, terwyl die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direktooraat Wet¹²⁴ uitdruklik bepaal dat die OPOD verplig is om marteling te ondersoek.¹²⁵ Alhoewel voormelde as 'n leemte in die Martelingswet bestempel kan word, behoort dit geen impak op die praktyk te hê nie, aangesien daar juis in wetgewing voorsiening gemaak word dat die OPOD verantwoordelik is vir die ondersoek na marteling.¹²⁶ Tweedens, maak die

¹²¹ Die misdrywe waaronder marteling gewoonlik geklassifiseer kon word sluit: aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding in. Sien paragraaf 4.4.4.1 tot 4.4.4.3 van hierdie hoofstuk.

¹²² Sien paragraaf 4.3.3.3.2 van hierdie hoofstuk.

¹²³ Sien Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3 vir hierdie verpligtinge.

¹²⁴ IPID Wet, 1 van 2011. Sien ook (vn 98) hierbo.

¹²⁵ Artikel 28(1) van die IPID Wet, soos (vn 124), hierbo.

¹²⁶ IPID Wet, soos (vn 124) hierbo. Sien die verpligtinge wat die VN Konvensie op Suid-Afrika geplaas het onder Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3.

Martelingswet geen voorsiening vir die kompensasie van slagoffers nie. Verder maak die Martelingswet voorsiening vir gevangenisstraf, insluitende lewenslange gevangenisstraf, maar maak verder geen melding van hoe die hof sy diskresie moet uitoefen in die bepaling van die termyn gevangenisstraf wat opgelê moet word nie. Derdens, skryf die wetgewer ook nie voor of gevangenisstraf (met die uitsluiting van lewenslange gevangenisstraf) opgeskort mag word al dan nie.¹²⁷ Aangesien die wetgewer gevangenisstraf voorskryf, waar die termyn nie vasgestel is nie, maar in die diskresie van die hof is, behoort gevangenisstraf opgeskort te kan word in die geval van nie ernstige martelingshandelinge. In die geval van lewenslange gevangenisstraf, opgelê volgens die voorgeskrewe verpligte termyn, is opskorting egter nie moontlik nie.¹²⁸ Derhalwe kan gevangenisstraf in gevalle van ernstige marteling, wat lewenslange gevangenisstraf regverdig, nie opgeskort word nie.

Indien die Martelingswet vergelyk word met soortgelyke wetgewing in ander internasionale jurisdiksies, blyk dit dat die Martelingswet, benewens die leemtes hierbo bespreek, ander leemtes het. Die martelingswet van die Filippyne¹²⁹ maak eerstens voorsiening vir spesifieke fisiese- en sielkundige martelingsmetodes, wat insluit: elektriese skok, sigaret brandwonde, brandwonde veroorsaak deur warm ysters, brandwonde as gevolg van suur, brandwonde as gevolg van warm olie, verkragting, seksuele aanranding, die uittrek van vingernaels, die gebruik van plastiek sakke of ander materiaal as instrument vir versmoring, die toediening van dwelms, voordurende en uitgerekte ondervraging, die dwing van 'n familielid om 'n martelings sessie van 'n ander familielid waar te neem, die ontkleding van 'n persoon, die blinddoek van 'n persoon.¹³⁰ Die Martelingswet maak geen melding van metodes van marteling nie, wat moontlik verwarring by

¹²⁷ Sien (vn 61) hierbo vir die bepaling rakende die verbod op die opskorting van voorgeskrewe vonnis termyne en waar dit bepaal word dat 'n opgeskorte vonnis ook as 'n vorm van gevangenisstraf bestempel word.

¹²⁸ Sien (vn 61) hierbo, asook Kruger, soos (vn 21) hierbo, 28-72.

¹²⁹ 'An Act Penalizing Torture and Other Cruel, Inhuman and Degrading Treatment or Punishment and Prescribing Penalties therefor, Republic Act 9745' van die Filippyne by <http://lawphil.net/statutes/repacts/ra2009> (besoek: 09/10/2013). Die wet staan ook bekend as die Anti-Torture Act of 2009

¹³⁰ Artikel 4(a) en (b) van die Filippyense wet, soos (vn 129) hierbo.

howe kan skep rakende die vraag of 'n handeling op marteling neerkom al dan nie. Verder bepaal die Fillipynse martelingswet¹³¹ dat “*reclusion perpetua*”¹³² die voorgeskrewe vonnis vir marteling is in die geval waar die marteling lei tot die dood van 'n persoon, waar die marteling lei tot misvorming van 'n persoon, waar marteling verkragting insluit, waar marteling gepaard gaan met ander vorme van seksuele aanranding en waar die marteling tot gevolg gehad het dat die persoon blind geword het/ impotent geword het of mal geword het.¹³³ Ander vorme van straf (insluitende gevangnisstraf),¹³⁴ word in alle ander gevalle van marteling deur die howe oorweeg.¹³⁵ Geen kommentaar kon gevind word rakende die Fillipynse martelingswet nie.

Uit bovermelde bespreking van marteling in die Fillipyne, is dit duidelik dat die howe in hierdie land onderskeid tref tussen grade van marteling, wat op daardie beurt weer 'n impak op die tipe vonnis het. Suid-Afrika sal daarby baat om ook te onderskei tussen die verskeie grade van marteling en 'n persoon dienooreenkomstig te vonnis. Die grade van marteling in die Fillipyne kan as goeie riglyn dien vir die gradering van martelingshandeling. Kompensasie is ook moontlik in hierdie land en maak voorsiening vir die kompensasie van slagoffers van marteling.¹³⁶ Die minimum bedrag kompensasie wat betaalbaar is, is 10 000 pesos (R 2 302.81).¹³⁷

Met bovermelde in gedagte, kan verbeteringe van die Martelingswet op die volgende wyses bewerkstellig word: Eerstens, moet die liggaam, die OPOD, aangewys word as liggaam wat verantwoordelik is vir die ondersoek na

¹³¹ Marteling in hierdie land word presies dieselfde omskryf as die definisie van marteling in die VN Konvensie en gevolglik is die definisie identies aan die definisies van marteling in Suid-Afrika.

¹³² Is 'n tipe vonnis gelykstaande aan lewenslange gevangnisstraf. A.C. Estrada *Criminal Law Made Easy for Student, Bar Examinees & Practitioners*, 219.

¹³³ Artikel 14(a), soos (vn 129) hierbo.

¹³⁴ Artikel 14(b)-(j), soos (vn 129) hierbo. Vorme van straf wat howe oorweeg sluit in: reclusion temporal (gevangnisstraf van tussen 12 jaar en 21 jaar); prision correctional (korrektiewe toesig wat kan wissel tussen 6 maande en 6 jaar); arresto mayor (gevangnisstraf van tussen een maand en 6 maande) by http://www.lawphil.net/statutes/acts/act_3815_1930.html (besoek: 15/10/2013).

¹³⁵ Soos (vn 132) hierbo.

¹³⁶ Artikel 18, soos (vn 127) hierbo.

¹³⁷ Soos (vn 136) hierbo.

marteling. Tweedens, moet die Martelingswet voorsiening maak vir spesifieke martelingmetodes wat aanleiding gee tot marteling; Derdens, moet daar onderskeid getref word tussen verskeie grade van marteling, waar ernstige martelingshandelinge lewenslange gevangenisstraf as enigste straf regverdig, alternatiewelik moet riglyne in die wet ingewerk word om die howe te lei met betrekking tot hul diskresie om die termyn gevangenisstraf te bepaal; Vierdens, moet die wet voorsiening maak vir kompensasie van slagoffers deur die moontlikheid te oorweeg om 'n fonds te stig wat slagoffers van marteling vergoed asook voorsiening maak vir 'n minimum bedrag betaalbaar aan slagoffers van marteling.¹³⁸ Laastens, moet die wetgewer dit oorweeg om die opskorting van gevangenisstraf (in die geval van minder ernstige martelings handelinge) in die Martelingswet by te werk.

4.3.4. 'N VERGELYKING VAN MARTELING MET ANDER REGSERKENDE MISDRYWE

4.3.4.1. ALGEMEEN

Met die doel om 'n vergelyking tussen marteling en ander regserkende misdade in Suid-Afrika te doen, word die beginsels van wetsuitleg bestudeer. Hierdie beginsels word gebruik ten einde onderskeid te tref tussen die definisie van marteling en aanranding; marteling en aanranding met die opset om ernstig te beseer en marteling en seksuele aanranding.

By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemenerereg of gewoonterereg, moet die hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.¹³⁹ Die relevantheid van vermelde beginsel is te vinde daarin dat aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding almal gemeenregtelike misdade is, wat deur die uitleg

¹³⁸ Hierdie aspek word meer volledig in Hoofstuk 5 bestudeer en bespreek.

¹³⁹ Grondwet, soos (vn 3) hierbo, artikel 39(2).

van elk van die definisies die gees, strekking en oogmerk van die Handves van Regte, spesifiek die reg om nie gemartel te word nie, moet bevorder.

Volgens die ortodokse teksgebaseerde (letterlike) benadering konsentreer die uitlegger hoofsaaklik op die letterlike betekenis van die betrokke bepalings wat uitgelê moet word.¹⁴⁰ Die primêre reël van wetsuitleg bepaal dat indien die woorde duidelik en ondubbelsinnig is, daaraan gevolg gegee moet word. Die ondubbelsinnige en duidelike woorde word dan outomaties geag die wetgewer se bedoeling te wees.¹⁴¹ Vir doeleindes van hierdie hoofstuk sal die ortodokse teksgebaseerde (letterlike) benadering gevolg word in die uitleg van die definisie marteling, aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding, omdat die woorde in hierdie definisies duidelik en ondubbelsinnig is.

4.3.4.2. MARTELING IN VERGELYKING MET AANRANDING

Aanranding kan omskryf word as enige *wederegtelike en opsetlike doen of late*:”(a) wat tot gevolg het dat iemand anders se liggaamlike integriteit *direk of indirek aangetas* word, of (b) *wat iemand anders laat glo* dat so ‘n aantasting van haar liggaamlike integriteit onmiddellik sal plaasvind.”¹⁴²

In die vergelyking van marteling met die regserkende misdaad aanranding, is dit duidelik dat die woorde van die definisie aanranding wesenlik verskil van die woorde soos vervat in die definisie van marteling. Derhalwe kan daarop gelet word dat die definisie van aanranding te make met ‘n direkte of indirekte doen of late wat tot die gevolg het dat die liggaamlike integriteit van iemand anders aangetas word terwyl marteling te make het met die toediening van “severe pain” of dit nou fisies of psigies is. Die definisie van aanranding maak geen melding van “severe pain” of van die woorde “fisies” of “psigies” nie.

¹⁴⁰ C. Botha *Wetsuitleg, Inleiding vir studente* (2005), 48.

¹⁴¹ *Principal Immigration Officer v Hawabu* 1936 AD 36.

¹⁴² Snyman, soos (vn 101) hierbo, 475.

Dit is ook duidelik uit die definisie van aanranding dat die motief vir aanranding die aantasting van liggaamlike integriteit is, terwyl die motief vir marteling die verkryging van inligting of 'n bekentenis is of om 'n persoon te straf vir 'n daad wat deur 'n persoon of 'n derde gepleeg is of vermoedelik gepleeg is of die intimidasie of dwang van 'n persoon of 'n derde of vir enige ander rede gebaseer op diskriminasie van enige soort. Die definisie van marteling maak ook melding van "suffering" terwyl daar in die definisie van aanranding geen melding daarvan gemaak word nie.

Verder maak die definisie van marteling ook voorsiening vir 'n spesifieke persoon wat homself skuldig kan maak aan marteling ('n staatsamptenaar of 'n persoon in 'n gesagsposisie). Die definisie van aanranding maak geen melding van 'n spesifieke persoon wat homself skuldig kan maak aan aanranding nie. Die definisie van marteling bepaal ook hoe 'n staatsamptenaar of 'n persoon in 'n gesagsposisie homself skuldig kan maak aan marteling (deur die aanmoediging, toestemming of berusting van 'n staatsamptenaar of 'n persoon in 'n gesagsposisie). Die definisie van aanranding maak ook voorsiening vir die wyse waarop die misdaad gepleeg word, maar dit verskil van die wyse waarop marteling gepleeg word en deur wie.

Soos blyk uit die bovermelde bespreking, is dit duidelik dat daar verskille tussen die definisie van aanranding en marteling bestaan. Daar is egter ook een deurslaggewende ooreenkoms. Indien gedeelte (b) van die definisie van aanranding ontleed word blyk dit dat die definisie van aanranding woorde wat vrees inboesem impliseer (iemand anders laat glo dat so aantasting van haar liggaamlike integriteit onmiddellike sal plaasvind) bevat, terwyl die definisie van marteling die woord dwang bevat wat ook vrees inboeseming kan impliseer.

Wanneer die verskille tussen die definisie van aanranding en marteling bestudeer word, is dit duidelik dat marteling en aanranding, wat die ortodokse teksgebaseerde (letterlike) benadering betref, nie dieselfde misdaad is nie. Die beginsels ten aansien van aanranding en marteling moet ook met mekaar vergelyk word alvorens daar 'n gevolgtrekking gemaak kan word dat marteling en aanranding nie dieselfde misdaad uitmaak nie. Soos blyk uit die definisie van aanranding kan aanranding direk of indirek plaasvind.¹⁴³ Die direkte toediening van geweld kan omskryf word as die gebruik van liggaamskrag om 'n gedeelte van die liggaam van 'n ander aan te tas.¹⁴⁴ Al word daar nie in die definisie van marteling melding gemaak word van direkte of indirekte vorm van marteling nie, kan marteling ook direk of indirek plaasvind. Marteling kan direk plaasvind waar 'n staatsampenaar of 'n persoon in 'n gesagsposisie liggaamskrag gebruik om 'n gedeelte van 'n ander persoon aan te tas.

Aanranding wat op 'n indirekte wyse plaasvind kan omskryf word as: wanneer 'n persoon nie liggaamskrag gebruik om 'n gedeelte van 'n ander persoon aan te tas nie, maar eerder 'n instrument of strategie gebruik om die liggaamlike integriteit van 'n ander persoon aan te tas¹⁴⁵. Marteling kan ook op 'n indirekte manier plaasvind, soos meer volledig bespreek word onder aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Die belangrikste verskil tussen marteling en aanranding is opset. In die saak van *Ireland v United Kingdom*¹⁴⁶ het die hof beslis dat "what was intended in relation to torture was to attach a special stigma to deliberate inhuman treatment causing very serious and cruel suffering".¹⁴⁷ Hierdie uitspraak toon duidelik dat die motief vir marteling ook die vorming van 'n stigma is om opsetlik onmenslike behandeling te bewerkstellig deur baie ernstige en wreedaardige pyn toe te dien.

¹⁴³ Snyman, soos (vn 101) 476 en 477.

¹⁴⁴ Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹⁴⁵ Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹⁴⁶ Uitspraak gelewer op die 18de Januarie 1978, YB XXI at 602; Reeks A, Vol 25, soos daarna verwys word deur Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹⁴⁷ *Ireland v United Kingdom*, soos (vn 145) hierbo, 167.

Dit mag gebeur dat 'n persoon se liggaamlike integriteit wel aangetas word tydens marteling, maar dit is nie die motief (opset) van marteling nie. Aanranding, alhoewel dit vrees inboeseming insluit is altyd fisies terwyl marteling voorsiening maak vir “severe pain” wat 'n persoon fisies of psigies toe gedien word. Daar moet egter daarop gelet word dat aanranding altyd ingesluit is by marteling, omdat aanranding en marteling geweld as element deel, maar marteling word nie noodwendig volledig beskryf deur aanranding nie soos duidelik blyk uit die bovermelde bespreking.

4.3.4.3. DIE VERGELYKING VAN MARTELING EN AANRANDING MET DIE OPSET OM ERNSTIG TE BESEER

Die definisie van aanranding met die opset om ernstig te beseer kan in die benaming van die misdaad gevind word. Die elemente van hierdie misdaad is die volgende:(1) *Aanranding*; (2) *ernstige liggaamlike besering*, en (3) *opset*.¹⁴⁸

Wanneer die definisie van aanranding met die opset om ernstig te beseer met die definisie van marteling¹⁴⁹ vergelyk word kan eerstens opgemerk word dat daar melding gemaak word van aanranding in die definisie van aanranding met die opset om ernstig te beseer terwyl daar in die definisie van marteling geen melding gemaak word van aanranding nie. Omdat aanranding een van die elemente van die misdaad aanranding met die opset om ernstig te beseer is, geld die bespreking ten aanleiding van die vergelyking van die definisie van aanranding en marteling ook hier. Verder maak die definisie van marteling voorsiening vir “severe pain” terwyl die definisie van aanranding met die opset om ernstig te beseer die woorde ernstige liggaamlike besering insluit. Net soos by die vergelyking van aanranding verskil die motief (opset) tussen marteling en aanranding. Die motief (opset) van aanranding met die opset om ernstig te beseer is om ernstige liggaamlike besering of leed aan iemand anders toe te

¹⁴⁸ Soos (vn 101) hierbo.

¹⁴⁹ Soos (vn 101) hierbo.

dien terwyl die motief (opset) by marteling die verkryging van inligting of 'n bekentenis is of om 'n persoon te straf vir 'n daad wat deur 'n persoon of 'n derde gepleeg is of vermoedelik gepleeg is of die intimidasie of dwang van 'n persoon of 'n derde of vir enige ander rede gebaseer op diskriminasie van enige soort.¹⁵⁰

In die saak van *S v Mbelu*¹⁵¹ is “ernstige liggaamlike besering” omskryf as “harm which in itself is such as seriously to interfere with health”. Die definisie van marteling maak egter voorsiening vir “severe pain” en “suffering” wat nie dieselfde is as ernstige liggaamlike besering nie. Ernstige liggaamlike besering illustreer ook net die fisiese en nie die psigiese nie, terwyl marteling beide die “severe pain” en “suffering” van beide die fisiese en psigiese beklemtoon.

Aangesien aanranding met die opset om ernstig te beseer, *aanranding* as element besit, kan aanranding met die opset om ernstig te beseer direk of indirek plaasvind. Indirekte toediening van aanranding met die opset om ernstig te beseer kan plaasvind, soos in in die geval van die *Smit*¹⁵² saak, waar daar van honde gebruik gemaak is om “vermoedelik” onwettige immigrante aan te val en op daardie manier hulle liggaamlike integriteit te skend. Dit is waar dat die hof die polisiemanne skuldig bevind het aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, maar die skrywer is van mening dat die enigste rede waarom die hof tot hierdie bevinding gekom het, weens die feit dat marteling nog nie op daardie stadium in Suid-Afrika gekriminaliseer was nie en die dade van die polisiemanne onder geen ander misdaad as aanranding met die opset om ernstig te beseer geklasifiseer kon word nie. Die vermoedelike onwettige immigrante het tydens die aanval :”severe pain” en “ suffering” ervaar soos omskryf deur die definisie van marteling in die VN Konvensie¹⁵³. Sou marteling gekriminaliseer gewees het op die tydstip toe die uitspraak in die *Smit*¹⁵⁴ gelewer is, bestaan die vraag of die hof die polisiemanne nie moontlik aan marteling, eerder as aanranding met

¹⁵⁰ Sien paragraaf 4.3.3.3.1 van hierdie hoofstuk.

¹⁵¹ 1996 (1) PH H176 (N).

¹⁵² *Smit*, soos (vn 24) hierbo.

¹⁵³ VN Konvensie, soos (vn 90) hierbo.

¹⁵⁴ *Smit*, soos (vn 24) hierbo.

die opset om ernstig te beseer skuldig sou bevind het nie. Uit die bespreking is dit duidelik dat marteling en aanranding met die opset om ernstig te beseer ook nie dieselfde misdaad is.

4.3.4.4. MARTELING IN VERGELYKING MET SEKSUELE AANRANDING¹⁵⁵

Wat seksuele aanranding en marteling betref, word daar in die omskrywing van seksuele aanranding melding gemaak van seksuele skending, terwyl dit nie die geval in die omskrywing van marteling is nie.¹⁵⁶ Tweedens, kan daarop gelet word dat die definisie van seksuele aanranding voorsiening maak vir die oortuiging van die klaer of klaagster dat hy of sy seksueel geskend gaan word.¹⁵⁷ In die definisie van marteling word daar slegs melding gemaak van dwang. Oortuiging van 'n persoon dat hy seksueel geskend gaan word en dwang kan as 'n ooreenstemming in die twee definisies gesien word, aangesien dwang en die oortuiging van 'n persoon dat hy seksueel geskend gaan word, albei vreesinboeseming tot gevolg het. Verder verskil die motief ten aansien van marteling en seksuele aanranding van mekaar. Waar die motief vir seksuele aanranding die seksuele skending van 'n persoon is, is die motief vir marteling die verkryging van inligting. Dit is dus duidelik dat seksuele aanranding en marteling nie dieselfde misdaad is nie.

Aangesien marteling, aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding nie dieselfde misdade uitmaak nie, is dit belangrik om die beginsel ten aansien van die verdubbeling van skuldigbevindings te bestudeer. Die doel van die bestudering is om vas te stel of 'n polisiebeampte aan aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, seksuele aanranding en marteling gelyktydig aangekla, skuldig bevind en gevonnissen kan

¹⁵⁵ Seksuele aanranding kan omskryf word as die seksuele skending van 'n persoon, sonder toestemming en sluit ook die oortuiging van 'n persoon in dat hy of sy seksueel geskend gaan word by <http://www.skukumisa.org.za/.../sexual-assault> (besoek: 12/10/2013).

¹⁵⁶ VN Konvensie, soos (vn 100) hierbo en Snyman, soos (vn 101) hierbo.

¹⁵⁷ Sien definisie van seksuele aanranding, soos (vn 155) hierbo.

word. Vervolgens word die beginsel van verdubbeling van skuldigbevindings bespreek.

4.4. DIE VERDUBBELING VAN SKULDIGBEVINDINGS EN SAMEVOEGING VAN MISDADE

Dit gebeur dikwels dat een enkele handeling meerdere misdade tot gevolg het.¹⁵⁸ Dit sal byvoorbeeld gebeur waar 'n polisiebeampte 'n persoon tydens ondervraging martel en aanrand met die doel om 'n bekentenis uit die persoon te verkry. Die vraag is egter dan of die persoon van marteling en aanranding gelyktydig aangekla en skuldig bevind kan word.

Die Strafproseswet¹⁵⁹ maak voorsiening vir hierdie situasie en bepaal dat indien dit vanweë onsekerheid omtrent die feite wat bewys kan word, of om een of ander rede, twyfelagtigheid bestaan oor watter van die verskeie misdade uitgemaak word, die beskuldigde weens die pleeg van al daardie misdade of enige een van hulle aangekla kan word, of van enige van die aantal misdrywe in die alternatief.¹⁶⁰ Dit is dus duidelik dat 'n beskuldigde van soveel misdade as wat die staatsaanklaer goed dink aangekla kan word, indien daar twyfelagtigheid bestaan omtrent die tipe misdaad wat uitgemaak word deur die feite. Die crux van die saak lê in die moontlike skuldigbevindings. Sekere toetse, wat soms van nut is, het al uitgekristaliseer.¹⁶¹ Wanneer een handeling neerkom op meer as een statutêre misdaad of 'n statutêre- en gemeenregtelike misdaad kan die beskuldigde aangekla word van twee misdade, maar die hof sal die beskuldigde slegs skuldig bevind aan die klagte met die mees bewese feite.¹⁶² Dus sal die hof

¹⁵⁸ Joubert et al, soos (vn 56) hierbo, 225. Sien ook Kruger, soos (vn 21) hierbo, 14-1.

¹⁵⁹ Strafproseswet, soos (vn 28) hierbo, artikel 83.

¹⁶⁰ Sien *Ex Parte Minister of Justice: In re Moseme* 1936 AD 52 op 60 en *S v Van Zyl* 1949 (2) SA 948 (K) vir 'n verdere bespreking oor artikel 83.

¹⁶¹ Sien *Maneli v The State* 2009 (1) SACR 509 (HHA) para 8.

¹⁶² Nasionale Vervolgings gesag *Entry examination aspirant procecutor programme notes* (2011), 17. Strafproseswet, soos (vn 4) hierbo, artikel 336 bepaal dat wanneer 'n handeling of 'n versuim neerkom op twee statutêre misdrywe of een statutêre misdryf en 'n gemeenregtelike misdaad, die dader, indien die teendeel blyk, vervolgd kan word volgens een van die statutêre misdade of die gemeenereg.

die beskuldigde tegelyk aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, seksuele aanranding en marteling skuldig kan bevind indien die misdade gebaseer is op meer as een handeling.

Nieteenstaande die vroeër argument dat aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer en seksuele aanranding nie dieselfde misdaad as marteling uitmaak nie, het die reëls ten opsigte van die verdubbeling van skuldigbevindings 'n effek op die uitkoms van polisiebeamptes se sake wat hulself skuldig maak aan marteling en enige van die ander vermelde misdade. SAPD lede kan dus van al die vermelde misdade aangekla en vervolg word, maar kan ook skuldig bevind word aan al die klagtes waarvan hul aangekla word indien die misdaad uit meer as een handeling bestaan.

4.5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk is die diskresie om te vervolg,¹⁶³ sowel as die vonnisse ten aansien van aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, moord en verkragting bestudeer.¹⁶⁴ Dit blyk uit regspraak dat in die geval van aanranding die vonnis meestal gevangenisstraf of 'n boete met gevangenisstraf as alternatief insluit, terwyl in die geval van aanranding met die opset om ernstig te beseer gewoonlik direkte gevangenisstraf opgelê word.¹⁶⁵ In die geval van moord- en verkragtingshandelinge, is die Strafwysigingswet van toepassing en word daar sekere termyne van gevangenisstraf, insluitende lewenslange gevangenisstraf, in die wet aangedui.¹⁶⁶

Aangesien Suid-Afrika die VN Konvensie onderteken het, is sekere verpligte op hom geplaas.¹⁶⁷ Die onlangse kriminalisering van marteling het tot gevolg dat Suid-Afrika aan die eerste verpligting van die VN Konvensie voldoen het, maar in

¹⁶³ Sien paragraaf 4.2.2 van hierdie hoofstuk.

¹⁶⁴ Sien paragraaf 4.2.3.1, 4.2.3.2 en 4.2.3.3 van hierdie hoofstuk.

¹⁶⁵ Sien paragraaf 4.2.3.1 van hierdie hoofstuk.

¹⁶⁶ Sien paragraaf 4.2.3.2 en 4.2.3.3 van hierdie hoofstuk.

¹⁶⁷ Sien paragraaf 4.3.2. van hierdie hoofstuk en Hoofstuk 2, paragraaf 2.5.3.

gebreke is om aan van die ander verpligtinge te voldoen. Die Martelingswet word verwelkom, maar het verskeie leemtes, indien dit vergelyk word met soortgelyke wetgewing in ander jurisdiksies.¹⁶⁸ Gevolglik kan die Martelingswet verbeter word deur onder meer 'n liggaam te identifiseer wat verantwoordelik is vir die ondersoek na marteling, voorsiening te maak vir regverdigingsgronde van marteling, voorsiening te maak dat slagoffers gekompenseer word deur die moontlike implemetering van 'n slagofferbemaagtigingsfonds, 'n minimum bedrag betaalbaar aan slagoffers van marteling vas stel, martelingshandelinge te gradeer wat 'n impak op vonnis sal hê, 'n bepaling oor die opskorting van gevangenisstraf (anders as gevangenisstraf) in die Martelingswet by te werk.¹⁶⁹ Verder moet lewenslange gevangenisstraf as enigste straf vir ernstige martelingshandelinge bestempel word of alternatiewelik moet riglyne in die wet ingewerk word om die hof te lei met betrekking tot die uitoefening van sy diskresie rakende die termyn gevangenisstraf wat op gelê moet word.¹⁷⁰ Die Martelingswet sal ook meer volledig wees indien daar spesifiek voorsiening gemaak word vir martelingsmetodes wat aanleiding gee tot marteling.¹⁷¹

Die definisie van marteling in samehang met die VN Konvensie, is ondersoek en bespreek, gevolglik blyk dit dat die definisie van marteling,¹⁷² aanranding,¹⁷³ aanranding met die opset om ernstig te beseer¹⁷⁴ en seksuele aanranding¹⁷⁵ vanuit 'n ortodokse teksgebaseerde (letterlike) benadering nie dieselfde misdaad uitmaak nie. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat marteling nie kwalifiseer onder die vermelde misdade nie, maar as 'n misdaad op sy eie bestempel word. Die feit dat bovermelde misdade as onafhanklike misdade geklassifiseer kan word, het 'n impak op die verdubbeling van

¹⁶⁸ Sien paragraaf 4.3.3.3. en 4.3.3.3.5 van hierdie hoofstuk.

¹⁶⁹ Sien paragraaf 4.3.3.3.5 van hierdie hoofstuk.

¹⁷⁰ Soos (vn 169) hierbo.

¹⁷¹ Soos (vn 170) hierbo.

¹⁷² Sien paragraaf 4.3.3. van hierdie hoofstuk.

¹⁷³ Sien paragraaf 4.3.4.2 van hierdie hoofstuk.

¹⁷⁴ Sien paragraaf 4.3.4.3 van hierdie hoofstuk.

¹⁷⁵ Sien paragraaf 4.3.4.4 van hierdie hoofstuk.

skuldigbevindings.¹⁷⁶ Hierdie beginsel het tot gevolg dat 'n aanklaer by magte is om 'n beskuldigde van soveel misdade as wat hy goed dink aan te kla. Gevolglik kan die beskuldigde aan al die misdade waarvan hy aangekla word skuldig bevind word, mits die misdade uit meer as een handeling bestaan.¹⁷⁷

¹⁷⁶ Sien paragraaf 4.4 van hierdie hoofstuk.

¹⁷⁷ Soos (vn 176) hierbo.

HOOFSTUK 5: SIVIELEREGTELIKE SKADEVERGOEDING EN STAATSKOMPENSASIE

5.1. INLEIDING

5.2. DIE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE MINISTER EN LEDE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE POLISIE DIENS

5.3. KENNISGEWING VAN VOORNEME OM AKSIE IN TE STEL TEEN SEKERE STAATSORGANE

5.4. SKADE VERHAALBAAR VAN DIE MINISTER

5.4.1. Algemeen.

5.4.2. Vermoënskade en nie-vermoënskade.

5.4.2.1. Vermoënskade.

5.4.2.2. Nie-vermoënskade.

5.4.3. Quantum ten aansien van vermoënskade en nie-vermoënskade.

5.4.3.1. Algemeen.

5.4.3.2. Quantum in verband met vermoënskade.

5.4.3.3. Quantum in verband met nie-vermoënskade.

5.4.4. Regspraak ten aansien van vermoënskade en nie-vermoënskade.

5.4.5. Die “Once and for all”-reël.

5.5. SLAGOFFERBEMAGTIGINGSPROGRAM EN STAATS KOMPENSASIE FONDS

5.6. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1. INLEIDING

Anders as strafregtelike vervolging¹ en dissiplinêre aksie² wat teen lede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (hierna “die SAPD” genoem) ingestel kan word, kan sivielregtelike verrigtinge vir die verhaal van skadevergoeding nie net teen ‘n lid nie, maar ook teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit (hierna “die Minister” genoem) ingestel word.³ Alvorens aksie ingestelz die SAPD wat homself skuldig maak aan polisie brutaliteit bepaal word. Die aanspreeklikheid van beide partye word in hierdie hoofstuk ondersoek, waarna die dokument wat ten doel het om siviele aksie teen die Minister in te stel kortliks bespreek word. Verder word quantum ten aansien van skade bestudeer. Laastens, word regspraak geëvalueer waar die hof gelas het dat die Minister skadevergoeding moet betaal aan lede van die publiek weens die onregmatige optrede van lede van die SAPD.

5.2. DIE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE MINISTER EN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE DIENS

Alvorens ‘n kennisgewing, soos hieronder bespreek word, aan ‘n staatsorgaan gestuur kan word, is dit belangrik om te bepaal of die Minister aanspreeklik is en of slegs die lid wat onregmatig opgetree het aanspreeklik gehou kan word. Die Minister se aanspreeklikheid word deur die algemene beginsels van deliktuele aanspreeklikheid⁴ beheer en die normale vereistes vir middellike aanspreeklikheid is dus ook hier van toepassing.⁵ Die vereistes vir middellike aanspreeklikheid is kortliks die volgende: eerstens, moet daar ‘n wergewer-

¹ Sien Hoofstuk 4 van hierdie studie vir ‘n volledige bespreking rondom hierdie onderwerp.

² Sien Hoofstuk 3 van hierdie studie vir ‘n volledige bespreking aangaande die onderwerp.

³ Middellike aanspreeklikheid kan omskryf word as : enige persoon vir wie se skuld ‘n staatsorgaan aanspreeklik is. L. Dicker, Pretoria Bali ‘Aspects of practice, claims against organs of state’ Desember 2003 *Advocate*.

⁴ J. Neethling, P.J. Visser en J.M. Potgieter *Deliktereg* (2010), 27.

⁵ *Masuku v Mdlalose* 1998 1 SA 1 (A) 14-16, *Minister van Polisie v Gamble* 1979 4 SA 759 (A) 765 en *Mlongo v Minister of Police* 1978 2 SA 551 (A) 567.

werknemer verhouding tussen die staat en sy dienaar bestaan,⁶ tweedens, moet die werknemer 'n delik pleeg⁷ en derdens, moet die delikpleger tydens delikpleging binne die perke van sy diensbetrekking handel.⁸ Die toets om te bepaal of 'n werknemer die delik binne sy diensbetrekkinge gepleeg het, is 'n objektiewe toets wat bestaan uit die vraag of daar 'n nou genoeg verband tussen die werknemer se handeling en sy diensbetrekking bestaan.⁹ Die hof het in twee afsonderlike sake, naamlik *K v Minister of Safety and Security*¹⁰ en *F v Minister of Safety and Security*¹¹ bevind dat die staat (Minister) middellik aanspreeklik is vir die verkragting waaraan polisielede hulle skuldig maak.¹² Die staat se aanspreeklikheid word verder gereël deur die bepalings van die Wet op Staatsaanspreeklikheid,¹³ wat ooreenstem met die vereistes vir middellike aanspreeklikheid.¹⁴

'n Lid van die SAPD kan egter persoonlike aanspreeklikheid oploop in die geval waar die lid se optrede neerkom op 'n misdaad. Dit kan ook van 'n lid verwag word om enige skadevergoeding wat die staat namens hom betaal het (vir 'n delik gepleeg deur so lid) aan die staat terug te betaal. Indien 'n polisielid van 'n misdaad aangekla word en die misdaad is nie in verband met polisiewerk nie, kan die lid ook nie staat maak op staatbeskerming nie en sal hy op eie onkoste sy saak moet verdedig.¹⁵

⁶ Daar word geag 'n werkgewer-werknemer verhouding te wees indien daar 'n ooreenkoms tussen die partye is dat een persoon sy werksvermoë teen vergoeding tot beskikking van 'n ander stel op so 'n wyse dat laasgenoemde beheer oor eersgenoemde kan uitoefen. *Rodrigues v Alves* 1978 4 SA 834 (A) 842.

⁷ Neethling, Visser en Potgieter, soos (vn 4) hierbo, 386. *De Welzin v Regering van KwaZulu* 1990 2 SA 915 (N) 921.

⁸ *Minister of Police v Rabie* 1986 1 SA 117 (A) 134.

⁹ *Rabie*, soos (vn 8) hierbo.

¹⁰ 2005 6 SA 419 (KH).

¹¹ 2012 1 SA 536 (KH).

¹² J. Neethling en J.M. Potgieter 'Deliktuele staatsaanspreeklikheid weens polisieverkragting' Augustus 2012 *Linet* Akademiese Jaargang 9(2).

¹³ Wet 70 van 1957.

¹⁴ Hierdie bepalings bestaan uit twee vrae naamlik: Is daar 'n delik gepleeg deur 'n werknemer van die staat en het die werknemer in die omvang van sy diensverpligting opgetree? Indien hierdie twee vrae positief beantwoord word, is die Minister middellik aanspreeklik vir die optrede van sy werknemer (lid van die SAPD).

¹⁵ Soos (vn 13) hierbo.

5.3. KENNISGEWING VAN VOORNEME OM AKSIE IN TE STEL TEEN SEKERE STAATSORGANE

Die instel van 'n siviele geding teen 'n staatsorgaan word gereël deur die “Intstitution of Legal Proceedings Against Certain Organs of State Act” (hierna “die Kennisgewing Wet” genoem).¹⁶ Die Kennisgewing Wet bepaal uitdruklik dat geen regsproses vir die verhaal van skade teen 'n staatsorgaan ingestel mag word, alvorens die betrokke staatsorgaan nie skriftelik in kennis gestel word van die intensie om 'n aksie in te stel nie.¹⁷ Verder moet die kennisgewing op die staatsorgaan beteken word binne ses maande van die datum waarop die eis vir skade ontstaan het.¹⁸ Die kennisgewing moet ook al die feite wat aanleiding gegee het tot die eis duidelik uiteensit. Indien 'n slagoffer van polisie brutaliteit versuim om kennisgewing aan die Minister te gee binne die bovermelde tydperk, is kondonasië moontlik.¹⁹ In praktyk word die kondonasië aansoek saam met die aksie vir skadevergoeding aangehoor en word daar slegs vir kondonasië aansoek gedoen indien die staat opper dat die eiser nie binne die voorgeskrewe tyd die kennisgewing op hom beteken het nie.²⁰

¹⁶ Wet 40 van 2002. Hierdie wet het inwerking getree op 28 November 2002.

¹⁷ Wet 40 van 2002, soos (vn 16) hierbo, artikel 3(1).

¹⁸ Wet 40 van 2002, soos (vn 16) hierbo, artikel 3(2)(a).

¹⁹ Wet 40 van 2002, soos (vn 16) hierbo, artikel 4(a).

²⁰ Persoonlike kommunikasie: Landdros Truter (Landdros van die Pretoria Landdroshof) gesprek gehou te Pretoria op die 12de April 2013.

5.4. SKADE VERHAALBAAR VAN DIE MINISTER

5.4.1. ALGEMEEN

Skade²¹ kan omskryf word as die afname²² as gevolg van 'n skadestigtende gebeurtenis²³ van die nuttigheid of kwaliteit van 'n vermoëns- of persoonlikheidsbelang²⁴ wat dien tot bevrediging van die betrokke persoon se regserkende behoefte.²⁵ Die verskillende persoonlikheidsregte gee 'n aanduiding van die relevante persoonlikheidsbelang en baken die aard en omvang van nie-vermoënskade of persoonlikheidsnadeel af. Persoonlikheidsregte sluit persoonlikheids goed in, wat aspekte van die mens se persoonlikheid insluit, soos goeie naam, eergevoel en waardigheid.²⁶ Dit is juis 'n individu se persoonlikheidsregte wat tydens polisie brutaliteit geskend word, veral waar marteling deur lede van die SAPD betrokke is.

Voordat skade egter tersprake kan wees moet daar aan die vyf elemente van 'n delik naamlik handeling,²⁷ onregmatigheid,²⁸ skuld,²⁹ kousaliteit³⁰ en skade

²¹ Skade sluit meer in as bloot die nadeel waarvoor die reg skadevergoeding gee, aangesien genoegdoening by sekere gevalle van skade tersprake kom. N.J. Van Der Merwe en P.J.J. Olivier *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* (1989) 192. Sien ook P.J. Visser en J.M. Potgieter *Skadevergoedingsreg* (2012), 27.

²² Dui op vermindering wat weer dui op 'n toets of maatstaf om skade te bepaal. Hierdie maatstaf staan bekend as die vergelykingsmetode, waar die posisie voor die gewraakte gebeurtenis vergelyk word met die posisie na die gebeurtenis. J.P. Van Der Walt *Die Sommeskadeleer en die "Once and for All-reël"* (1977), 9. Sien Visser en Potgieter, soos (vn 21) hierbo, 27.

²³ Skade kan net nadeling wees indien dit op 'n sekere wyse veroorsaak is. M.F.B. Reinecke 'Die elemente van die begrip skade' 1976 *TSAR* 34.

²⁴ Sien *Van der Merwe v The Road Accident Fund* (Woman's Legal Centre Trust as Amicus Curiae) 2006 (4) SA 230 (KH), 253 en 254. Sien ook Neethling, Visser en Potgieter, soos (vn 4) hierbo, 98.

²⁵ P.J. Visser en J.M. Potgieter *Skadevergoedingsreg* (2010), 25.

²⁶ J. Neethling *Persoonlikheidsreg* (1998), 45.

²⁷ Onregmatige daad waarmee 'n delik ook beskryf word, dui onder meer aan dat een persoon (die dader) skade of nadeel aan 'n ander persoon (die benadeelde) moet veroorsaak het deur middel van 'n daad of handeling. Van Der Walt, soos (vn 22), 64 en P.Q.R. Boberg I *Delict* (1991), 41.

²⁸ 'n Handeling wat nadeel aan 'n ander veroorsaak, is op sigself nie voldoende om deliktuele aanspreeklikheid daar te stel nie. Benadeling moet ten minste ook op 'n onregmatigheid, dit wil sê op regtens geoorloofde of onredelike, wyse veroorsaak word voor aanspreeklikheid kan volg. *Herschell v Mrupe* 1954 3 SA 464 (A) 485.

²⁹ Daar kan aanvaar word dat skuld (culpa in wye sin) 'n algemene vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid

voldoen word.³¹ Verder moet daar ook 'n verband tussen die onregmatigheid en skade bestaan alvorens quantum bepaal kan word. Alhoewel die begrip “onregmatigheid” en “skade” afsonderlike vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid is, hou die twee begrippe tog verband met mekaar, deurdat die begrippe gewoonlik gepaard gaan met sekere vermoëns- of persoonlikheidsbelange wat versteur word. Gevolglik sal 'n handeling slegs as onregmatig beskou word met verwysing na die skadelike gevolg wat daaruit voortvloei.³² So sal 'n polisiebeampte wat 'n verdagte martel (handeling) laasgenoemde se persoonlikheidsbelang skend (skade veroorsaak) en sal die handeling as onregmatig beskou word.

5.4.2. VERMOËNSKADE EN NIE-VERMOËNSKADE

Vir doeleindes van hierdie studie, is dit moontlik dat aanspreeklikheid in die vorm van middellike aanspreeklikheid kan voorkom.³³ Daarinteen kan 'n persoon slegs skade van 'n ander persoon eis, waar die handeling van die persoon as onregmatig beskou word en waar skade veroorsaak is deur die skending van 'n vermoëns- of persoonlikheidsbelang. Derhalwe word die verskeie vorme skade wat veroorsaak word deur die skending van laasgenoemde belange onder vermoënskade en nie-vermoënskade bespreek.

5.4.2.1. VERMOËNSKADE

Vermoënskade kan omskryf word as die afname as gevolg van 'n skadestigtende gebeurtenis, in die nuttigheid van die vermoënsbestanddeel by die bevrediging

is. In praktyk is dit duidelik dat skuld twee verskyningsvorme omvat, te wete opset (dolus) en nalatigheid (culpa) in die enge sin. Hierdie begrippe dui in die algemeen op die verwytbare gesindheid of gedrag van iemand wat onregmatig gehandel het. J. Burchell *Principals of Criminal Law* (2007) 125, Van Der Merwe en Olivier, (soos vn 21) hierbo, 111.

³⁰ Die veroorsaking van skade deur 'n handeling, oftewel 'n kousale verband tussen handeling en skade is 'n element van 'n delik. 'n Persoon kan dus nie aanspreeklik wees as hy nie die skade veroorsaak het nie. Die vraag of daar in 'n bepaalde geval 'n kousale verband bestaan of nie is 'n feitevraag. *First National Bank of South Africa Ltd v Duvenhage* 2006 5 SA 319 (HHA) 320.

³¹ Sien paragraaf 4.4.1 van hierdie hoofstuk.

³² Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 45

³³ Sien paragraaf 4.2 hierbo, die aanspreeklikheid van die Minister van Veiligheid en Sekuriteit.

van die betrokke vermoënshebbende se regserkende behoefte, anders gestel, is dit die verlies of waardevermindering van 'n positiewe vermoënsbestanddeel ('n bate)³⁴ of die ontstaan of vergroting van die negatiewe vermoënsbestanddeel ('n vermoënskuld).³⁵ Uit die definisie van vermoënskade, is dit duidelik dat verskeie vorme van vermoënskade kan intree.

Eerstens kan vermoënskade onder *lucrum cessans* geklassifiseer word. Hierdie vorm van vermoënskade, beteken letterlik, die verlies aan wins in die verlede,³⁶ maar sluit ook die verlies van wins in die toekoms in. Laasgenoemde ontstaan indien skade na die skadestigtende gebeurtenis manifesteer.³⁷ Met dit in gedagte, sal 'n verdagte wat onregmatig in hegtenis geneem en aangehou word, of waar die verdagte aangerand word deur 'n lid van die SAPD en wat afwesig was van die werk as gevolg van hospitalisasie, geregtig wees om vermoënskade in die vorm van *lucrum cessans* te kan eis. Daarinteen beteken *damnum emerge*, as tweede vorm van vermoënskade, slegs skade wat tot op datum van die verhoor gely is en sal 'n persoon slegs geregtig wees om skade wat voor die verhoor gemanifesteer het te eis.³⁸

'n Derde vorm van vermoënskade, bekend as gevolgskade,³⁹ word soms nie vergoed nie, omdat dit te ver verwyderd is van die skadestigtende gebeurtenis.⁴⁰ Direkte skade, as vierde vorm van vermoënskade, is skade wat direk uit die skadestigtende gebeurtenis voortvloei.⁴¹ Dus, indien 'n verdagte erg aangerand

³⁴ Sluit alle saaklike regte, immateriële goedere regte en vorderingregte in. Dit sluit ook vermoënsverwagtinge, soos toekomstige verdienvermoë in. P.J. Visser *Kompensasie en Genoegdoening, Volgens die Aksie Weens Pyn en Lyding* (1980) 39-40.

³⁵ Staan ook bekend as uitgawes, soos mediese uitgawes. Onder hierdie begrip kan verwagte toekomstige uitgawes ook geklassifiseer word, soos toekomstige mediese uitgawes. Visser, soos (vn 34) hierbo.

³⁶ A.R. Bloembergen *Skadevergoeding* (1992), 28. Soos daarna verwys word deur Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo.

³⁷ Corbett M.M. en Bunchanan J.L. *Quantum of Damages in Bodily and Fatal Injury Cases, Vol I & IV* (1993). Neethling, Visser en Potgieter, soos (vn 4) hierbo, 236.

³⁸ Boberg I, soos (vn 27) hierbo, 476.

³⁹ *Kroonstad West boere Ko-op bpk v Botha* 1964 (3) SA 561 (A) 571.

⁴⁰ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 61.

⁴¹ Ook bekend as onmiddellike skade. *Kroonstad West*, soos (vn 39) hierbo.

word, is die direkte skade mediese onkoste, terwyl die verlies aan toekomstige inkomste, weens hospitalisasie gevolgskaide is.

Die laaste twee vorme van vermoënskade, te wete, algemene- en besondere skade kan van mekaar onderskei word op die volgende wyse: eerstens word algemene skade dikwels omskryf as skade wat regtens vermoed word uit 'n onregmatige handeling volg en wat bloot in die algemeen gepleit hoef te word,⁴² terwyl besondere skade of spesiale skade gewoonlik verwys na skade wat nie aldus vermoed word nie en wat dus spesiaal gepleit en bewys moet word.⁴³ Skadevergoeding vir vermoënskade word dus geëis deur die instel van 'n aksie vir skadevergoeding teen die Minister. Die instel van die aksie gaan gepaard met die "Notice of Intention to Institute Legal Proceedings Against Certain Organs of State"⁴⁴ soos reeds hierbo bespreek.

5.4.2.2 NIE- VERMOËNSKAIDE

Nie-vermoënskade kan omskryf word as die afname deur 'n skadestigtende gebeurtenis in die kwaliteit van die hoogs persoonlike- of persoonlikheidsbelang van 'n regsobjek by die bevrediging van sy regserkende behoefte, welke verandering nie sy ekonomiese posisie raak nie.⁴⁵ Indien die definisie van nie-vermoënskade met die van vermoënskade vergelyk word, is dit duidelik dat vermoënskade gepaard gaan met die vermindering of afname in 'n persoon se positiewe- of negatiewe vermoënsbestanddeel van ekonomiese waarde, terwyl nie-vermoënskade die afname in die persoonlikheidsbelang van 'n regsobjek is wat nie sy ekonomiese posisie verander nie.

⁴² *Graaf v Speedy Transport* 1944 TPD 236.

⁴³ *Philip v Metropolitan and Suburban Railways Co* (1983) 10 SC 52.

⁴⁴ Wet 40 van 2002, soos (vn 16) hierbo.

⁴⁵ *Eduardo v Administrator, Natal* 1989 (2) SA 368 (D) 386. Sien ook Visser en Potgieter, soos (vn 21) hierbo, 103.

Die term “hoogspersoonlike- of persoonlikheidsbelang”, soos vervat in bovermelde definisie, toon dat die verskeie persoonlikheidsregte⁴⁶ ‘n aanduiding van die persoonlikheidsbelang⁴⁷ is. Dit dui dus ook die aard en omvang van die nie-vermoënskade aan.⁴⁸ Soos in die geval van vermoënskade, onderskei ons reg ook tussen verskeie vorme van nie-vermoënskade, welke vorme onder verskeie persoonlike nadele geklassifiseer kan word. Persoonlikheidsnadeel kan weer verdeel word in die fisiese- psigiese sye van die menslike liggaam⁴⁹

Persoonlikheidsnadeel kan eerstens onder *pyn en lyding*, wat alle pyn, liggaamlike en geestelike lyding, ongerief wat veroorsaak is deur ‘n liggaamlike besering, emosionele skok of mediese behandeling (nie die finansiële mediese onkoste nie, maar pyn en lyding as gevolg van mediese behandeling deur die besering) insluit, geklassifiseer word.⁵⁰ Indien die definisie van marteling soos in hoofstuk 4 bespreek, vergelyk word met al die vorme van nie-vermoënskade, blyk dit dat ‘n verdagte wat gemartel word deur ‘n lid van die SAPD moontlik skade sal kan verhaal as ‘n vorm van pyn en lyding. Skade as gevolg van marteling kan derhalwe onder pyn en lyding geklassifiseer word aangesien slagoffers van marteling fisiese- en psigiese lyding ondervind.

‘n Tweede vorm van persoonlikheidsnadeel is *emosionele skok*, wat gewoonlik gepaard gaan met pyn en lyding, maar kan ook verdere nadeel soos slaaploosheid, depressie, histerie of ander psigiese of fisiese siektes tot gevolg

⁴⁶ Sluit onder meer die fisiese-psigiese integriteit (die liggaam van die mens), goeie naam, eer, die gevoelslewe, privaatheid en integriteit in. C.J. Davel en R.A. Jordaan *Personereg* (2006), 17.

⁴⁷ Sluit die reg om vry te wees van 1) pyn, 2) emosionele skok, 3) psigologiese siektes, 4) psigiatriese beserings en 5) liggaamlike lyding in. Sluit ook die in : 1) die vermoë om die lewe te geniet, 2) vry te wees van enige inbreuk op die liggaam self, 3) vryheid van inbreuk op sinlike gevoelens en 4) handhawing van privaatheid. Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 98.

⁴⁸ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 98.

⁴⁹ Neethling, Visser en Potgieter, soos (vn 4) hierbo, 262. Fisies- en psigiese sye van die menslike liggaam moet nie te ver van mekaar verwyder word nie, aangesien die fisiese liggaam en die psigiese deur die brein en senustelsel aan mekaar verbind is. *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van Suid-Afrika Bpk* 1973 (1) SA 769 (A) 779.

⁵⁰ Corbett en Bunchanan, soos (vn 37) hierbo, 40-41. Sien ook H.B. Klopper *Third Party Compensation* (2004), 150. *Hoffa v SA Mutual Fire and General Insurance Co of SA Ltd* 1965 (2) SA 944 (K).

hê.⁵¹ Indien die eiser se emosionele skok van korte duur was, sal skok egter buite rekening gelaat word. Tog verskyn die begrip “skok” dikwels in die lys van items waarvoor kompensasië geëis word met die aksie van pyn en lyding.⁵²

Misvorming, is die derde vorm van persoonlikheidsnadeel en sluit enige ontsiering of skending van die eiser se liggaam in, insluitende letsels, verlies aan ledemate⁵³ en manlikheid.⁵⁴ Misvorming sal voorkom waar ‘n lid van die SAPD ‘n persoon in so ‘n mate aanrand dat die persoon ernstige wonde opdoen aan sy geslagsdele of waar die persoon se wonde van so ernstige aard is dat dit letsels laat of die persoon se liggaam ontsier.

Die laaste vorm van persoonlikheidsnadeel, bekend as *verlies aan lewensgenieting*, kan omskryf word as nadeel wat aanwesig is waar ‘n persoon sy wil of lus om deel te neem aan algemene en besondere lewensaktiwiteite, soos die persoon voorheen kon doen, verloor.⁵⁵ Vergoeding vir verlies aan lewensgenieting kan verhaal word vir verliese reeds gelei en wat waarskynlik in die toekoms ondervind sal word.⁵⁶ ‘n Aksie weens pyn en lyding word gewoonlik ingestel om kompensasië vir persoonlikheidsnadeel van die Minister van Veiligheid en Sekuriteit te eis en word gedoen in ooreenstemming met die vereistes van die “Notice of Intention to Institute Legal Proceedings Against Certain Organs of State”⁵⁷

⁵¹ L. Tager ‘Nervous shock and mental illness’ 1973 *SALJ* 123.

⁵² *Lutzkie v SAR & M* 1974 (4) SA 396 (W), *Muzik v Canzonedel Mare* 1980 (3) SA 470 (K) en *Road Accident Fund v Sauls* 2002 (2) SA 55 (HHA) 61.

⁵³ In die geval van misvorming gaan dit bloot oor die krenking van die estetiese belang in die liggaamsdeel en nie oor die funksionering daarvan nie. Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 103.

⁵⁴ *Eggeling v Law and Rock Insurance Co Ltd* 1958 (3) SA 592 (A), *Solomon v De Waal* 1972 (1) SA 575 (A) 586 en *Pitman v Scrimgeour* 1947 (2) SA 22 (W).

⁵⁵ *Pauw v African Gaurentee and Indemnity Co Ltd* 1950 (2) SA 132 (SWA).

⁵⁶ Reël 18(10) van die eenvormige hofreëls vereis dat waar iemand skade eis vir verlies van lewensgenieting, die eiser onder meer besonderhede van die verlies moet gee, met vermelding of die betrokke ongeskiktheid tydelik of permanent is.

⁵⁷ Wet 40 van 2002, soos (vn 16) hierbo. Sien ook Visser en Potgieter *Deliktereg*, soos (vn 4) hierbo, 16

5.4.3. QUANTUM TEN AANSIEN VAN VERMOËNSKADE EN NIE-VERMOËNSKADE

5.4.3.1. ALGEMEEN

Daar bestaan nie 'n algemene formule vir die berekening van quantum nie, met die gevolg dat dit soms moeilik is om quantum op elke individuele saak te bepaal. Regspraak kan altyd as goeie riglyn dien om te bepaal watter tipe skade en bedrag toegeken moet word in 'n saak.⁵⁸ Quantum ten aansien van vermoëns- en nie-vermoënskade, soos reeds hierbo bespreek, word vervolgens ondersoek en geëvalueer, waarna tersaaklike regspraak bestudeer word.

5.4.3.2. QUANTUM IN VERBAND MET VERMOËNSKADE

Vermoënskade kan verskeie vorme aanneem, te wete mediese en verwante kostes, verlies aan inkomste en verdienvermoë⁵⁹ en verlies van onderhoud uit die liggaamlike besering van die eiser self of besering of dood van 'n ander (soos die broodwinner of afhanklikes van die eiser). Hierdie vorme kan ook aanwesig wees waar daar 'n aantasting van persoonlikheidsregte soos die liggaamlike vryheid, goeie naam en dignitas was.⁶⁰ Alhoewel meeste skadevergoedingseise voortspruit uit die dood of ernstige besering van 'n motorvoertuigongeluk, kan skadevergoeding ook vir dood of ernstige besering, met betrekking tot vermoënskade, in die algemeen geëis word.⁶¹

Vir doeleindes van hierdie studie, word verlies aan inkomste en mediese onkoste weens liggaamlike besering of dood wel bestudeer, aangesien

⁵⁸ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 167 en 192.

⁵⁹ Sien *Kgomo v Road Accident Fund* ongerapporteerde (4643/2010) [2011] ZAGPJHC 107 (8 September 2011) waar die hof ook van die begrip verwys het as “loss of employability”.

⁶⁰ Sien Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 401 en *Evens v Shield Ins Co Ltd* 1980 (2) SA 814 (A) 841.

⁶¹ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 401.

slagoffers van polisie brutaliteit soms liggaamlike beserings opdoen wat lei tot mediese onkoste en gevolglik verlies aan inkomste.⁶² 'n Persoon wat liggaamlike beserings opdoen, is geregtig om skadevergoeding wat redelikerwys nodig is vir die behandeling van die liggaamlike besering, te eis. Skade in die geval van mediese onkoste is 'n feitevraag wat van die omstandighede afhang.⁶³ Toekomstige mediese uitgawes is ook verhaalbaar. Die bedrag van toekomstige mediese behandeling (uitgawes) word deur die hof bereken aan die hand van die omvang daarvan op die datum van verhoor en nie met verwysing na wat miskien jare tevore op die datum van delikpleging gekos het nie.⁶⁴ Met die bogenoemde in gedagte sal 'n slagoffer van polisie brutaliteit, waar hy erg aangerand is, skadevergoeding vir mediese onkoste, reeds aangegaan asook toekomstige mediese onkoste, van die Minister kan eis. In die geval waar die beseerde nie instaat was om te werk of minder inkomste verdien het as gevolg van sy besering, is die beseerde geregtig om skadevergoeding ten aansien van verlore inkomste te verhaal.⁶⁵ Verder kan liggaamlike besering ook veroorsaak dat 'n persoon in die toekoms nie die inkomste kan verdien wat hy sou verdien het as dit nie vir sy besering was nie.⁶⁶ Hierdie onvermoë om inkomste te verdien kan tydelik of permanent wees, derhalwe is die verdienvermoë dikwels moeilik om te bereken, aangesien dit berus op die aannames ten aansien van die toekoms waaroor daar nie werklike feite bestaan nie.⁶⁷ Met die voorafgaande bespreking in gedagte, sal 'n slagoffer van polisie brutaliteit wat weens sy besering nie instaat is om te werk nie, geregtig wees om skadevergoeding vir verlies aan inkomste, insluitende toekomstige verlies aan inkomste, van die Minister te kan eis. Regspraak toon aan watter bedrae toegestaan kan word vir die vermelde vorme van vermoënskade en word later bestudeer.

⁶² Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie vir voorbeelde waar slagoffers liggaamlike besering opgedoen het weens die brutale optredes van polisielede.

⁶³ *Selikman v London Ass* 1959 (1) SA 523 (W).

⁶⁴ *Beverly v Mutual and Federal Ins Co of SA Ltd* 1988 (2) SA 267 (D).

⁶⁵ *Sandler v Wholesale Coal Supplies Ltd* 1941 AD 194.

⁶⁶ *Union and National Ins Co Ltd v Coetzee* 1970 (1) SA 296 (A) 300.

⁶⁷ *Van der Plaats v SA Mutual Fire & General Ins Co Ltd* 1980 (3) SA 105 (A) 113.

5.4.3.3. QUANTUM IN VERBAND MET NIE-VERMOËNSKADE

Wanneer 'n persoon se fisies-psigiese integriteit aangetas word, kan hy skadevergoeding in die vorm van kompensasië eis vir persoonlikheidsnadeel.⁶⁸ Weens die besondere probleme om skadevergoeding vir persoonlikheidsnadeel op 'n billike en voorspelbare wyse toe te ken, is dit belangrik om vorige beslissings in vergelykbare gevalle in ag te neem.⁶⁹ Eise ten opsigte van pyn en lyding⁷⁰ as persoonlikheidsnadeel asook kompensasië vir aanranding, is relevant tot hierdie studie.⁷¹

Pyn en lyding kan onmoontlik akkuraat in geld uitgedruk word, aangesien dit geen natuurlike of egte vermoëns waarde het nie, maar kompensasië in geld waarde is egter moontlik. By die bepaling van 'n geskikte bedrag vir pyn en lyding, gaan dit oor die subjektiewe ervaring van die eiser in samehang met vorige toekennings wat gemaak is in soortgelyke gevalle.⁷² Die subjektiewe ervaring van die eiser word bepaal deur die aard, duur en intensiteit van die pyn en lyding.⁷³

Vergoeding weens persoonlikheidsnadeel as gevolg van aanranding kan geëis word met die *actio iniuriarum*.⁷⁴ Dit sluit opsetlike persoonlikheidskrenking, verontregting, vernedering, minagting ensovoorts in. Die omvang van genoegdoening ingevolge die *actio iniuriarum* word bepaal deur die aard en erns van die aanranding, die vrees wat by die eiser gewek is, die mate waarin hy verneder is weens die aanranding, die motief van die aanrander, die status van

⁶⁸ Sien paragraaf 5.4.2.2 van hierdie hoofstuk.

⁶⁹ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo, 443.

⁷⁰ Soos (vn 61) hierbo.

⁷¹ Sien gevalle van polisiebrualiteit soos bespreek in Hoofstuk 1 van hierdie studie.

⁷² *Marshall v Southern Ins Ass Ltd* 1950 (2) PH J6 (D) 14.

⁷³ Visser en Potgieter, soos (vn 25) hierbo.

⁷⁴ Visser, soos (vn 34) hierbo, 290. *Brown v Hoffman* 1977 (2) SA 556 (NK); *Boswell v Minister van Polisie* 1978 (3) SA 268 (OK).

die eiser,⁷⁵ 'n apologie aan die kant van die verweerder,⁷⁶ vorige toekennings in soortgelyke sake, inflasie⁷⁷ en alle ander relevante feite, in ag te neem. Soos reeds aangedui, is toekennings in vorige soortgelyk regsuitsprake van deurslaggewende belang om quantum in verband met nie-vermoënskade te bepaal. Respraak ten aansien van nie-vermoënskade sal in samehang met regspraak rondom vermoënskade gevolglik bespreek word.

5.4.4. REGSPRAAK TEN AANSIEN VAN VERMOËNSKADE EN NIE-VERMOËNSKADE

In *Greenberg v Minister of Safety and Security*⁷⁸ is 'n Joodse besigheidsman, met status en aansien in die gemeenskap onregmatig gearresteer vir die ontvoering van sy seun. Die ontvoeringsklagte het voortgespruit uit 'n insident waar hy sy seun met vakansie geneem het en nie op 'n bepaalde dag teruggekeer het, soos hy verplig was om te doen, nie. Die hof het gelas dat die status van Greenberg aangetas is deur die onregmatige arrestasie. Gevolglik is R 50 000.00 toegeken aan Mnr Greenberg vir die aantasting van sy *dignitas*. Die Minister is beveel om die vermelde bedrag aan Mnr Greenberg te betaal.

Verder is 'n ene Mnr Pieteron in *Pieteron v Minister of Safety and Security*,⁷⁹ aangerand, nadat 'n groep polisielede sy huis bestorm het. Hy is in sy gesig geslaan en met pepersproei in sy gesig gespuit. Hy is daarna, net in sy kortbroek, uit sy huis gesleep en na die polisiestrasie geneem, waar hy aangehou is. Pieteron is tydens sy aanhouding weer aangerand, maar is die volgende oggend vrygelaat sonder om aangekla te word. Weens die aanranding, het Pieteron wonde aan sy kop, kakebeen en rug opgedoen en het hy gevolglik skadevergoeding van die Minister geëis vir onregmatige arrestasie, onregmatige aanhouding en aanranding. R 60 000 is toegeken aan Pieteron, ten aansien van

⁷⁵ Neethling, soos (vn 26), 133.

⁷⁶ *Maggabi v Mufundityala* 1979 (4) SA 106 OK 110.

⁷⁷ *Ramakulukusha v Commander, Venda National Force* 1989 (2) SA 813 (V) 847 en 849-850.

⁷⁸ Ongerapporteerde, saak nommer: 6165/2008.

⁷⁹ Ongerapporteerde, saak nommer: 1173/2009, [2009] ZAECGHC 65.

die onregmatige arrestasie en aanhouding, terwyl R 120 000.00 toegeken is aan hom ten aansien van die aanranding.

'n Bedrag van R 140 000.00 is aan Mev King toegeken, nadat sy 'n siviele aksie teen die Minister ingestel vir 'n bedrag van R 1 800 000.00, wat pyn en lyding insluit. King het die eis ingestel, aangesien die dood van haar naasbestaande vir haar skade veroorsaak het. King se naasbestaande is aangerand deur 'n polisielid wat gelei het tot 'n oop wond aan die kant van haar kop en kneuswonde aan haar regter bobeen, kneuswonde op haar elmboog, kneuswonde op een van haar borste, kneuswonde op haar rug en oog.⁸⁰ Die hof het die toekenning van R 600.00 (waarde in 2011 is gelykstaande aan R 15 000) in *Bennet v Minister of Police and Another*⁸¹ in ag geneem. In hierdie saak is Bennet ook deur lede van die polisie aangerand. Die toekenning vir aanranding in *Ramakulukush v Commander, Venda National Force*⁸² is ook deur die hof in ag geneem. In hierdie saak het die hof R 15 000.00 (2010 waarde- R 96 000.00) aan Ramakulukush toegeken ten opsigte van algemene skade gelei as gevolg van aanranding deur lede van die polisie.

Khambule is 'n bedrag van R 55 000.00 toegeken weens onregmatige arrestasie, onregmatige aanhouding en aanranding, wat sy *dignitas* aangetas het.⁸³ Khambule het 'n siviele eis teen die Minister ingestel ten bedrae van R 3 715 000.00. Khambule is onregmatig gearresteer en aangerand op 'n aanklag van aanranding van 'n polisielid. Hy is na sy aanranding vrygelaat, sonder om aangekla te word.

In *Ndlazi v Minister of Safety and Security*⁸⁴ het Ndlazi 'n eis ten bedra van R 250 000.00 teen die Minister ingestel vir onregmatige arrestasie, onregmatige

⁸⁰ *King N.O v Minister of Police for the Republic of South Africa*, saak nommer: EL 01/10, Oos Kaap Hoë Hof.

⁸¹ 1980 (5) SA 24 (CPD).

⁸² Soos (vn 77) hierbo.

⁸³ *Khambule v Minister of Police*, saak nommer: 11/05013, Suid-Gauteng Hoë hof.

⁸⁴ Ongerapporteerde, saak nommer: 69480/09, saak aangehoor 2012, Noord-Gauteng Hoë hof.

